

UNISA 1988





Professor Theo Van Wijk

PROFESSOR THEO VAN WIJK

Redaksiekomitee/Editorial Committee

B.J. Liebenberg (*red./ed.*)
J.C.G.J. van Vuuren
E. Pereira
M.H. Stockhoff
D.W. Steyn

Universiteit van Suid-Afrika/University of South Africa
PRETORIA

© 1988 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

ISBN 0 86981 574 1

Geset deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria

Gedruk deur
Printpak, Kaapstad

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria

© University of South Africa
All rights reserved

ISBN 0 86981 574 1

Typeset by the
University of South Africa
Pretoria

Printed by
Printpak, Cape Town

Published by the
University of South Africa
Pretoria

UNISA 1948 – 1988

INHOUD — CONTENTS

DEEL 1 — PART 1

INDRUKKE — IMPRESSIONS

1	Early years	B.J. Liebenberg	3
2	Theo van Wijk in die Departement Geskiedenis			
		C.F.J. Muller	12
3	Historikus en dosent	B.J. Liebenberg	22
4	Die Rektor en die studente	M.H. Stockhoff	27
5	Term of office	Ridley Beeton	35
6	Professor Theo van Wijk as personeelleier	D.W. Steyn	...	38
7	Die Rektor en Unisa se beeld na buite	J.E.M. Verwey	...	46
8	Vriend van die biblioteek	John Willemse	54
9	Cilna van Wijk	Ida van Vuuren	63
10	Die Rektor van naby	J.J. Labuschagne	69
11	Die woordkuns van Theo van Wijk	Elize Botha	76
12	Man van berekening	A.J. Koen	83
13	Persoonlike herinneringe aan Theo van Wijk			
		J.H. van der Merwe	90
14	Theo van Wijk — The man and the university principal			
		S.A. Strauss	96
15	Theo van Wijk — 'n Kort woord van waardering			
		J.C.G.J van Vuuren	104

DEEL 2 — PART 2

TOESPRAKE — 1978–1988 — SPEECHES

1	Onderrigontwikkeling	111
2	In defence of the university	125
3	Die tweede beste	135
4	On teaching	147
5	Die oop universiteit	152
6	Waar staan ons?	163
7	Krugerfees	172
8	The last term	178
9	An illustrated history of South Africa	187
10	The changing face of the university	190
11	Gelykheid in die onderwys	197
12	Technology and higher education: Bane or boon?	205
13	Verwelkoming van nuwelinge	217
14	Vryheid van gesag	220
15	'n Laaste jaar	230

VOORWOORD

HIERDIE BOEK IS 'N HULDEBLYK aan prof.¹ Theo van Wijk wat aan die einde van 1988 aftree as Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika. Die inhoud daarvan val uiteen in twee dele: die eerste deel bestaan uit die indrukke van persone wat oor baie jare nou met hom saamgewerk het; die tweede deel bestaan uit 'n aantal toesprake wat hy in sy tweede en daaropvolgende ampstermyne gelewer het.

Aangesien 'n werk van hierdie aard maklik in 'n vervelige loflied kan ontaard, het ek die medewerkers versoek om so objektief as moontlik oor prof. Van Wijk te skryf. Ek meen dat daar oor die algemeen aan hierdie versoek voldoen is. Waar prof. Van Wijk se deugde soms sterk beklemtoon word, moet in gedagte gehou word dat dit hier gaan om 'n hoogs begaafde persoon wat sy taak met groot toewyding, waardigheid en billikheid verrig het.

Omdat prof. Van Wijk so vlot in die Engelse taal is en so gesteld is op die tweetalige karakter van Unisa, wou die redaksie graag 'n gelyke aantal Engelse en Afrikaanse bydraes opneem. Dit was ongelukkig nie moontlik nie omdat diegene wat oor die jare die nouste met hom saamgewerk het, meestal Afrikaanssprekend was en gevolglik hul bydraes in Afrikaans geskryf het. Die vertaling van hierdie persoonlike herinneringe en beskouings sou ongetwyfeld 'n verlies aan egtheid en individuele styl meegebring het.

In die sewentien jaar wat prof. Van Wijk as Rektor aan die hoof van Unisa gestaan het, het hy 'n groot aantal toesprake gelewer. Sommige van dié wat hy die eerste vyf jaar van sy termyn gelewer het, is in 1980 in *Die Rektor aan die woord / The Principal speaks* gepubliseer. Van dié wat hy in tweede en daaropvolgende ampstermyne gelewer het, is 'n in hierdie boek opgeneem. Die meerderheid van hierdie toesprake is gedeeltelik in Afrikaans en gedeeltelik in Engels en was oorspronklik van tweetalige titels voorsien. Om die omslagtigheid van herhaling te vermy, het ek dit goed gedink om die titels slegs in een taal te gee — en wel in die taal waarmee die betrokke toespraak begin.

Redakteur

PREFACE

THIS VOLUME HAS BEEN COMPILED AS A TRIBUTE to Professor Theo van Wijk, who retires as Principal of the University of South Africa at the end of 1988. Part One of the volume, covering aspects of his life and work, contains the recollections and impressions of those who were closely associated with him; Part Two comprises a selection of speeches and addresses given during his second and succeeding terms of office.

As publications of this nature can easily lapse into a sustained paean of praise, contributors were asked to give their views as objectively as possible. This they have tried to do. If Professor van Wijk's virtues have been highlighted, this is because he is, simply, a greatly gifted person who has carried out his task with dignity, fairness and complete dedication.

Given Professor van Wijk's own fluency in English and his commitment to the bilingual character of Unisa, we should have liked to include in Part One an equal number of articles in English and Afrikaans. As it happened, the persons who worked closely with him over the years have mainly been Afrikaans-speaking, and consequently wrote their contribution in Afrikaans. To have had these largely personal recollections translated into English, would have robbed them of their authenticity and individual style.

In his seventeen years as Principal, Professor van Wijk gave a great number of addresses. Some of those dating from the first five years of his tenure were published in 1980 under the title *Die Rektor aan die woord / The Principal speaks*. Fifteen speeches delivered in the course of his second and succeeding terms of office have been included in the present volume. Most of these were written partly in English and partly in Afrikaans, and were originally supplied with titles in both languages. To avoid awkward duplication I have opted in each case to use only one title, depending on the language with which the article itself begins.

Editor

DEEL 1
PART 1

INDRUKKE
IMPRESSIONS

1

EARLY YEARS

B.J. LIEBENBERG

Professor in the Department of History

THEODOOR VAN WIJK was born at Kuils River on 12 November 1916. He and his twin sister, Girlie, were the youngest of eight children. His father, the Reverend A.J. van Wijk, was twice moderator of the Cape Synod of the Dutch Reformed Church. His mother, Margaret Jemima Murray, belonged to the famous clerical family from Graaff-Reinet.

When Theo was three, his father accepted a call to Franschhoek. In this picturesque village he grew up and completed his school career. His twin sister recalls those years:

I remember vividly the first day Daddy took us to school, barefoot, slate clasped under the arm, a slate pencil sharpened to a point on the back stoep, an eau-de-cologne bottle of water and a sponge. At home Theo had occupied himself with books and by the time he went to school he could read and write both languages; so he went to Substandard B. His school career was successful and he always excelled.

How well Theo van Wijk did at school, is evidenced by the fact that he came first in the Cape Province matriculation examination in 1934.

Even during his school days he gave evidence of considerable literary gifts. A poem entitled “Die koms van die nag”, dating from his matric year, reveals a delight in the magic of word and image. The first four verses read as follows:

’n Aandwindjie dwaal oor die eind’lose velde,
Die sug van die dag wat ter ruste wegdein;
Sy bed is berei van robyn en juwele,
Van goud, perlemoen en deurskynende satyn.

Die wolkies wat dryf word nou skepies van kleure,
Rooskleurig getint deur die son waar hy sak;
Hul seil oor die lugruim wat langsaam verduister,
Of verdwyn in die donk’rende hemelse dak.

Die nag wat kom heers as die dag moet vaarwel sê,
Sluip voort uit die kuil waar hy lank het gerus;
Sy bodes, die skaad’wees, strek verder en verder,
Hul kom om die wêreld tot slape te sus.

Die hemel se tinte versag en verduister,
Vermelt in die grou van die grysheid wat daal;
Die rooi-goud versink in ’n eensame vaalheid,
En ’n loodgryse sluier verdring weer die vaal.

With the aid of bursaries the youngster from Franschhoek proceeded to Rhodes University College in Grahamstown in 1935. He registered for a B.A. degree with History, German, English, Afrikaans-Nederlands and Mathematics as subjects. Initially he had intended majoring in Afrikaans-Nederlands and Mathematics, but later he changed his mind and obtained his B.A. degree in 1937 with distinctions in History III and German III. History was becoming his main interest. Many years later he remarked at a meeting of the Unisa Medieval Association:

I can’t explain how or why or when my interest in history developed — possibly because I liked to read and the University library opened new perspectives I had never dreamt of. At first, and I suppose like many students in their first year, I was captivated by Burckhardt’s Renaissance as the discovery of the world and man — as if the Middle Ages had had no idea of man or the world. But as time went on I was fascinated by the incredible dynamic and inventiveness of the Middle Ages which, I like to think, even more than the rediscovery of the classical heritage, led to the emergence of the modern world ... I can still remember the impression Huizinga’s *Herfstij* made on me.

When the distinctions obtained in his third year earned him further bursaries, he continued his studies in history, and at the end of 1938 completed the examination section of the M.A. degree.

In 1939 he accepted a post as assistant archivist in Windhoek. The first incumbent of this post, he was commissioned to establish an archives depot in South West Africa. Apparently he received little assistance with the organisation of the vast volume of documents. Many years later he said that he was in fact supplied with a typewriter, but that this too resembled archival material. His only assistants were two convicts who were dropped off by the prison authorities every morning and collected again in the afternoon.



The Rev. A.J. van Wijk and family circa 1928. Theo is on the left in the front row.



Theo van Wijk in matric, 1934.



*The five Van Wijk brothers circa 1939.
From the left: Johannes, Theo, Attie, Andrew and Charles.*

Shortly after the outbreak of World War II, the government decided that an archives depot was a luxury it could not afford in wartime and the assistant archivist was transferred to the administrative section. Apparently the work he was required to do there was not altogether to his taste, and in January 1941 he resigned his post and returned to Rhodes University College to qualify as a teacher.

At the end of 1941 Theo van Wijk obtained a first class University Education Diploma. One of his lecturers, Professor Dan M. Morton of the Faculty of Education, gave him the following testimonial:

As Mr Theo van Wijk seems to me a most outstanding entrant to the teaching profession, both on grounds of natural qualifications and of academic accomplishments, I have much pleasure in writing this testimonial in his favour. Mr van Wijk can fittingly be described as having a mind of quite unusual power and acuteness, and a character of unusual maturity and strength. After a very distinguished career in the Arts, he comes to teaching with a maturity and caution and soundness of judgement, a quiet confidence of manner, and an insight into human needs and aspirations that is seldom found in people of his age. He has made an excellent impression in the academic work of the U.E.D. course, and an almost equally impressive start with the work of teaching, where the richness of his academic background, the lucidity of his mind, and the restfulness of his personality augur well for his future success. I should consider any school to which Mr van Wijk is appointed to be extremely fortunate indeed, and I recommend him very strongly and with complete confidence.


During the next three years (1942–1944) he taught at several institutions for higher education, including the Paarl Training College, the Hoër Jongenskool at Paarl and the Hoër Jongenskool at Wynberg. While teaching at these institutions he continued the research for his MA dissertation which he had begun in Windhoek. In 1944 he completed a dissertation entitled “Die ontwikkeling van selfbestuur in Duits-Suidwes-Afrika voor 1915”, and obtained the MA degree *cum laude*.

At the beginning of 1945 he accepted a temporary appointment as a history lecturer at Rhodes University College. During the two years that he held this post, he impressed everyone as an outstanding lecturer. His colleagues not only had a high regard for his ability but found him personally likable.

Mr van Wijk [wrote the head of the Department of History, Professor Michael Roberts, on 30 August 1946] has been a most successful teacher and lecturer; careful, conscientious and thorough. He has always been most willing to lend assistance in the general work of the Department: no one could wish for a pleasanter or more efficient colleague. This is of course no surprise to me, for Mr van Wijk took his B.A. and M.A. in History with me, and I had already had opportunities of observing his work, and getting to know him personally. He was certainly one of the most brilliant pupils I have ever had the pleasure of teaching.

As a colleague [wrote J. Smeath Thomas on 18 October 1946] Mr van Wijk is all that one could desire and is held in great regard both by myself and his colleagues on the Staff of this College ... As a brilliant student, as well as on personal ground, I have no hesitation in recommending him for a University lectureship in History or for a responsible teaching post in a school.

Both Professor Michael Roberts and J. Smeath Thomas would have liked their brilliant young colleague to have stayed on at the Department of History at Rhodes



The first team of Windhoek United Rugby Club in 1940.


Back: A. Pienaar (committee member), T. van Wijk, A. Moss, H. Johl, H. Muller, L. Vosloo, H. Nitsche, P. Theron and T. Niehaus (secretary).

Middle: A. Pretorius (coach), R. Eaton, D. Forsyth (president), D. Theron, dr D.G. Conradie (patron), G. Cloete, J. Nesor (chairman) and C. Strydom.

Front: E. Bierman and H. Gous.

University College. There was no prospect of a permanent post, however, and Theo van Wijk felt that he could not continue indefinitely in a temporary capacity.

At the beginning of 1947 he assumed a teaching post at the Hoërskool Gimnasium in Paarl. Here he learnt about a vacancy for a lecturer in History in the Division of External Studies of the University of South Africa. He applied for the post on 24 May 1947. On 30 June the Director of the Division of External Studies, Professor A.J.H. van der Walt, informed him that he had been appointed to a lectureship at a salary of £550 per annum and had to report for duty in Pretoria on 15 February 1948. This marked the start of a long career at Unisa — a career which took him from the lowest rung to the very top: lecturer, senior lecturer, professor, dean, principal, chancellor.



*The House Committee of Drostdy Hall at Rhodes University College in 1941.
Standing: J. Watson, D.R. Butler, K.H.C. McIntyre.
Seated: J.S. Barnes, Professor D.R. Morton and T. van Wijk.
Inset: I.D. Smith.*

THEO VAN WIJK IN DIE 2 DEPARTEMENT GESKIEDENIS

C.F.J. MULLER

Voormalige Hoof van die Departement Geskiedenis

DIE REKTOR VAN UNISA voltooi vanjaar 'n rekordtermyn van sewentien jaar, maar hy was 24 jaar in die Departement Geskiedenis, 'n vormende periode, wat heelwat lig kan werp op die vraag hoedat hy Rektor geword het. Toe hy in Februarie 1948 op kantoor opgedaag het, was die Departement reeds sedert 1 September 1946 beman. Daar het heelwat gebeur, wat my rede gegee het om sekere gebeurtenisse goed te onthou.

Gedurende die besonder kort somervakansie van 1946–1947 moes ek my doktorale proefskrif voltooi en inhandig. Direk daarna het ek my mondelinge eksamen afgelê. Prof. A.J.H. van der Walt, toe Direkteur van die destydse Afdeling Eksterne Studie van die Universiteit van Suid-Afrika (later die eerste Prinsipaal), was my eksterne eksaminator. 'n Moeilike akademiese jaar — van Januarie 1947 reg deur tot Januarie 1948 — het gevolg. Die leerstof vir al ses B.A.-vraestelle moes betyds opgestel word; en daar was ook reeds 'n nagraadse student. Prof. Van der Walt het aangebied om een vraestel se studiemateriaal voor te berei. Maar hy het verder gegaan en prof. Izak Rousseau (voorheen van die Universiteitskollege Rhodes) tydelik aangestel om nog studiegidse betyds te voorsien. Gelukkig het hy

direkte toesig oor dié eksentrieke kollega behou. Nadat die *Sunday Times* prof. Rousseau se aanskoulike liggaamsoefeninge in sy nagklere in Burgerspark op sy voorblad aangekondig het onder die opskrif "Professor greets the dawn with a gambol on the lawn", was my nuwe kollega se eerste woorde op kantoor Maandagmôre: "Andries gaan my vandag ontslaan!" Maar die Departement Geskiedenis het ook dít oorlewe. Uiteindelik het die eksamenskrifte opgedaag, wat ek eers op 17 Januarie 1948 kon afhandel. 'n Week later is ek getroud.

Dit was die posisie in die Departement Geskiedenis. Hulp was dringend nodig.

Intussen het prof. Van der Walt en ek — sonder verdere advies en sonder 'n onderhoud — besluit om vir Theo van Wijk, M.A., as lektor aan te stel. Daar was sterk kompetisie. Willem de Kock, B.Ed., M.A., D.Phil., was een van twee applikante met doktorsgrade in Geskiedenis. De Kock sou later professor in Geskiedenis aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland en hoofredakteur van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* word, en sou die Stalsprys vir Geskiedenis postuum ontvang.

Volgende op die moeilike begin was die jare 1948 tot 1950 ook nog in alle opsigte 'n onsekere krisisperiode — vir die Departement Geskiedenis, vir die Afdeling Eksterne Studie (belas met die opleiding van eksterne studente wat nie deur private korrespondensiekolleges opgelei is nie), en vir die Unie van Suid-Afrika. Dit was 'n oorgangsperiode van na-oorlogse jare gekenmerk deur stygende lewenskoste en tekorte, na 'n hoogs onsekere toekoms. Daar was stryd op alle terreine van die lewe, plaaslik en landswyd, en 'n hewige stryd in besonder oor die toekoms van die nuwe Afdeling Eksterne Studie in die ou Universiteit van Suid-Afrika wat slegs as eksaminerende liggaam gefunksioneer het. Oor die nuwe tweektalige, veelrassige Afdeling was daar baie verskil van mening. Unieke probleme het unieke oplossings vereis. In Februarie 1948 was Jan Hofmeyr nog Minister van Onderwys. Kort daarna was dr. D.F. Malan aan bewind met 'n nuwe apartheidsbeleid. Ek onthou dat handboeke in die biblioteek vir blankes en vir nie-blankes gemerk is.

Geskiedenis is 'n sensitiewe vak om selfs in die gunstigste tye aan alle rasse- en taalgroepe te doseer. Ons studentegetalle het gegroei, soos ook ons nagraadse studente. Onder die Van der Walt-regime moes die tyd uitgekoopt word om stewige grondslae te lê met relatief min middele. Vertroue in hoë akademiese standaarde moes gevestig word. Aan die Departement van Onderwys moes bewys gelewer word dat formele afstandsonderrig aan werkende studente moes bly voortbestaan en dat veel meer fondse daarvoor beskikbaar gestel moes word.

Theo van Wijk het na die Departement Geskiedenis gekom met 'n uitstekende opleiding in die Europese geskiedenis onder prof. M. Roberts (later 'n internasionale gesaghebbende oor Swede) en hy het die Europese geskiedenis van die begin af behartig. Met sy rustige, objektiewe oordeel en aantreklike styl (wat hy geneig was om verder te poleer) het hy dikwels modelstudiegedigse opgestel wat baie jare onveranderd gebruik kon word. Aanvanklik was dit 'n groot voordeel, maar op die lang duur het dit tog soms 'n ernstige probleem gebring. Toe die

Departement later verplig is om sy studiemateriaal te hersien, het nuwe dosente dit dikwels moeilik gevind om op Theo van Wijk se werk te verbeter.

Dat hy skitterend tweetalig was, het Theo van Wijk 'n groot bate gemaak, nie net vir die Departement Geskiedenis nie, maar ook vir die Afdeling Eksterne Studie. Hy was verreweg die beste persoon wat prof. H.J. de Vleeschauer se studiegids oor die Wysbegeerte behoorlik in Engels kon vertaal. De Vleeschauer was 'n veelsydige geleerde. Hy was op die punt om in Geskiedenis te doktoreer, toe hy as professor in die Wysbegeerte in België aangestel is. 'n Student van die vermaarde Belgiese historikus Pirenne, was hy ook 'n filosoof van wêreldformaat, 'n internasionale gesaghebbende onder andere oor Kant. Vir sy samewerking met die Nazi-bewind is hy deur 'n Belgiese volkshof ter dood veroordeel, maar hy het na Suid-Afrika uitgewyk en, na 'n heftige akademiese rusie, is hy as hoogleraar in die Wysbegeerte en die Biblioteekwese by Unisa aangestel. In Frans en Duits kon hy internasionaal publiseer, en hy kon aan Spanjaarde en Italianers lesings gee. As Vlaming het hy Afrikaans maklik geleer, maar hy het dit dikwels byna onverstaanbaar gepraat. Engels het hy, sover moontlik, vermy. So 'n geleerde was 'n groot aanwinst in dié vroeë stadium by Unisa; maar hy was inderdaad 'n swak kommunikator in albei landstale. Dit was waar Theo van Wijk ingekom het, en so, vermoed ek, het hy met sy rol as kommunikator 'n goeie filosofiese kennis opgedoen.

Nie al die vroeë aanstellings van dosente as hoofde van departemente by die Afdeling Eksterne Studie was volkome suksesvol nie. 'n Aantal was nie opgewasse nie, of kon nie aanpas by die besonder moeilike eise wat die onsekere pioniersjare gestel het nie. Vir Theo van Wijk, veelsydig, skerpsinnig, met 'n rustige gebalanseerde oordeel, 'n uitstekende kommunikator in albei landstale, was daar geleenthede om gou 'n wesentlike bydrae te maak. Ons het met 'n legio van probleme te kampe gekry en het steeds vasgekyk teen 'n hoogs onsekere toekoms. Die korrespondensiekolleges het sterk druk op die regering uitgeoefen dat die eksterne studente wat deur hulle opgelei is, steeds apart geëksamineer moes word; en ook die Universiteit van Pretoria wou sy eie Buitemuurse Afdeling beskerm teen kompetisie van die kant van die Eksterne Afdeling.

Toe ek tydens Julie 1951 tot Junie 1954 as tydelike argivaris vir bronne-navorsing in Noord-Amerika aangestel is, het Theo van Wijk as departementshoof waargeneem. Nou kon hy in alle belangrike komitees sy slag wys en ook as spreker wyer aandag trek. Met die koms van prof. Samuel Pauw as Prinsipaal het hy as voorsitter van 'n belangrike komitee sy woord so effektief gedoen dat die nuwe Prinsipaal hom spesiaal daarvoor lof toegeswaai het.

Onder die Pauw-regime van sestien jaar is die Universiteit van Suid-Afrika stewig gevestig, eers in die middestad en toe op die prominente kampus van Muckleneukrant. 'n Vinnige uitbreiding van personeel het terselfdertyd plaasgevind: in die Departement Geskiedenis is daar 'n hele reeks nuwe dosente aangestel wat later professore geword het. Ek noem net 'n paar. Dr. Marius Swart het gekom om gou weer te vertrek. Dr. F.A. van Jaarsveld het terselfdertyd gekom om later, tesame met Theo van Wijk, hoogleraar te word. Nadat hy onder prof. P.J.



Theo van Wijk toe hy in 1948 by Unisa as lektor in Geskiedenis begin werk het.

van Winter in Groningen afgestudeer het, het Van Jaarsveld met heelwat nuwe idees en 'n groot ywer vir sy vak na Unisa gekom. Tog het Theo van Wijk, steeds sonder 'n doktorsgraad, goed opgeweeg. Ek herinner my dat toe Van Jaarsveld 'n historiese bydrae aan die publikasiekomitee voorgelê het, Van Wijk sy kritiek daarop nie aan die komitee nie, maar baie diplomaties, privaat aan Van Jaarsveld gegee het. Laasgenoemde het dit gewaardeer, die kritiek ter harte geneem, en aan my verklaar dat sy kollega 'n beter historikus as hy is. So het Van Wijk homself gou ook as bekwame vakman bewys. Omdat prof. Van der Walt na sy aftrede as prinsipaal as raadslid by Unisa aangebly het, kon hy as historikus van formaat hom by sekere geleenthede waarderend oor Van Wijk se geskiedkundige vakmanskap uitspreek.

Prof. Pauw het heelwat met die Fakulteit Teologie te doen gehad. Dit is vertel dat Pauw, wat hom een Sondagoggend op kantoor aan die werk bevind het, 'n teoloog van Unisa gebel het om hom iets gepas uit die Bybel voor te lees. Aan sy versoek is voldoen — uit die boek Samuel. Daar was eenkeer onmin in hierdie fakulteit. Dit is aan Van Wijk opgedra om die vrede te herstel. Nadat hy die probleme daar uitgestryk het, het een van die teoloë gesê dat hulle nie geweet het dat daar so 'n goeie Christen buitekant die fakulteit was nie. Dié woorde is waarskynlik apokrief, maar daar is tog 'n goeie element van waarheid in. In elk geval het Van Wijk aansienlike steun in hierdie fakulteit verwerf.

Aan die begin van prof. Pauw se termyn as Rektor het Evert F. Potgieter nog so 'n prominente plek by Unisa beklee dat dit geskyn het asof hy moontlik vise-rektor sou kon word en so 'n hoër status sou verkry. Maar, met die stigting van die universiteitskolleges vir nie-blankes, vertrek hy as Rektor na die Universiteitskollege van die Noorde. Prof. H.J.J.M. van der Merwe het daarna lank op die voorgrond gebly. Hy was 'n bekwame administrateur en het as dekaan van die Fakulteit Lettere belangrike blywende hervormings ingevoer. Maar hy het tog iets kortgekom om nog hoër op sy merk te maak. So is daar steeds, vir 'n bekwame akademiese leier, 'n vakature oopgelaat.

Van Wijk was 'n uitstekende voorsitter wat later as dekaan van die Fakulteit Lettere sy rustige beslistheid gewys het. Hy het vinnig die betekenis van fynere punte begryp en kon dan snel besluit. As senior dekaan het hy verdere prominensie verkry, in so 'n mate dat prof. Pauw hom later as waarnemende Rektor by die Raad van Unisa aanbeveel het toe hy met verlof gegaan het. Dit het nou al hoe waarskynliker geword dat die derde Rektor van Unisa uit die geleedere van sy eie professore aangewys sou word. Van Wijk het teen die end van Pauw se regime, toe dit duidelik begin word het dat laasgenoemde nie meer lank sou aanbly nie, as een van die sterkste kandidate na vore getree. Maar die laaste skof na die rektorskap sou nie 'n kortpad wees nie.

Om die stryd, wat nou ontstaan het, goed te begryp, moet teruggegaan word na die vroeë jare van die Afdeling Eksterne Studie en die Universiteit van Suid-Afrika. Dit was Suid-Afrika in 'n mikrokosmos. Die opleidende Afdeling Eksterne Studie was 'n unieke stigting in Suid-Afrika. Die nuwe verskynsel van 'n veelrassige, tweetalige universitêre inrigting het aanvanklik heelwat kompetisie



Unisa se doserende personeel in 1948.

*Agter: K.D. Venter, F. Ward, T. van Wijk, J.H. van der Merwe, A. van Reenen, C.F.J. Muller,
T. Vorster, N. v.d. W. Lessing.*

*Middel: D. de Villiers, D.H. Cilliers, A.S. Roux, H. Hofmeyr, F.E. Rädcl, J.A. van der Walt,
E.F. Potgieter, W. Davis.*

*Voor: F.M.P. Oosterhof, C.B. Smit, A. Coetzee, M. Schlebush, A.J.H. van der Walt (direkteur),
H.J.J.M. van der Merwe, P.J. Coertze.*

en wedywering uitgelok, want dit het die balans in die akademiese wêreld verstoer. Probleme wat dadelik ontstaan het, sou voortduur, en het gewoonlik sensitief gebly. Die beleid ten opsigte van nie-blanke studente het sedert 1948, met die toepassing van apartheid, 'n ernstige punt van dispuut gebly. Heelwat persone en instansies het daarin belanggestel en openlik, of agter die skerms, geprobeer om druk uit te oefen.

Prof. Van der Walt was lid van die Ossewa-Brandwag en die Afrikaner-Broederbond. Maar hy was nie in die eerste instansie 'n aktivis nie. As student van Friedrich Meinecke, 'n Duitse historikus van formaat, het hy 'n stewige kontinentale benadering tot die wetenskaplike geskiedskrywing gehad. Hy het aan my privaat meegedeel dat ander OB-leiers sy vroeë geskiedenis van die Ossewabrandwag as te objektief beskou het. In sy toepassing van apartheid by Unisa het hy streng op die gelyke beregting vir alle studente aangedring. Van der Walt was 'n senior professor aan die Universiteitskollege van Potchefstroom vir CHO toe hy as Direkteur van Eksterne Studie aangestel is. Sy aanstelling het voortgevloei uit sy intense belangstelling in die formele opleiding van eksterne studente gedurende 1945–1946.

Met Van der Walt se uittrede het Unisa se destydse dekaan van lettere, prof. S.J.H. Steven (toe professor in Klassieke by UOVS) as 'n moontlike opvolger na vore gekom. Daar is min bekend oor die keuse van die tweede Prinsipaal (later Rektor). Prof. Samuel Pauw was 'n ervare navorser in die sosiale wetenskappe en tevore professor in die Sosiologie aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch (waar hy departementshoof was). Van daar het hy na Pretoria gekom as direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Sosiale Navorsing. Met hom het 'n nuwe era aangebreek: die pioniersjare was verby. Pauw was welsprekend, sonder noemenswaardige voorbereiding. Hy was ambisieus en het dus meer dikwels in die kalklig gekom. Dit was duidelik dat Unisa sy tweede hoof weer uit die binnekringe van die Afrikaner-elite getrek het. Dat hy prominent in die Afrikaner-Broederbond was, het gou bekend geword; en toe professionele fondsinzamelaars dit as 'n remmende faktor aan die Raad van Unisa rapporteer, was dit 'n verleentheid vir hom.

Sy gesondheid het later so verswak dat sy opvolger teen 1971–1972 aangewys moes word. Aangesien hy nooit 'n vise-rektor laat aanstel het nie, was daar 'n relatief ope keuse uit Unisa se senior professore. Uiteindelik het die keuse gelê tussen prof. Theo van Wijk en prof. S.I. Malan, dosent in Biblioteekkunde, wat ook reeds vir Pauw waargeneem het. Oplaas, en nadat die meerderheid van die senior dosente hulle formeel, en sterker as tevore, ten gunste van Theo van Wijk uitgespreek het, is hy deur die Raad as die derde Rektor aangewys.

Laat ons, opsommenderwyse, weer nagaan hoe dit gebeur het. Die versperrings en sy vermoë om hulle te oorkom, moet dan langs mekaar opgeweeg word. Die eerste versperring was die gebrek aan 'n doktorsgraad in Geskiedenis; die tweede was die neiging wat soms by hom aangetref is om lank 'n beslissing uit te stel. Maar daarteenoor moet geplaas word sy rustige, gesonde oordeel, sowel as voorsitter van vergaderings as op akademiese gebied; sy vermoë om 'n toespraak wat



*Die Departement Geskiedenis in 1962.
Staande: C.J. Barnard, A.M. Davey en M.C. van Zyl.
Sittende: Prof. F.A. van Jaarsveld, prof. C.F.J. Muller (hoof) en prof. T. van Wijk.*

inslaan, pragtig in albei landstale uit te werk en doeltreffend oor te dra; en sy gawe om sowel met 'n individu as met 'n gehoor te kommunikeer. Hy het twee vermoëns van sy voorgangers gekombineer. Soos Van der Walt kon hy 'n onderhoudende persoonlike gesprek voer en, soos Pauw, kon hy uitstekend tot 'n gehoor spreek. Maar ons moet sy objektiewe, gebalanseerde, regverdige oordeel rakende sensitiewe rassevraagstukke en algemeen menslike verhoudings hoog aanslaan. By Unisa vandag, met sy ongelooflike 100 000 eksterne studente, het hy die vrugte daarvan gepluk. Toe hy in Februarie 1948 in die Departement Geskiedenis opgedaag het, sou ek so iets nooit voorsien het nie.



Prof. T. van Wijk (Rektor) en prof. C.F.J. Muller (hoof van die Departement Geskiedenis) omstreeks 1974.

3

HISTORIKUS EN DOSENT

B.J. LIEBENBERG

Professor in die Departement Geskiedenis

TOE EK IN OKTOBER 1963 in 'n tydelike hoedanigheid by Unisa begin werk het, was daar drie professore in die Departement Geskiedenis: C.F.J. Muller, F.A. van Jaarsveld en Theo van Wijk. Eersgenoemde twee was op grond van hul talle publikasies bekende name in die geskiedeniswêreld. Die derde, prof. Van Wijk, was vir my heeltemal onbekend. In die geskiedkundige vakliteratuur kon ek slegs een artikel van hom vind. In Unisa se jaarboek het ek gesien dat hy nie oor 'n doktorsgraad beskik nie.

Ek het egter spoedig agtergekom dat hierdie beskeie, kalm en hulpvaardige man met die netjiese handskrif sy vak soos weinig ander geken het. Daar was in die Departement Geskiedenis persone wat meer as hy geweet het van bepaalde aspekte van die verlede, maar niemand het so 'n omvattende kennis van sy vak in die geheel gehad nie. Hy kon oor enige denkbare onderwerp in die geskiedenis saamgesels: oor die Europese geskiedenis (wat hy grondig geken het), oor die Amerikaanse geskiedenis, oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, oor die metodologie, die teorie en die filosofie van geskiedenis.

Afgesien van sy omvattende kennis van die geskiedenis het prof. Van Wijk ook

oor etlike ander hoedanighede beskik wat van hom 'n uitstaande historikus gemaak het. Hy kon hom ewe goed in Afrikaans en Engels uitdruk. So behendig was hy in hierdie twee tale dat hy sowel my Afrikaans as die Engels van my Engelssprekende kollegas kon korrigeer. In sowel die gesproke as geskrewe woord kon hy hom vlot en helder uitdruk. As historikus was hy noukeurig, sistematies en gebalanseerd — nooit kras in sy uitsprake nie, nooit neerhalend teenoor andere nie, nooit eensydig in sy siening nie. Teen die muur van sy kantoor in die Presidentsentrum het hy die volgende woorde van Spinoza opgeplak: "I have striven not to laugh at human actions, not to weep at them, nor to hate them, but to understand them."

Prof. Van Wijk se krag as historikus het in die eerste plek in sy kennis van die Europese geskiedenis gelê. Hy was trouens ewe tuis in die Middeleeue, die Renaissance en die Moderne geskiedenis. In die veertiger- en vyftigerjare het hy man-alleen ál Unisa se studiegidse oor Europese geskiedenis geskryf. Dit was baanbrekerswerk en hierdie studiegidse was bowendien so goed dat hulle vir baie jare ongewysig gebruik is. Andere (waaronder ek) het later gedeeltes daarvan herskryf, maar of dit altyd 'n verbetering was, is nie 'n uitgemaakte saak nie.

In hierdie studiegidse het prof. Van Wijk steeds daarna gestreef om die student insig in die Europese geskiedenis te laat kry. Hy het die verskillende vertolkings van die hoofstrominge uitgewys en die student aangemoedig om verder daaroor te lees en na te dink. Hy het nooit van 'n student 'n papegaaiaagtige memorisering van feite en datums verlang nie, maar altyd 'n intelligente vertolking van wat gebeur het — selfs al het die student se vertolking van sy eie verskil.

Na prof. Van Wijk in 1971 rektor van Unisa geword het, het hy nie meer tyd gekry om hom met sy vak besig te hou nie. Tog het hy in die vroeë tagtigerjare gehelp met die beplanning en redigering van 'n driedelige werk oor die geskiedenis van Europa. Hierdie drie boekdele, *Western Europe from the decline of Rome to the Reformation* (redakteurs Theo van Wijk en S.B. Spies), *Europe, 1555–1848* (redakteurs Theo van Wijk en M.C. van Zyl) en *Europe, 1848–1980* (redakteurs Theo van Wijk en M. Boucher), is in 1985 deur Academica uitgegee.

Afgesien van die Europese geskiedenis waarmee hy so deeglik vertrouwd was, het prof. Van Wijk ook 'n goeie kennis van die teoretiese grondslae van sy vak gehad. Dit blyk onder andere uit sy professorale intreerede, *Tussen verlede en toekoms*, wat hy in 1963 by Unisa gelewer het.

Een van die dinge wat herhaaldelik in hierdie intreerede beklemtoon word, is die noue verbintenis tussen geskiedenis en lewe. Prof. Van Wijk is 'n vyand van die antikwariese geskiedskrywing en wil die geskiedenis (of verlede) ten nouste betrek by die lewe (of hede): "Van alle wetenskappe," skryf hy, "is die geskiedenis die afhanklikste omdat hy die naaste aan die lewe staan ... Sy vrae is dié wat die lewe stel, sy antwoorde dié wat die lewe soek." Die soek na waarheid in die verlede moet nooit die band met die lewe verloor nie: "By sommige van ons," skryf hy, "word daardie soek 'n drif, 'n doel op sigself. Maar dan word die terugtrekking in die historiese werksaamheid 'n soort intellektuele askese, word die historiese belangstelling 'n bloot antikwariese belangstelling: die verlede om

die verlede en, nog erger, die vorsing om die vorsing.” Die historikus moet onthou “sy taak is in die laaste instansie opvoedkundig van aard” en daarom moet hy sy kennis diensbaar maak aan die lewe. “As die geskiedkundige die belangstelling van die breë publiek verloor,” skryf hy, “en hom slegs tot die esoteriese kring van sy vakgenote rig, het hy, glo ek, sy bestaansreg verloor.”

Die verlede word, volgens prof. Van Wijk, bestudeer nie ter wille van die verlede nie, maar ter wille van die hede en die toekoms. Die historikus behoort trouens die toekoms altyd in sy agterkop te hê wanneer hy geskiedenis skryf:

Want per slot van sake word ons siening van die verlede ingegee nie alleen deur ons sin vir die hede nie, maar nog meer deur ons hoop op die toekoms. Ons skryf oor die verlede maar nie vir die hede nie, ons skryf in die hede oor die verlede en vir die toekoms. Ons verantwoordelikheid teenoor die toekoms is sterker as enige verpligting teenoor die verlede. Dit kan die verlede nie skeel hoe hy voorgestel word nie; dit kan vir die toekoms van lewensbelang wees hoe die verlede aan hom voorgestel word. Daarom pleeg die apologetiese geskiedskrywing, die eensydige of vervalste beeld, sy grootste onreg nie aan die verlede wat hy in ‘n verkeerde stel nie, maar aan die toekoms wat hy in ‘n verkeerde rigting stuur. Ons hele denke, ons hoop en ons vrees, word oorheers deur die vraag, nie na die huidige stand van sake nie, maar na die toekomstige (hoe dikwels hoor ons nie vandag dat ons ‘n veilige toekoms vir ons kinders moet verseker nie?) en daarom wil die mens weet, nie *wie es gewesen* of selfs *wie es geworden* nie, maar *wie es werden soll*. Ek het reeds op die metodologiese betekenis hiervan gewys, hoe toekomsverwagting ‘n rol in veroorsaking speel. Maar dit moet ook ‘n groot rol in die hele werksaamheid van die historikus speel, en by name in sy vertolkingstaak (p. 15).

Die rol wat die toekoms in alle geskiedskrywing speel, is ‘n onderwerp wat prof. Van Wijk bly interesseer het. In Oktober 1966 lewer hy op ‘n kongres ‘n referaat oor “Die Toekoms as Geskiedenis” (*Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap*, No. 10, Okt. 1967, pp. 110–134). Hierin gaan hy breedvoerig in op die rol wat die toekoms in alle geskiedskrywing speel en teen die einde behandel hy ook die dilemma van die gelowige historikus met Gods hand in die geskiedenis. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit nie die historikus se taak is om Gods hand in die geskiedenis aan te toon nie.

Prof. Van Wijk het groot waardering vir die werk van Johan Huizinga gehad. Hy het die beroemde Nederlandse historikus dikwels aangehaal en by geleentheid verklaar dat hy veel van hom geleer het. Dat hy hom tot Huizinga aangetrokke gevoel het, is nie vreemd nie. Soos Huizinga was hy nie ‘n eng vakspecialis nie, maar ‘n universele gees. Soos Huizinga was hy ‘n ongewone historikus — ‘n soort alleenloper in die wêreld van historici.

Tog het hy by een geleentheid verklaar dat hy nie met ‘n uitspraak van Huizinga saamstem nie. In sy opstel oor “Overheid en Wetenskap” verset Huizinga hom teen die gedagte dat ‘n mens se geloof of lewensbeskouing jou wetenskap beïnvloed. “Het is een fictie,” aldus Huizinga, “dat er een gereformeerde en een agnostische beoefening der wetenschap zou bestaan ...” Hiermee stem prof. Van Wijk nie saam nie. Volgens hom beïnvloed die mens se geloof en lewensbeskouing wel sy wetenskap en daarom is daar so iets soos ‘n Christelike wetenskapsbeoefening en ‘n Christelike universiteit.

Die Christelike siening van die wetenskap en die wetenskapsbeoefening is nie ‘n

Hoërskool Geminasium,
Parrif
24 Mei 1947.

Die Direkteur van Eksterne Studie,
Postbus 392,
Pretoria

waarde Heer,

Steun my wens ek aansoek te doen om die betrekking as dosent in Geskiedenis in die Afdeling Eksterne Studie. Ter verduideliking van my aansoek verstrekk ek die volgende besonderhede.

Ek is te Kentonville gebore op die 12^{de} November 1916 My skoolopvoeding het ek aan die Franschoek Hoërskool ontvang, alwaar ek in 1934 die Senior Sertifikaat in die eerste graad behaal het. Vanaf 1935 tot 1938 het ek aan die Rhodes-Universiteit Kollege studeer. Aan die einde van 1937 het ek die BA graad behaal met onderskeiding in alle my hoofvakke, Geskiedenis en Duits; bykomstige vakke was Engels, Maties en Maselands-Afrikaans. Met behulp van Universiteitstelsels het ek in 1938 my studeer in Geskiedenis voortgezet, in aan die einde van daardie jaar die skryftelike deel van die M.A. eksamen met goeie gevolg afgelê.

In 1939 het ek my 'n aanstelling as Assistent-Argeer te Kranshoek, F.O.A. laat volg. Daar was ek verantwoordelik vir die op- en ooring van 'n selfstandige argeerdepartement in daardie gebied. Toe oorlogsomstandighede die onderbreking van argeerwerkzaamheid en my ooring na die administratiewe afdeling ten gevolge gebied was, het ek in Januarie 1941 my betrekking verlaat om na die Universiteit terug te keer en my in die onderwerp te betrek. In daardie jaar het ek dan ook die Universiteit-Ordenskap (B.A.) in die eerste graad behaal.

Die eerste bladsy van Theo van Wijk se konsep-aansoek vir 'n pos by Unisa. Die finale aansoek is in getikte vorm ingedien.

anachronisme nie ... Word dit verwerp sou in die plek daarvan ander lewensbeskoulike alternatiewe kom (want sonder lewensbeskouing kan die mens nie bestaan nie), van die massiewe kommunistiese ideologie tot by die mite van neutrale, vooronderstellinglose wetenskap in sy honderd, en nog meer, onbevredigende skakeringe (*Die Rektor aan die woord*, Unisa, 1980, p. 38).

Op die gebied van die geskiedskrywing het prof. Van Wijk geen noemenswaardige bydrae gemaak nie. Trouens, in 'n boek oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing sal sy naam nie eens vermeld word nie. Maar in 'n boek oor die onderrig van geskiedenis op universiteitsvlak sal sy naam baie prominent wees.

Hy was 'n uitstaande dosent — een van die beste wat Unisa se Departement Geskiedenis nog gehad het. Ek weet van niemand wat sy taak as dosent met groter toewyding verrig het as hy nie. Hy het uit sy pad gegaan om 'n student — selfs 'n lui en 'n swak student — te help waar hy kon. Die kommentaar wat hy op 'n student se werkopdrag geskryf het, was soms net so lank as die werkopdrag self. Ek het dikwels gesien dat hy sy werk opsy skuif om 'n verdwaasde plattelandse student te gaan wys waar hy die boeke vir 'n werkopdrag in die biblioteek kon vind.

Ek was van mening dat hy in hierdie dinge heeltemal te ver gaan, dat daar immers perke is aan die hulp wat 'n dosent aan 'n student behoort te gee. Maar ek het geweet dat dit geen sin het om met hom daaroor te redeneer nie. Hy het dit eenvoudig as sy plig gesien om studente te onderrig so goed hy kon. Dat dit ten koste van navorsing in sy vak was, het hom nie gehinder nie. "To have taught 100 undergraduates well," het hy by geleentheid geskryf, "to have broadened their minds and sharpened their intellects, has always given me greater pleasure than to have produced one future professor" (*Die Rektor aan die woord*, Unisa, 1980, p. 51).

Prof. Van Wijk se behepthed met die onderrig van sy vak het meegebring dat hy nie tyd gekry het vir navorsing nie. Dit is jammer, want hy het oor al die hoedanighede beskik om 'n groot geskiedskrywer te word. Hy het oor die nodige skerpsinnigheid, noukeurigheid en deurstellingsvermoë beskik. Hy kon objektief na dinge kyk. En hy kon ten slotte maklik en helder skryf.

Die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing se verlies was egter Unisa se wins. Vir 24 jaar het hy met groot toewyding studente in die geskiedenis onderrig — eers as lektor, toe as senior lektor en later as professor. Vir sy studente was hy 'n simpatieke en hulpvaardige leermeester. Vir sy kollegas was hy 'n veelsydige en voortreflike vakman. Almal, studente en dosente, kon veel van hom leer.

4

DIE REKTOR EN DIE STUDENTE

M.H. STOCKHOFF

Registrateur (Akademiese en Studente-aangeleenthede)

LUIDENS ARTIKEL 7 van die Wet op die Universiteit van Suid-Afrika word die Rektor van die Universiteit, na oorlegging met die Senaat, deur die Raad aangestel “en sy bevoegdhele en funksies is dié wat die statuut voorskryf”. Artikel 5 van hierdie statuut bepaal op sy beurt dat die Rektor die hoof-uitvoerende beampte van die Raad en die Senaat is en verantwoordelik is vir die algemene toesig en beheer oor die Universiteit en dat hy ampshalwe lid van alle komitees van die Raad en die Senaat is.

Die aangehaalde twee artikels laat blyk baie duidelik dat die wetgewer nie sy weg daartoe oopgesien het om die funksies en die verpligtinge van die Rektor in detail te beskryf nie. Ook ek kan nie eens naastenby poog om dit te doen nie, maar ek kan wel vertel van die inhoud wat Theo van Wijk verleen het aan die rektorsamp en dan by name dié aspekte daarvan wat betrekking het op sy administratiewe kundigheid en sy omgang met en hantering van studente. Dié twee aspekte is egter só geïntegreerd dat ek nie oor elkeen afsonderlik kan berig nie.

Om terug te keer tot die taakoms krywing van die rektorsamp. Miskien het Theo

van Wijk self die naaste daaraan gekom toe hy in 1982 opgemerk het: “Ek is bly dat baie ander begrip het vir die verantwoordelikheid van die Bestuur en die Rektor by name, ten opsigte van nie net die fisiese nie, maar ook die menslike bates van die Universiteit, van nie net geboue nie, maar ook van menselewens.”

Vir hom is menselewens van die allergrootste belang; menselewens soos verteenwoordig deur sowel die personeel as die studente. Só sien hy die student: “By die Universiteit van Suid-Afrika is die student primêr en sentraal. Die Universiteit ontleen sy bestaan aan die behoefte aan onderrig en aan opleiding van werkende, selfstandige en verwyderde studente; en sy bestaansreg aan die doeltreffendheid waarmee hy onderrig verskaf.”

In die byvoeglike naamwoorde “werkend”, “selfstandig” en “verwyderd” lê Theo van Wijk se benadering tot die Unisastudent opgesluit, want hierdie woorde, in die sin waarin dit gebruik is, ontlok ’n gevoel van simpatie en begrip. Simpatie en begrip beteken egter nie roekelose vergunnings en die willekeurige opheffing van standaarde en billike eise nie: “Students often complain that our standards are too high. Of course our standards are high, but not higher than the standards set by life, and by society.”

In die meer as anderhalf dekade wat ek ten nouste saam met prof. Van Wijk gewerk het, was ek bevoorreg om kere sonder tal getuie te kon wees van sy simpatieke en begrypende hantering van studente. Ek glo vas dat nie ’n enkele Unisastudent of oud-student wat ooit persoonlik met die Rektor in aanraking was, nie geïmponeer is deur die Rektor se hofflikheid, takt en begrip nie, en ook deur sy skerpheid van verstand en sy sonderlinge vermoë om krisis te ontloot en met oplossings na vore te kom. Ter illustrasie hiervan dink ek aan die eerste geleentheid waarby ek aanwesig was toe die nuwe Rektor in 1972 ’n groep van agt ontstoke finalejaars te woord gestaan het. Dié ontmoeting het net na 16h00 in die Rektor se kantoor plaasgevind. Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die agt (sewe dames en een man) op geen onseker wyse nie uiting wou gee aan hulle frustrasie en ongelukkigheid. Maar hoe baklei jy met ’n man wat jou rustig en ongestoord aanhoor, jou swak argumente blootlê en jou gelyk gee ten opsigte van geldige argumente, en dan boonop in jou teenwoordigheid aan die Hoof van die Departement Studentesake opdrag gee om oplossings te kry vir jou ongelukkigheid met betrekking tot sekere sake, terwyl hy onderneem om self aandag te skenk aan bepaalde griewe van akademiese aard?

Een van die agt studente het my twee dae later aan huis kom besoek, nie heeltemal gelukkig met die uitkoms van die onderhoud nie. Ek het die Rektor se oortuigingswerk voortgesit en die betrokke student het aan die einde van daardie jaar ’n lid van die konvokasie van die Universiteit geword!

’n Sinoniem vir “ordentlikheid” is “fatsoenlikheid”, en laasgenoemde beteken wellewendheid, goedgemanierdheid, beskaafdheid en eerbaarheid. Ofskoon ek met huiwering dié woord gebruik, kan ek tog nie anders nie as om die Rektor se optrede teenoor studente met die woord “ordentlikheid” te beskryf. Ek dink in dié opsig het ons almal by hom geleer.

Die Statuut van die Universiteit van Suid-Afrika maak voorsiening vir die



Tydens die afskeid van Adjunk-registrateur L.G. van der Merwe op 3 Desember 1974: Die Rektor en mnr. M.H. Stockhoff is besig om die geskenk oop te maak.

Raadskomitee vir Tugsake. In Unisa se omstandighede is dit veral studente wat eksamenreglemente oortree het wat voor dié komitee verskyn. Hetsy skuldig of onskuldig, vir die aangeklaagde kan sy verskyning voor die komitee niks anders as vernederend en traumaties wees nie. Sakdoeke word opgefrommel, sweet word afgevee en daar word rondgeskuif op die stoel. En dan die rustige, vriendelike stem van die Rektor: “Meneer X, sal u ons vertel wat presies gebeur het toe u Geskiedenis I geskryf het? Nee, u kan gerus sit en gemaklik wees; ons wil net ’n bietjie gesels.” Soms is die getuienis verdoemend, en bemerk ek dan by my kollegas (en by myself!) ’n mate van aggressie, van vyandigheid? Geregverdigde aggressie en vyandigheid, reken ek, want as Unisa se eksamens bevraagteken word, waar beland ons dan? Maar nie van die Rektor se kant af nie; hy gaan nie trap waar daar reeds in die modder gespartel word nie. Menswaardigheid word nie afgekraak nie.

Melding is reeds gemaak van die Rektor se eis dat billike standaarde afgedwing moet word, want Unisa is ’n universiteit “wat dieselfde eise en standaarde stel as enige ander en dieselfde erkenning geniet”. Maar die stel van eise kan nie eensydig wees nie: “When we look back over the past year, our thoughts naturally turn first to our students. For a university is first and foremost a teaching institution. It cannot exist without students *who can expect to be taught*; whatever research it does, can only be done because there are students who have come to it to be taught.” Dit is die belange van die student waarna die Rektor hier omsien, soos hy ook daarvoor waak by ’n ander geleentheid: “The ‘essential’ content of the course of study (in many cases the only content) must be available, to students in their own homes. A variety of other teaching elements are made available, but in the end it is the student who decides which he or she wishes to use. Additional support must be evaluated in terms of its accessibility to students, and of the financial cost to students. It may not be equitable to provide teaching services for some students if they are not available to all of them.”

Theo van Wijk kon argivaris gebly het, miskien Direkteur van Onderwys geword het, maar hy het besluit om by die Universiteit van Suid-Afrika aan te sluit, of, miskien is dit beter gestel om te sê hy het sy lot by dié van die Universiteit ingewerp, want in die veertigerjare was die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika bra onseker. Ek weet dat sy liefde vir wetenskapsbeoefening geen geringe rol in sy besluit gespeel het nie, en ek kan maar net wonder in welke mate die nood van die nie-residensiële student hom beïnvloed het. Dat die Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika trots is op sy studente en hulle prestasies, daarvan gee hy genoeg blyke:

Wat beteken dit om ’n gegradueerde van ’n universiteit te wees en van die Universiteit van Suid-Afrika by name? In die eerste plek en meer as tevore, dat u nou naam- en beelddraers van die Universiteit is. Tot dusver is u aan die Universiteit gemeet, aan die eise en die standaarde wat hy stel. Voortaan sal die Universiteit aan u gemeet word. Want ’n universiteit word altyd aan sy gegradueerdes geken. Ek sê dikwels dat om ’n graad te behaal, altyd ’n onderskeiding is, maar om ’n graad aan die Universiteit van Suid-Afrika te behaal, ’n dubbele onderskeiding is, omdat dit onder die moeilikste omstandighede, dikwels onder die moeilikste denkbare omstandighede, behaal word.



Die Rektor ontvang 'n eredoktorsgraad (D. Ed.) tydens 'n gradeplegtigheid op 18 September 1981. Hier is die Registrateur (Akademies), mnr. M.H. Stockhoff, besig om prof. Van Wijk se skouerband om te hang.

Ten spyte daarvan dat professor Van Wijk Unisa bestempel as “the university of the second chance”, is hy nie bereid om nie-presteerders onbepaald te laat aanbly nie:

All who qualify are welcome at the University, but they cannot be encouraged, or even allowed, to outstay their welcome, to become not only a liability to the State and a burden to the taxpayer, but also an embarrassment to the University. Opportunities cannot be extended indefinitely, and those lacking motivation or the capacity for academic study, have to be refused readmission — but only after due warning and after their circumstances have been taken into account — and even then successful alternative study on the tertiary level may secure re-entry into the University.

Dit is tipies van Theo van Wijk se hantering van studente dat hy hulle omstandighede in ag sal neem, want hy erken die heterogeniteit van die samestelling van die studentekorps: “The University of South Africa is a university across the frontiers, across the frontiers of age and opportunity, across social and economic, and geographical and national frontiers.”

Die Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika vereis uitmuntendheid van sy personeel teenoor studente en hy is altyd ingenome met blyke van waardering van die kant van studente. Hy vertel self van die telefoonoproep van ’n waardeerende vader wat sy dienspligseun by die Universiteit kom inskryf het:

Aan die vader wat my geskakel het, kon ek net sê dat sy ontvangs my nie verbaas het nie. Ons is op diens en diensvaardigheid ingestel. En dit moet steeds ons akademiese en administratiewe dienslewering kenmerk. Ons is diensgeoriënteerd omdat ons ... studentgeoriënteerd moet wees. Studentgerigtheid bly vir my die wesenstrek van afstandsonderrig. En ek is soms geneig om te dink dat vriendelikheid en hulpvaardigheid belangriker is as leerteorieë of didaktiese beginsels.

Prof. Van Wijk se verbintenis tot studentgerigtheid het belangwekkende resultate ten bate van die Unisastudent opgelewer, waaronder die uitbouing van streekkantore, die instelling van besprekingsklasse, die implementering van ’n gerekenariseerde studentestelsel, die daarstelling van ’n studentediensburo en die desentralisering van gradeplegtighede.

Ek het gesê dat dit moeilik is (indien nie onmoontlik nie) om ’n onderskeid te maak tussen Theo van Wijk se rol as administrateur enersyds en sy optrede met betrekking tot studente andersyds, want as hoof- uitvoerende beampte van sowel die Universiteitsraad as die Universiteitsenaat is dié twee rolle in hom as individu geïntegreer.

Dit sou sekerlik geen inspanning wees nie om te skryf oor sy leidinggewende vermoëns as voorsitter van die Senaat en die Uitvoerende Komitees van die Raad en Senaat, die Bestuurskomitee, die Akademiese Advieskomitee, die Sentrale Gebouekomitee, die Interne Begrotingskomitee, keurkomitees en nog vele ander. Maar dit is veel makliker om liever terug te sit en die feite vir hulleself en vir hom te laat spreek, die feite wat die Universiteit se geskiedenis oor die afgelope sewentien jaar aan die lig gebring het. Dit is nie oordrewe nie om dié jare as sewentien goue jare te bestempel.

As administrateur het Theo van Wijk met sy besondere intellek, aanvoeling en



Die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) tydens 'n vergadering op 31 Julie 1978 in Bloemfontein:

Agter: Prof. W.L. Mouton (UOVS), prof. N.D. Clarens (Natal), prof. T. van Wijk (Unisa), prof. T. van der Walt (PU vir CHO), prof. J.N. de Villiers (Stellenbosch), prof. D.J. du Plessis (Wits), en sir Richard Luyt (Kaapstad).

Voor: Prof. E.M. Hamman (Pretoria), prof. E.J. Marais (Port Elizabeth), dr. D.S. Henderson (Rhodes), en prof. G.v.N. Viljoen (RAU).

bestuurstyl ongekeerde hoogtes bereik. Watter een van dié drie het die meeste bygedra tot sy fenomenale sukses as administrateur? Of is dit 'n kombinasie van die drie? As ek terugblikkend 'n antwoord hierop moet verskaf, dan sê ek beslis dat dit 'n samevoeging van die drie is, maar dat sy besondere bestuurstyl deurslaggewend was.

'n Universiteit word nie bestuur nie, 'n universiteit word bedryf, word bedryf deur die deelname van almal wat aan die onderneming verbonde is en daaraan deel het. En aan al die deelnemers, of deelhebbers, moet die geleentheid en die ruimte gebied word om 'n bydrae te lewer, aan sowel administratiewe en vakkundige personeel as aan die doserende ...

Theo van Wijk verlaat ons aan die einde van 1988. Baie wat ná hom kom, sal voortbou op wat hy nagelaat het en die vrugte pluk van bome wat hy geplant het.

5

TERM OF OFFICE

(FOR THEO VAN WIJK: ON LEARNING OF HIS RETIREMENT)

RIDLEY BEETON

Former Head of the Department of English

Mr Principal, Sir,
I knew you as a man
And know you that way
Still

I was almost no more
Than a handful of boy
Though precariously
"Head of English"

You were Professor of History
Then and then the patient
Dean of Arts

I remember one day sitting
In the after-portals of power:
That dread "Staff Committee"
You and a man to be a Minister
Of State

Reviewing what happened
Filling discussion with
The rigour of honesty

I English-speaking suddenly
Did not feel outside: and saw
You, debatingly but loyally,
 I think

On your way to the
Principalship; I never kept
A safe tongue though
An honest one perhaps

And in the end, through
 Your many insights
 And your diffidence
 I thought of you still
Simply as "Professor van Wijk"

.....

For though honour ostensibly
Belongs to titles and high office
Growing respect and stabilizing ties
 Belong only to being
 The man you were
 And have become

Therefore, unhistorically speaking,
 The term of office
 Has not ended
 But begun.



Professor Theo van Wijk with the new crest of Unisa on 16 May 1986.

6

PROFESSOR THEO VAN WIJK AS PERSONEELLEIER

D.W. STEYN

Registrateur (Personeel en Professionele Dienste)

AS DIE GORDYN na afloop van 'n vertoning sak, verlaat die gehoor die saal en gaan normaalweg met hul lewens voort. Wanneer die gordyn aan die einde van 'n leier se loopbaan sak, strek die impak van die wyse waarop hy sy rol vertolk het veel verder. Bewustelik of onbewustelik het hy 'n unieke stempel op sy omgewing afgedruk; sy waardes, sy drome, sy ideale op die saak wat hy dien, afgeëts.

By sy ampsaanvaarding sewentien jaar gelede is personeelsake spesifiek aan prof. Van Wijk opgedra. Hierdie verantwoordelikheid het hy deur die jare met sorgvuldige toewyding en met groot doeltreffendheid uitgebou. Die krag van sy rektorsamp en die trefkrag van sy rol as personeelleier het in die eerste plek op sy persoonlike styl berus.

Besonder treffend was sy nugtere objektiwiteit. Nooit het hy toegelaat dat faktore van sekondêre belang sy oordeel oor 'n saak vertroebel nie. Hy was nie vir ongestaafde gerugte oor personeellede ontvanklik nie. Sy enigste maatstaf was uitnemendheid, hetsy op akademiese, navorsings- of administratiewe terrein. Sy skerp intellek en hoogs ontwikkelde analitiese vermoë het hom in staat gestel om

potensiaal raak te sien en bydraes na waarde te beoordeel. Politieke oortuiging, geslag, ras, kleur of godsdienstige oriëntasie het hom geensins beïnvloed nie, slegs uitmuntendheid. Juis daarom was daar vertroue sonder voorbehoud in sy oordeel en kon die personeel van die Universiteit van Suid-Afrika in 'n atmosfeer vry van agterdog, naywer en seksionalisme gedy.

Sy bykans kliniese objektiwiteit en sobere saaklikheid is gerugsteun deur sy respek vir menswaardigheid van kollegas en ondergeskiktes. Op 26 April 1972 toe hy die Universiteitsadministrasie toegesprek het, het hy onder meer gesê: "Die respek wat die Rektor teenoor u sal betoon, verwag hy ook van u en van u onderling ... Die beeld wat van die Rektor se kantoor sal uitgaan, is een wat die Universiteit as geheel moet uitdra. Ons moet 'n gelukkige en vriendelike en 'n hulpvaardige universiteit wees. En ons sal dit wees." Aan hierdie belofte was prof. Van Wijk getrou. Personeellede, of dit 'n bode of 'n professor, skoonmaker of 'n registrateur was, is met die grootste respek en hofflikheid behandel. Beleefdheid, goeie maniere en selfbeheersing was deel van sy menswees. Dit was nie vir hom nodig om sy misnoeë met vuurwerke te onderstreep, of om andere te hoon, of te verneder nie. As 'n personeellid verbrou het, is hy met ysige kilheid begroet, maar sy waardigheid as mens is ongeskonde gelaat. Prof. Van Wijk het respek afgedwing omdat hy respek betoon het; hy het agting verwerf omdat hy agting oorgedra het.

Agter prof. Van Wijk se koel gereserveerdheid is 'n warm en ope hart. Hy het daarop aangedring om oor die heengaan van geliefdes van personeellede ingelig te word, en het persoonlik sy medelye aan elke personeellid betuig. Elke briefie was afgestem op die besondere omstandighede van die betrokke personeellid, elke woord vol deernis en begrip. Hy kon fyn tussen laksheid, pligsversuim of blote nalatigheid en menslike broosheid of swakheid onderskei. Laasgenoemde het hy met eindelose geduld gehanteer. As 'n personeellid uit onkunde gedwaal het, het hy dikwels gesê: "Ek is jammer vir hom", en dan die reëls so gebug of beleid so uniek vertolk dat 'n haastige en minder toegeeflike Registrateur met ontsteltenis en soms stomme verbasing vervul is. Billikheid en betrokkenheid was die sluitsteen van sy styl, toegeeflikheid en onkreukbare regverdigheid teenoor ondergeskiktes tekenend van sy optrede.

Sy aandag aan detail was oorbekend. Kortlyste is pynlik noukeurig gekontroleer. Aan sy agtergrond as historikus en sy dissipline as argivaris het hy nooit ontkom nie; 'n persoonlike lêer is van agter na voor in chronologiese orde bestudeer, en indien ter sake, is 'n verloflêer deurgewerk en uitgepluis. Wanneer 'n saak aangaande 'n personeellid bespreek is, was hy volkome voorbereid, was daar niks wat sy aandag ontsnap het nie. Sy geheue vir besonderhede is verbasend en hierdie vermoë het die hantering van individuele personeelgevalle baie vergemaklik. Prof. Van Wijk se perfeksionisme het sy vertrouensposisie versterk: dit was algemeen bekend dat geen besluite oorhaastig of impulsief geneem is nie, en altyd net op tersaaklike feite gebaseer was.

Styl alleen maak egter van geen leier 'n groot leier nie. Sukses word bepaal deur die mate waarin styl onlosmaaklik met die leier se effektiwiteit as uitvoerende amptenaar verweef is. Hiermee was prof. Van Wijk besonder suksesvol. Aan sy rol



*Die oorhandiging van Spes in Arduis: 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika
aan die Rektor in 1973: Mnr. J.J. Brits, prof. Van Wijk en prof. M. Boucher.*



*Die oorhandiging van die eerste uitgawe van Unisa Nuus aan die Rektor op 29 Maart 1974:
Mnr. C. Uys, prof. Van Wijk en adv. J.J. Labuschagne.*

as hoof- uitvoerende beamppte van die Raad, ook wat personeelsake betref, het hy hom vreesloos gewy. Van vernuwing en verandering het hy nie weggekram nie. Hy was 'n administrateur *par excellence*, iemand met 'n fyn aanvoeling vir die enorme kompleksiteit van 'n organisasie met die grootte, omvang en diverse samestelling van die Universiteit van Suid-Afrika. Die Universiteit was die eerste in die land om oor die voltydse diens van 'n professionele Direkteur van Personeel te beskik, die eerste wat op groot skaal van pos-evaluasie gebruik gemaak het om die administrasie te orden en interne balans te verseker. Gedurende prof. Van Wijk se diensteryn is 'n salarisindeksstelsel ontwikkel en verfyn. 'n Personeelformule wat tegelykertyd rasionalisasie en die optimering van die gebruik van menslike hulpbronne aanmoedig, is ontplooi. 'n Professionele bedryfsielkundige diens is by die Departement Personeel ingestel, videoprogramme vir opleiding, oriëntering en aftreeseminare ontwikkel. Salaris-aangeleenthede het nie agterweë gebly nie; met die koms van universiteite se outonomie rakende salarisse was Unisa in staat om, met die uitsondering van een rang, die hoogste maksimumsalarisse aan sy doserende en navorsingspersoneel te betaal. Produktiwiteit van sowel doserende as administratiewe personeel het, aan objektiewe kriteria gemeet, dramaties tydens sy diensteryn toegeneem. Diensvoorwaardes is voortdurend opgeknop en verbeter. 'n Tugreglement vir personeel is opgestel. 'n Salarisbedeling vir dienswerkers is daargestel wat deur geen ander universiteit — en min privaat organisasies — geëwenaar kan word. Belangrike bestuursfunksies is op dekane afgewentel en sigbare gestalte en status is aan dié amp verleen. By die implementering van al hierdie veranderinge en vernuwings het prof. Van Wijk 'n leidende en rigtinggewende rol gespeel. Voorstelle en aanbevelings is aan kritiese en noukeurige ontleding onderwerp, aangepas en verfyn op so 'n wyse dat hulle sonder ontwrigting toegepas kon word. Hy het oor die vermoë beskik om orde uit wanorde te skep, om te orden, te rangskik, te struktureer en uiteindelik te implementeer. Sy merkwaardig soepele intellek het hom in staat gestel om 'n wye, bykans ensiklopediese kennis van algemene en personeelbestuur te akkumuleer en toe te pas wat aan hom groot gesag verleen het.


Dit sou onewewigtig wees om slegs prof. Van Wijk se positiewe eienskappe te besing — per slot van rekening is hy 'n mens. Daar was geleenthede dat sy gereserveerdheid aan die ongenaakbare gegrens het. Sy aandrang op 'n kollegiale, wrywinglose en hoogs formele omgewing het min ruimte vir menslike emosie en die ontlading van spanning gelaat. Of sy hoogs gesentraliseerde gesagstruktuur altyd ten goede was, kan miskien gedebatteer word; sy enorme werklading het soms beslissings vertraag.

Nietemin is prof. Van Wijk 'n reus, 'n vaderfiguur. Dit gebeur selde dat soveel gawes van hart en verstand in een mens verenig word as wat dit by hom die geval is. By die afsluiting van die akademiese jaar in 1987 is hy staande deur sy personeel toegejuig, 'n spontane akkolade aan iemand wat met soveel liefde en toewyding gedien het. Meer as enige ander eerbetoning, was hierdie 'n kollektiewe artikulasie van bewondering vir dit wat hy verrig, beliggaam en



Die oorhandiging van 'n boek oor Unisa se broodboomtuin aan die Rektor. Die skrywer is prof. B. Barkhuizen.

uiteindelik gesimboliseer het. Hierdie huldeblyk van die personeel van die Universiteit van Suid-Afrika het alles saamgevat, opgesom, wat daar van professor Van Wijk as personeelleier te sê is.



Die oorhandiging van 'n regspublikasie aan die Rektor op 13 November 1979: Prof. F.J. Bosman, mev. C. Nathan, prof. A.B. Edwards, prof. Van Wijk en prof. W.J. Hosten.

7

DIE REKTOR EN UNISA SE BEELD NA BUITE

J.E.M. VERWEY

Direkteur van die Departement Openbare Betrekkinge

'N **P**OSITIEWE BEELD of gunstige mening wat by die publiek teenoor 'n inrigting bestaan, is die gevolg van goeie betrekkinge tussen die betrokke inrigting en publiek. Die handhawing en uitbouing van goeie betrekkinge is 'n beplande en volgehoue aktiwiteit. Dit is 'n kommunikasieproses en is met alle segmente van die eksterne omgewing gemoed. Ook is dit op die bewerkstelling van wedersydse begrip en welwillendheid jeens die inrigting gemik en welwillendheid van ander is vir elke mens en elke organisasie belangrik.

Die besef van die belangrikheid van eksterne betrekkinge was uit die staanspoor sterk by prof. Van Wijk aanwesig en hy het dan ook direk vir die taak verantwoordelikheid aanvaar en die Departement Openbare Betrekkinge en Ontwikkeling onder sy toesig geneem.

Die aktiwiteite waarmee die Departement hom besig hou, is fondswerwing, oudstudente-aangeleenthede, openbare betrekkinge en noue skakeling met die afdelings wat vir die langtermynbeplanning van die Universiteit en vir die uitvoering daarvan verantwoordelik is.

Dit is 'n belangrike en omvattende taak wat nie sonder die leiding, entoesiasme en hartlike samewerking van die Rektor suksesvol uitgevoer kan word nie. In prof. Theo van Wijk het ons 'n Rektor gehad wat nie alleen volgehoue belangstelling in die werksaamhede van die Departement getoon het nie, maar inderdaad aktief meegeleef het.

Met die inwyding van die eerste gebou, tans bekend as die Theo van Wijk-gebou, gedurende die eeufeesjaar van die Universiteit in 1973, het Unisa fisies werklik sigbaar geword. In die daaropvolgende vyftien jaar het 'n indrukwekkende kampus op Muckleneukrant aan die suidelike ingang van Pretoria verrys wat aan Unisa waardige en doeltreffende huisvesting voorsien. Met verloop van tyd het die Universiteit op inisiatief van prof. Van Wijk sy eie geboue vir die streekkantore in Kaapstad, Durban en Pietersburg aangeskaf en daarmee ook sy sigbaarheid in hierdie sentra verhoog. Die Universiteit is na die studente se drumpel gebring.

Prof. Van Wijk het gedurende sy ampstermyn die fisiese ontwikkeling van die kampus vanaf die inwyding van die eerste akademiese gebou tot met die ontsluiting van die deur van die nuwe biblioteekgebou in Maart 1988 intens meegemaak. Saam met die fisiese uitbouing van die Universiteit het ook die beeld daarvan na buite in aansien toegeneem.

Die groot bydrae wat prof. Van Wijk gelewer het om die beeld van die Universiteit tydens sy dienstermyn uit te dra en te bevorder, kan nie maklik oorskat word nie. Hy het dikwels in die openbaar opgetree en 'n groot verskeidenheid van gehore met sy weldeurdagte boodskappe en kleurvolle woordgebruik beïndruk en geboei. Hy het letterlik by elke geleentheid met woorde geskilder en begrippe uitgebeitel.

Oor die jare was hy 'n gesogte spreker by nasionale en internasionale kongresse, by grade- en diplomaplegtighede, byeenkomste van sakekamers en kamers van koophandel en by die opening-, afsluiting-, inwydings-, vernoemings- en feesfunksies van akademiese en kulturele inrigtings. Minstens 60 000 studente het gedurende sy dienstermyn vanaf 1972 tot 1988 grade en diplomas ontvang. Saam met die gehore by hierdie plegtighede is meer as 250 000 belangstellendes bereik.

Ook het prof. Van Wijk dikwels oudstudente- en studentesaamtrekke, byeenkomste van sakevriende, donateurs en verteenwoordigers van die openbare sektor toegespreek en voortdurend kontak gemaak met ambassades, diplomate en ander oorsese gesante en besoekers. En altyd het hy sy gehore getref met die eerlikheid en opregtheid van sy boodskappe en die keurige aanbieding daarvan.

By die vernoemingsplegtigheid van die Sanlambiblioteek in 1974 laat hy hom soos volg uit:

Die beroep om steun wat vanuit die universiteitswese na die private sektor gaan, is 'n uitnodiging tot vereenselwiging. Die Universiteit van Suid-Afrika, by name, is diep oortuig van die belangrikheid van wat hy doen, en hy doen met vrymoedigheid beroep op die steun van die private sektor vir wat hy doen. Daarmee wil hy graag die private sektor as verteenwoordiger van die gemeenskap betrek by wat hy doen.

By die vernoeming van die Ou Mutual-gehoorsaal in 1974 sê hy:

Die Universiteit van Suid-Afrika het nog nooit en sal ook nooit in mededinging met ander universiteite tree nie. Sy selfopgelegde opdrag is eiesoortig en andersoortig. Eie aard en ander aard kenmerk die Universiteit. Hy gee onderrig aan dié wat 'n universiteit nie voltyds of deelyds kan bywoon nie. Maar juis daarom is die trefgebied en die trefkrag van sy onderrig miskien groter. In menslike sowel as geografiese sin is die trefwydte onbeperk. Hy bereik nie net enkelinge nie, maar gesinne, gemeenskappe, volkere. Hy lei selde vir beroepe op, gewoonlik in beroepe. Hy wil die persoonlike drang na geestelike verruiming bevredig, maar ook die behoefte aan intellektuele vernuwing en uitbouing, aan die versterking en verhoging, in nasionale belang, van die peil van kennis en kundigheid.

By geleentheid van 'n oudstudente-saamtrek in November 1984 in Oos-Londen laat hy hom soos volg uit:

Wat vir my altyd ons grootste prestasie sal wees, is die erkenning wat ons vir verwyderde, selfstandige studente verwerf het. Waar hulle vroeër die stiefkinders van die hoër onderwys was, het die Universiteit van Suid-Afrika hulle uit die skemerlig van verwaarlosing en herderloosheid en miskennig gehaal en 'n plek in die akademiese son gegee. Hulle het tot hulle reg gekom, het 'n eie trotse en ongedeelde tuiste gevind.

By die afsluiting van sy eerste ampstermyn in 1976 sê prof. Van Wijk:

Ek wil graag begin waarmee ek gereeld afsluit: Ook vanjaar is daar baie gepraat, in baie stede, streke en selfs lande. Altyd is daar gepraat namens en oor en ten behoeve van die universiteit; altyd is daar besef dat ook die praat deel van die pligtigheid is, dat in volle vryheid maar met volle verantwoordelikheid gepraat word. Maar altyd keer die praat hierheen terug, hier waar die betrokkenheid setel en waar verantwoording gedoen moet word. Hier moet die laaste praat wees, aan die einde van 'n jaar en van die ampstermyn. Hier moet die praat afgesluit en afgerond word. Want sonder afronding kan daar geen afsluiting wees nie, en die afsluiting rond vanself af ...

Die baie praat vanjaar was 'n praat namens en vir die universiteit. Dit was 'n praat wat nie net die beeld van 'n andersoortige universiteit met 'n eiesoortige taak en wat baie mense, baie groepe en baie volkere wil bereik, wou uitdra nie. Dit was steeds 'n berekende en, na eie insig, 'n verantwoorde praat, wat nie eie of seksionele of ideologiese belang probeer bevorder het nie, maar die belang van 'n universiteit wie se akademiese opdrag nie seksioneel of ideologies gebonde mag wees nie, maar prinsipiële gegrond, om die vryheid van die kennis te bring, nie die gebondenheid van 'n ideologie nie.

Ek wil herhaal wat ek by 'n ander meer informele geleentheid gesê het. 'n Jaar — kalenderjaar, lewensjaar, studiejaar of akademiese jaar — word geken, nie aan die veelheid van sy dae nie, maar aan die volheid daarvan. Wanneer 'n mens by die afsluiting van 'n akademiese jaar kom, moet jy jouself afvra, nie hoeveel dae of weke daar in die jaar was nie, maar hoe vol die dae was en waarvan hulle vol was. Aan die einde van hierdie jaar vra ons, en elkeen van ons ons af: Waarmee het ek, waarmee het ons, waarmee het die universiteit wat ons is, die jaar vol gemaak?


Prof. Van Wijk ken die taak en roeping van die Universiteit van Suid-Afrika en daarom kan hy die andersheid van die Universiteit op die eenvoudigste maar treffendste wyse aan sy luisteraars oordra en 'n blywende indruk nalaat. Sy toesprake het baie daartoe bygedra om die positiewe beeld van die inrigting verder uit te bou en om belangstelling, begrip en vereenselwiging met die Universiteit tot stand te bring. Hy het in sy ampstyd op groot skaal waardering en welwillendheid



Die Rektor oorhandig 'n eksemplaar van Spes in Arduis: 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika aan die Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster, terwyl dr. A.J. Koen, Voorsitter van die Raad, toekyk (12 Junie 1974).



Tydens die oorhandiging van 'n kunswerk op 22 April 1974: Prof. Van Wijk, dr. Anton Rupert, dr. A.J. Koen en dr. F.J. de Villiers.



*Tydens 'n onthaal vir mnr. H.C. Sheath van die Universiteit van New England in Australië:
Prof. H.J.J.M. van der Merwe, mnr. Sheath, prof. T. van Wijk en mnr. J.E.M. Verwey.*

teenoor die Universiteit bewerkstellig. Hy het vir die Universiteit baie vriende gemaak.

Die bydrae wat die Rektor oor sóveel jare tot die uitbouing van die beeld van die Universiteit en tot die verwerwing van goedgesindheid gelewer het, is nie volledig sonder om melding te maak van sy aandeel in die verkryging van die nodige materiële middele vir die ontwikkeling van die Universiteit nie. So laat hy hom byvoorbeeld in Maart 1987 uit voor 'n gehoor van donateurs in Johannesburg:

Ons by Unisa doen wat na ons mening reg is, naamlik om hindernisse tot deelname en tot gesonde interpersoonlike en intergroepverhoudinge uit die weg te ruim, terwyl ons daarop aandring dat gelyke geleenthede met gelyke prestasie gepaard moet gaan, dat gelyke prestasie in der waarheid gelykheid in gehalte beteken.


Die Rektor was altyd bereid om persoonlik betrokke te raak waar dit oor die saakstelling van die Universiteit by donateurs en potensiele donateurs gegaan het. Nooit was opoffering vir hom te veel om tyd in te ruim om met die donateurspubliek van die Universiteit gesprek te voer nie. Sy deur het altyd vir ons donateurs oop gestaan en hy het hulle besoeke besonder waardeur, of dit nou oor ekonomiese en akademiese probleme gegaan het, of slegs 'n welwillendheidsbesoek was. Hy het gereeld waardering betuig teenoor 'n donateur wat ook die opoffering gedoen het om sy bydrae persoonlik te kom oordra.

Die Internasionale Musiekkompetisies (klavier, sang en strykers) wat sedert 1982 deur Unisa in samewerking met Adcock-Ingram, die Departement Nasionale Opvoeding, die SAUK, TRUK, die SAL, Saambou-Nasionaal en die Rupert-Stigting aangebied word, is een van die groot gebeurtenisse op die musiekkalender van Suid-Afrika. Die bydrae wat hierdie kompetisies tot die bevordering van ernstige musiek en van gesonde internasionale verhoudinge lewer, is besonder betekenisvol. Dit is geen oordrywing om te sê dat hierdie kompetisies nooit hulle huidige aansien en status sou geniet het as dit nie was vir prof. Van Wijk se groot entoesiasme, steun en hartlike samewerking nie. Hy was die dryfveer wat die organiseerders aangemoedig en besiel het en tot groot hoogtes gevoer het.

Waardig en indrukwekkend in sy publieke optrede, was prof. Van Wijk egter altyd natuurlik en sonder 'n sweem van hoogmoed. Hy weet hoe om minzaamheid in die omgang te paar met vasberadenheid en deursettingsvermoë en het die Universiteit vir baie jare met groot getrouheid, uitnemende bekwaamheid en opoffering gedien.

Prof. Van Wijk het oor die jare onafskeidbaar deel van die Universiteit geword. Hy was inderdaad die verpersoonliking van Unisa. By die afsluiting van sy loopbaan wat as lektor, senior lektor, hoogleraar, dekaan, waarnemende Rektor en Rektor 'n tydperk van 40 jaar oorspan, weet almal van ons — of dit na 'n jaar, tien of langer was wat ons saamgewerk het — dat die jare vol jare was, maar meer nog, jare vol aan kwaliteit.

'n Meer gepaste eerbetoen om ná 'n leeftyd van diens aan die Universiteit tot sy hoogste amp — dié amp van Kanselier — geroep te word, is nouliks denkbaar.



Die Raad van Trustees van die Universiteit van Suid-Afrika Stigting.
Agter: R. Rutowitz, G.W.H. Relly, J.E.M. Verwey (Sekretaris), dr. F.J. du Plessis,
C. du P. Kuun en A.P. Schutte (Registrateur).
Voor: T.B. Rood, dr. A.J. Koen, dr. W.B. Coetzer (Voorsitter), prof. T. van Wijk en
J.S. Pansegrouw (Registrateur).

8

VRIEND VAN DIE BIBLIOTEEK

JOHN WILLEMSE

Hoof van die Departement Biblioteekdienste

“SO 'N SUMMIERE RETRIBUSIE hoof ons seker vandag nie meer te vrees nie,” sê prof. Van Wijk in sy intrede na aanleiding van 'n anekdote oor Nicolas Cop. Cop is in 1533 tot rektor van die Paryse Universiteit benoem, maar moes vanweë die reaksie op sy intrede na Switserland vlug.

Eers 27 jaar na sy benoeming tot professor in 1961 lê prof. Van Wijk die tuig neer — maar behou selfs daarna nog 'n sterk band met die Universiteit. Pleks van retribusie was daar instemming en hoogagting vir die standpunte wat hy toe en daarna ingeneem en ook uitgeleef het. Weloerwoë. Objektief. Menslik.

Sy intrede, kort na my eie diensaanvaarding, was my eerste kennismaking met prof. Van Wijk en een wat my steeds bybly. As historikus, in sy hoedanigheid as dosent sowel as navorser, was hy aanvanklik 'n aktiewe biblioteekgebruiker. Later, as Rektor, was sy besoeke aan die biblioteek noodwendig weens sy veelvuldige verpligtings minder gereeld. Tog bly hy steeds by uitnemendheid wat ek, by gebrek aan 'n beter woord, 'n boekmens sou wil noem. Iemand wat dus die waarde en belang van die boek en die geskrewe woord besef en waardeer. Met sy agtergrond as historikus en argivaris, maar bowenal as een van die eerste dosente

wat afstandsonderrig in Suid-Afrika begin het, is hierdie voorliefde vir boeke moontlik min of meer vanselfsprekend. Ook dat hy daarby 'n besondere insig in die rol van die biblioteek aan die Universiteit sou hê.

By die eerste van baie biblioteekgeleenthede waarby hy betrokke sou wees, naamlik die vernoeming van die Sanlam-biblioteek op die nuwe Muckleneukrant-kampus, sê hy onder meer:

'n Universiteitsbiblioteek is anders as 'n gewone biblioteek. Sy inhoud is anders, maar ook sy betekenis. In 'n universiteit het die biblioteek 'n bepaalde en 'n heel besondere, trouens 'n sentrale plek. Dit is die senusentrum van 'n universiteit, 'n noodsaaklike vereiste, trouens 'n voorvereiste vir onderrig en navorsing. Dit dien onverpoosd die student — dus die land en al sy mense. 'n Universiteit sonder 'n biblioteek is geen universiteit in die ware sin van die woord nie.

Dit versamel maar dit stel ook beskikbaar; dit bewaar maar dit ontsluit ook. En in ontsluiting en beskikbaarstelling lê die taak en die belangrikheid van die biblioteek. Dit was uit hierdie oortuiging en besef dat die Universiteit van Suid-Afrika vanaf die begin ruimskoots — ruimskoots binne die perke wat beperkte middele gestel het — tot die uitbouing van sy biblioteek bygedra het, sodat vandag, na 'n betreklike kort tyd oor 'n voorraad van nagenoeg 450 000 boeke, 42 000 gebonde tydskrifte, 5 000 grammofoonplate en bandopnames, en 20 000 mikro-reproduksies beskik word ...

Ek het gesê dat 'n universiteitsbiblioteek iets anders as 'n gewone biblioteek is. Maar dan is hierdie 'n universiteitsbiblioteek iets anders onder universiteitsbiblioteke.

Dat die biblioteek met al sy tak- en streekdienste, wat later meer toepaslik as die Departement Biblioteekdienste bekend sou staan, binne vyftien jaar na hierdie geleentheid in omvang meer as sou verdubbel en tot een van die belangrikste en mees diensgerigte biblioteke in die land sou ontwikkel, is tot 'n groot mate aan sy belangstelling, begrip en ondersteuning te danke.

'n Universiteitsbiblioteek is per definisie 'n navorsingsbiblioteek en met beperkte fondse kry dosente se behoeftes gewoonlik voorkeur. Studente moet dikwels maar self 'n plan maak om benodigde literatuur te bekom. Met die omvang en verspreidheid van Unisa se studentetal, kon die behoeftes van studente nooit agtergestel word nie. Danksy die Rektor se morele steun en met die nodige finansiële insette, is 'n afsonderlike studieverzameling, met takke in ses stede, vir voorgraadse en gerigte onderrig uitgebou. Posversending het vereis dat honderde eksemplare aanbevole boeke aangekoop moes word — maar met die immer stygende getal studente was daar altyd 'n behoefte na meer boeke en beter dienste. Gevolglik is geëksperimenteer met die gebruik van mikrofiche, 'n telefoonantwoorddiens en tans met Beltel, terwyl die rekenaar toenemend ingespan is om werksaamhede te bespoedig en kommunikasie te verbeter.

Reeds in 1967 het Unisa die eerste universiteitsbiblioteek geword wat van sy werksaamhede, naamlik die uitleenadministrasie, gerekenariseer het en danksy die ondersteuning van prof. Van Wijk en die Universiteitsbestuur het die biblioteek op dié gebied ook steeds op die voorpunt gebly. Met die Universiteit se oorskakeling na 'n eie Burroughsrekenaar gedurende die sewentigerjare, is die bestaande leen- en studieverzamelingstelsels ook met die nodige aanpassings en verbeterings oorgedra. Mettertyd is 'n nuwe rekenaarstelsel by die datavangs

ingespan totdat, na 'n diepgaande ondersoek, die ideaal verweselik is om 'n eie intydse stelsel, ALIS, in 1982 in gebruik te neem. Alhoewel die oorskakeling na dié Amerikaanse stelsel aanvanklik heelwat probleme opgelewer het, kon katalogus-inligting vir die eerste keer doeltreffend beskikbaar gestel word — tot dusver binne die biblioteek alleen, maar binnekort deur middel van die interne netwerk, aan enige terminaal in die Universiteit wat op die netwerk ingeskakel is. Danksy 'n spesiale toekenning behoort die inligting oor die half miljoen boektitels wat tans nog in die ou kaartkatalogus verskyn, binne die volgende drie jaar ook gerekenari-seer te wees. Teen daardie tyd sal die Departement Rekenaardienste hopelik ook 'n eie biblioteekrekenaarstelsel in oorleg met die biblioteekpersoneel ontwikkel het, wat aan Unisa se besondere vereistes sal voldoen. Dit sal grootliks bydra om die biblioteek se ideaal om die beste diens moontlik vir sy gebruikers te verskaf, te verweselik.

Elkeen van hierdie ontwikkelings het addisionele finansiële eise gestel. Steeds was prof. Van Wijk bereid om na voorstelle te luister, het hy tyd gemaak om te luister. In 'n haastige besluit het hy hom nie laat indwing nie. Alle aspekte moes behoorlik uitgepluis word. Wanneer hy homself van die meriete laat oortuig het dat dienste aan studente werklik koste-effektief verbeter kon word, was hy egter steeds bereid om sy steun daaraan te gee.

Namate die basiese voorsiening vir studie en onderrig 'n bevredigende peil bereik het, kon geleidelik meer aandag aan die uitbou van die navorsingsver-sameling gegee word. Unisa se navorsing is grotendeels gerig op die geesteswe-tenskappe, waarvoor die biblioteek dikwels die enigste of belangrikste navorsings-bron is. Dit het prof. Van Wijk deeglik begryp. Die toename in dosente, navorsings-institute en nagraadse studente en die instel van nuwe kursusse het steeds meer gespesialiseerde behoeftes vir inligting en navorsingspublikasies tot gevolg gehad. Die Rektor het deurgaans simpatiek gestaan teenoor versoeke van die biblioteek en die Biblioteekkomitee om vakversamelings en tydskrifintekeninge uit te brei en fondse is volgens vermoë beskikbaar gestel.

Die versameling het dan ook steeds vinniger gegroei. Dit het nagenoeg twintig jaar geduur voordat die biblioteek oor 250 000 boeke beskik het. Sewe jaar daarna in 1976, is die halfmiljoen merk bereik en in 1980 is die 750 000ste boek toegevoeg. Skaars vier jaar daarna was prof. Van Wijk weer eens in die biblioteek aan die woord:

Ek het die voorreg gehad om 'n hele aantal mylpale in die jongste geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika te beleef, maar ek weet nie of daar enige ander mylpaal is wat vir my persoonlik soveel bevrediging verskaf het as hierdie deelname aan die ontvangs van die miljoenste boek in ons biblioteek nie. Die biblioteek bly vir my die hart en die kern van die onderrig- en navorsingsfunksie van enige universiteit.

Die waarde van 'n navorsingsbiblioteek lê egter nie soveel in die omvang as in die aard en gehalte daarvan nie. Oor die jare is 'n aantal spesiale en argiefversamelings bekom, wat vanweë hul unieke aard tot die biblioteek se waardevolste besittings gereken moet word. Naas die Van Schaik- en die Hesse-versamelings van Africana, het die Unisa-argief, die Verenigde Party-argief en die Dokumentasiesentrum vir



By geleentheid van die oorhandiging van prof. D. Ziervogel se boekery aan Unisa se biblioteek op 6 Oktober 1978: Prof. John Willemse (hoof van die Departement Biblioteekdienste), mev. Julia Ziervogel en mev. en prof. Van Wijk.

Afrikanistiek met die steun van prof. Van Wijk tot stand gekom. Sy persoonlike hulp by die werwing van donateurs was dikwels deurslaggewend en het onder andere daartoe gelei dat die Departement Nasionale Opvoeding die Frederick Wagener-versameling in permanente bruikleen aan die Unisa-biblioteek afgesaam het. Hy was ook altyd bereid om tyd in te ruim, om persoonlik dankie te sê wanneer 'n waardevolle skenking in ontvangs geneem moes word.


In 1974 het die geleentheid hom voorgedoen om die Katedraal-biblioteke van die Church of the Province of South Africa te Bloemfontein en Umtata aan te koop. Hierdie versamelings is in die negentiende en twintigste eeu deur die onderskeie biskoppe byeengebring en verteenwoordig hul teologiese en algemene belangstellings. Alhoewel die koste 'n aansienlike hap uit die boekbegroting sou neem, het prof. Van Wijk besef dat hier 'n geleentheid was om 'n groot aantal belangrike publikasies wat nog ontbreek het, vir Unisa te bekom en die aankoop is goedgekeur.

Oor die jare het prof. Van Wijk dus 'n direkte aandeel in die totstandkoming van 'n navorsingsversameling gehad wat nie alleen deur Unisa-studente en -dosente nie, maar deur navorsers van oor die hele wêreld benut word.

Wat prof. Van Wijk by uitstek begryp en ondersteun het, is dat 'n biblioteek meer is as bloot 'n goed-geordende versameling boeke, tydskrifte en ander inligtingsbronne. 'n Verskeidenheid gespesialiseerde biblioteek- en inligtingsdienste moet aan studente, dosente en navorsers gelewer word. In die sestigerjare is 'n baanbrekersweg ingeslaan met die aanstel van 'n beskeie aantal vakreferente. Gedurende sy rektorskap groei die span tot meer as dertig ervare bibliotekarisse en assistente, baie met gevorderde akademiese kwalifikasies in 'n verskeidenheid vakrigtings, wat navorsers op 'n persoonlike vlak behulpsaam is. Benewens die doelgerigte uitbou van die vakversamelings waarvoor hulle verantwoordelik is, is hul hoofsaak om benodigde inligting aan die navorser te verskaf, en in besonder om vas te stel watter inligting oor 'n bepaalde navorsingsonderwerp gepubliseer is. Vir dié doel is 'n bibliografiese apparaat in gedrukte sowel as rekenaaromatige vorm opgebou waardeur met 'n groot mate van sekerheid vasgestel kan word watter publikasies oor nagenoeg enige onderwerp verskyn het. Die vakreferensiediens speel tans 'n sleutelrol in die biblioteek se diens aan navorsers en is deur etlike ander universiteite nagevolg.

Die groei van die versamelings en die gepaardgaande toename in gebruik het daartoe gelei dat die biblioteekruimte steeds uitgebrei moes word. Gedurende 1982 is 'n verdere 2 100 vierkante meter, wat oorspronklik deur die Departement Produksie en Versending beset is, vir die biblioteek beskikbaar gestel. By die formele ingebruikneming op 5 Oktober 1982 het prof. Van Wijk aangedui dat, ten spyte van die optimale benutting van die ruimte deur gebruikmaking van kompaktusrakke, die gebou binne vier jaar gevul sou word en het hy bygevoeg:

Ek huiwer om te sê dat hierdie vergrote en aangepaste biblioteek egter nog nie die laaste woord spreek nie. In die toekoms sal al hierdie behoeftes steeds toeneem en die eise wat aan die biblioteek gestel word, hoër word. Om steeds 'n beter en doeltreffender diens te lewer, sal dit voortdurend geëvalueer en aangepas moet word. Om hierdie doelwit te realiseer, is daar reeds



Die Rektor saam met mnre. Jan en Hans van Schaik van Van Schaik Boekhandel by geleentheid van die oorhandiging van 'n skenking aan Unisa op 22 Februarie 1983.

in beginsel goedgekeur dat daar nie, soos aanvanklik beplan, in die toekoms by die huidige biblioteekgebou aangebou sal word nie, en word daar in die langtermyn gedink aan 'n nuwe, doelmatige (aanvanklik meerdoelige) gebou wat vir die veranderde omstandighede en behoeftes voorsiening sal maak.

Die besluit om nie aan te bou nie, is een van die bestes wat geneem kon gewees het, aangesien andersins op langtermyn, benewens die aanbouing, 'n tweede biblioteek van gelyke omvang opgerig sou moes word. Die oorspronklike weerstand teen die gedagte van 'n algeheel nuwe biblioteekgebou, hoofsaaklik omdat die bestaande biblioteekgebou vir alternatiewe gebruik ongeskik geag is, is danksy die Rektor se tussenkoms oorbrug. Dwarsdeur die beplanningsfase in die bouprojek het hy met raad en daad bygestaan en die manjifieke gebou wat op 25 Maart 1988 amptelik in gebruik geneem is, sal getuienis wees van sy insig en belangstelling in die Universiteit se biblioteekdiens. Of dit in die behoefte tot die jaar 2011, soos oorspronklik beplan, sal voldoen, is iets wat slegs die tyd sal leer.

Vanweë prof. Van Wijk se besondere belangstelling in die biblioteekwese, is hy gedurende 1978 deur die destydse Minister van Nasionale Opvoeding as een van die weinige nie-bibliotekarisse tot lid van die Nasionale Biblioteekadviesraad benoem, 'n funksie wat hy tot ontbinding van dié Raad in 1982 beklee het. As akademikus het prof. Van Wijk 'n besondere bydrae gelewer tot die werksaamhede van die NBAR.

Die totstandkoming van die Interuniversitêre Biblioteekkomitee as 'n vaste komitee van die Komitee vir Universiteitshoofde in 1975, was 'n belangrike ontwikkeling wat gemik was op nouer samewerking en koördinasie tussen universiteitsbiblioteke. Prof. Van Wijk het van 1977 tot einde 1984, toe hy volgens die reëls van die KUH nie weer daarvoor in aanmerking geneem kon word nie, die voorsitterskap van dié komitee behartig. Onder sy wyse leiding het die komitee besondere aandag geskenk aan verskeie aksies om deur samewerking beter biblioteekdienste te verseker, onder andere die koöperatiewe uitbou en instandhouding van tydskrifintekenings, die eenvormige implementering van die Sansoestelsel soos van toepassing op universiteitsbiblioteke en 'n eenvormige benadering tot wederkerige toelating van ander universiteite se dosente en nagraadse studente.

Prof. Van Wijk het veral 'n belangrike bydrae gelewer by die totstandkoming van 'n beleidsdokument wat nog vir baie jare rigtinggewend vir die ontwikkeling van universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika behoort te wees — naamlik "Die rol van die biblioteekdiens aan die universiteit". Dit is tot 'n groot mate aan prof. Van Wijk se insette te danke dat hierdie dokument deur die KUH aanvaar is as 'n riglyn vir die ideale rol wat die biblioteek behoort te speel in die onderrig-, navorsings- en gemeenskapsdiens-aktiwiteite van 'n universiteit.

Sedert die Nasionale Biblioteekadviesraad begin het met sy ondersoek na die wenslikheid van gerekenariseerde dokumentbeskrywing tot die totstandkoming van Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk (Sabinet) in Februarie 1982, het prof. Van Wijk hierdie poging nougeset gevolg en gesteun. Hy is dan ook verkies tot voorsitter van Sabinet se Raad en Uitvoerende Komitee — nou reeds



Prof. John Willemse bespreek die planne van die nuwe biblioteek met prof. Van Wijk.

vir 'n derde termyn — en dra so steeds daartoe by dat die Suid-Afrikaanse biblioteekwese vir die uitvoering van sy taak beter toegerus word. Binne vyf jaar is 52 lede, wat die grootste biblioteke in die land insluit, met Sabinet se databasis van byna 4 000 000 bibliografiese rekords en 2 500 000 besitsmeldings gekoppel. Voorsiening is onlangs gemaak om kleiner biblioteke volgens behoefte te laat inskakel en agtien biblioteke het reeds op dié basis assosiaatlidmaatskap aanvaar. 'n Volledige omskakeling van die aangepaste Amerikaanse rekenaarstelsel om bevredigend in die Suid-Afrikaanse behoeftes te voorsien, word reeds getoets en behoort volgende jaar geïmplementeer te word. Die feit dat prof. Van Wijk bereid is om soveel van sy waardevolle tyd aan hierdie saak af te staan, beklemtoon hoe belangrik hy die biblioteekwese ag.

As bewys van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese se hoë agting vir sy belangrike en onbaatsugtige bydrae op die gebied is SAIBI se hoogste toekenning, naamlik dié van erelidmaatskap, aan prof. Van Wijk toegeken.

9

CILNA VAN WIJK

IDA VAN VUUREN

“ **W**AT 'N INNEMENDE MENS!” Dit was my eerste gedagte toe ek haar in 1964 ontmoet het. Trouens, dit is die reaksie wat Cilna van Wijk ontlok by enige mens wat met haar in aanraking kom. Hierdie eerste indruk versterk namate jy haar beter leer ken, want sy het ook die gawe om haarself beter kenbaar te maak.

Cilna het op Potchefstroom as een van drie kinders grootgeword. Haar vader, prof. F. Labuschagne, was hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Reeds in haar gelukkige en harmonieuse ouerhuis en later ook as student in Maatskaplike Werk, het haar vorming en skoling as rektorsvrou begin.

Die invloed van haar ouers, 'n baie sterk pa en 'n insiklike ma, vind later weerklank in haar karakter. Sy is 'n ideologie-aanhanger en neem sterk standpunt in. As sy besluit het iets werk, dan werk dit! Al sal sy later agterkom sy is miskien nie heeltemal reg nie, het sy 'n deursettingsvermoë wat vir sommige mag grens aan koppigheid.



Prof. en mev. Van Wijk.



*Prof. en mev. Van Wijk saam met die direkteur van die Pretoriase Technikon,
dr. D.J.J. van Rensburg, en mev. E. van Rensburg (11 Februarie 1981).*

Die jong student het die B.A.- en B.A. Honneursgrade in die Sosiale Wetenskappe albei met lof behaal. Sy is in 1950 as junior lektrise in die Departement Sosiologie by Unisa aangestel. In 1952 tree sy in die huwelik met Theo van Wijk, 'n kollega. Twee seuns en 'n dogter is uit die huwelik gebore.

Sy verwerf 'n beurs van die SA Sake- en Beroepsvrouevereniging om 'n studie te doen oor die werkende vrou. Dit lei tot die verwerwing met lof van die M.A.-graad aan die Universiteit van Pretoria in 1969.

Sedertdien het Cilna heelwat praatjies en lesings gehou in verband met verskeie aspekte van die getroude vrou in die beroepswêreld. Die opleiding en voorbereiding van die jong dogter vir haar taak in die samelewing bly steeds een van haar groot belangstellings.

Cilna het altyd 'n baie gemaklike en vrymoedige styl met mense gehad en maak steeds maklik kontak. Volgens studentevriende het sy vroeg reeds leiereienskappe geopenbaar waar sy aktief deelgeneem het aan studentebedrywighede.

Sy is 'n persoon met baie ruimte — gemoedsruimte en te veel hartsruimte. Gemoedsruimte omdat sy nie nougeset of preuts is nie — sy kan baie toegeeflik wees vir menslike swakhede. Hartsruimte omdat sy erg is oor mense. Boonop het Cilna 'n mooi sin vir humor wat meebring dat sy by tye vir haarself kan lag.

Lojaliteit is een van haar baie sterk eienskappe. Selfs as rektorsvrou is sy nie só besig om nuwe vriende te maak dat sy haar ou vriende vergeet nie.

Die spreekwoord "a friend in need, is a friend indeed" is baie waar, maar so ook die uitspraak van Barry Humphries: "Friendship is tested rather in the thick years of success than in the thin years of struggle." Selfs vandag nog hou sy voortdurend kontak met haar skool- en studentevriende.

Van die opvoeding van haar kinders het sy groot erns gemaak. Daar word vertel dat sy eendag haar kleuterseuntjie se hare wou laat sny. Soos dit maar met kinders gaan, het dit hom nie geval nie en het hy ten aanhore van 'n bekende opvoedkundige-sielkundige wat toevallig ook in die haarkappersalon was, heftig en luidkeels geprotesteer. By die huis aangekom, het Cilna die professor gebel om te verneem watter advies hy as opvoedkundige aan 'n ouer sou gee in so 'n situasie.

Hierdie nougesette erns wat betref haar kinders se vorming het goeie vrugte afgewerp — vandag is aldrie gebalanseerde volwassenes wat steeds kan put uit die wysheid van 'n toegewyde moeder.

In Maart 1953 het professor A.J.H. van der Walt, destydse Direkteur van Eksterne Studies aan die Universiteit van Suid-Afrika, 'n vergadering byeengeroep van eggenotes van doserende personeellede. Die doel was om planne te oorweeg vir die insameling van fondse vir die meubilering van die personeelkamer in die nuwe Universiteitsgebou (later die A.J.H. van der Walt-gebou in Skinnerstraat).

'n Fondsinsamelingskomitee is gestig met mev. Sophie van der Walt as voorsitter en Cilna van Wijk as sekretaresse. 'n Rommelverkoop, 'n dans en 'n kamermusiekaand is gereël. Met 'n £1 vir £1-bydrae van die Raad, kon die nodige teen 1955 aangekoop word. Toe die Personeelkamerfondskomitee ontbind is, het die dames met die verkoping van tee en verversings tydens vakansieskole voortgegaan ter stywing van die boufonds.



Mev. Cilna van Wijk en mev. Ida van Vuuren (18 Julie 1988).

Die behoefte aan 'n sosiale klub het sterk na vore gekom tydens die saamwerkingsessies en in Mei 1956 is die Unisa-Damesklub gestig met mev. Eunice Pauw, eggenote van die pas aangestelde Rektor, as eerste voorsitster en mev. Cilna van Wijk as vise-voorsitster. In 1958 word daar besluit dat die rektorsvrou ampshalwe die presidente sou wees en dat die voorsitster deur die lede verkies sou word. Sedertdien het Cilna die Unisa-Damesklub in verskeie hoedanighede gedien — ook as voorsitster, en sedert 1972 as presidente, en het sy haar bewustelik en met groot sukses daarvoor beywer om die beeld van Unisa uit te bou.

Afgesien van haar vol program as rektorsvrou, kon sy nog altyd tyd inruim vir liefdadigheid, vandaar haar betrokkenheid by gemeenskapsdiensorganisasies soos FAMSA, die Kindersorgvereniging en Kontak.

Die komitees waarop sy gedien het of tans nog dien, is die volgende:

Vroueburo, Pretoria (voorsitster),
 Kindersorgvereniging, Pretoria (voorsitster),
 FAMSA, Pretoria (erepresidente),
 Raad van die Pretoria Technikon,
 Beheerraad van die Pretoriase Hoër Handelskool,
 Tuesday Forum (presidente),
 Kontak (hoofbestuur en vise-presidente van die Pretoria-tak), en
 Unisa-Damesklub (presidente).

Sy tree dikwels op as spreekster oor onderwerpe rakende die vrou in die moderne samelewing, en was ook lid van die radioprogramspan "Huis en Haard" wat vir sewe jaar weklíks op die Afrikaanse diens uitgesaai het.

Van haar artikels oor die Sosiologie het onder andere in die volgende tydskrifte en boeke verskyn:

RSA 2000 (1980)
Handhaaf (1978)
Skakels (1978)
Die Vrou ('n ensiklopedie, 1979)
Venster op die Huwelik (PU vir CHO, 1982)
Venster op die Gesin (PU vir CHO, 1983)

Die dinge wat vir Cilna van Wijk aanspreek en vir haar saakmaak, is om medelye te hê en hulp te verleen aan mense wat emosioneel of materieel hulpbehoewend is. Sy is een van diegene van wie Kahlil Gibran gesê het:

Daar is diegene wat met vreugde gee en daardie vreugde is hulle beloning. Deur die hande van sulke gewers spreek God en deur hulle oë glimlag Hy met die aarde.

As eggenote neem Cilna haar plek met grasia langs prof. Van Wijk in — nie te na aan hom nie, want die sipres en eik groei nie in mekaar se skaduwee nie.

As Rektorsvrou was dit 'n voorreg om haar te ken en met haar saam te werk. As mens verdien sy die hoogste waardering en as vriendin is dit maklik om haar lief te hê. Haar toewyding en arbeid sal nog lank in die toekoms 'n nawerking hê.

Mag Hy wat oor menslike lotgevalle beskik, haar meetsnoere in lieflike plekke laat val.

10

DIE REKTOR VAN NABY

J.J. LABUSCHAGNE
Assistent van die Rektor

OMDAT THEO VAN WIJK as mens so groot is, is dit moeilik om hom van naby te beskou. Wat dit nog moeiliker maak, is dat hy van nature 'n alleenloper is wat daarvan hou om tussen bekendes te wees, maar nie graag vreemdelinge naby aan hom laat kom nie. Hy is 'n geslote mens vir sover dit sy eie persoon aangaan. Hy praat nie oor homself nie en diegene wat naaste aan hom staan, weet dikwels nie wat in hom omgaan nie. Vreemdelinge kan selfs die indruk kry dat hy koud en afsydig is, maar dit is hy allermins, soos almal kan getuig wat die voorreg het om hom van naby te ken.

Elkeen van ons beleef en waardeer 'n ander mens op ons eie manier. Ek kan geweldig baie dinge sê oor dié man wat bygedra het om die lewe vir my sinvol te maak. Tog is dit nie moontlik om die dinge so te sê dat dit vir almal wat hom ken, dieselfde betekenis inhou nie. Prof. Van Wijk het 'n invloed uitgeoefen op elkeen met wie hy in aanraking gekom het — soms op so 'n subtiele wyse dat dit moeilik is om te beskryf. Ek skryf dus oor hom soos ek hom leer ken en beleef het. Een ding wat ek egter nie poog om te doen nie, is om sy mees uitstaande kenmerk te probeer vaspen. Hy het trouens nie net een uitstaande kenmerk nie, maar vele en

dit is moeilik om hulle in 'n prioriteitsorde in te dwing. Wat plaas 'n mens byvoorbeeld eerste — sy wysheid, sy menslikheid, sy intellek, sy charisma of sy integriteit?

Om met sy wysheid te begin, want êrens moet begin word. Wysheid is moeilik om te omskryf. Dit word nie weerspieël in 'n enkele optrede nie, maar in 'n leeftyd van dinge op 'n bepaalde manier doen. Dit omvat meer as kennis en insig. Dit is eerder daardie “rare and inexplicable gift of genius ... moral and intellectual” waarvan John Morley skryf. Hierdie gawe het prof. Van Wijk in staat gestel om elke saak in volle perspektief te sien en implikasies raak te sien waaraan niemand anders gedink het nie. Selfs op gebiede waar 'n mens nie besondere kundigheid by hom verwag het nie — finansiële adviseurs moes soms kopkrap om antwoorde op sy vrae te kry, en dan kom hy dikwels self met die antwoord vorendag terwyl hulle nog dink. Dit het ook gebeur dat prof. Van Wijk en ek oor die oplossing van 'n probleem of die benadering tot 'n bepaalde vraagstuk verskil het. Dan het ons daarvoor gesels, soms lank daarvoor gepraat, en die saak uit elke moontlike hoek bekyk. En hy het geluister na wat ek sê, want hy het van my verwag om te sê wat ek oor die saak dink — nie wat ek dink hy graag wil hoor nie. Ons het die saak aanhou argumenteer totdat ons saamgestem het oor die optrede wat moet volg. Gewoonlik was hy reg en het hy my oortuig. Nooit het hy gesê ons doen 'n ding op 'n bepaalde manier omdat hy die baas is en dit so wil hê nie. En wanneer ek hom oortuig het dat my benadering die beste was, dan het hy sonder huiwering so gesê en hom ten volle daaraan toegewy om die saak deur te voer. So het hy met elkeen om hom gemaak, en ook nie nagelaat om krediet te gee waar dit toekom nie. Hy is nie die soort mens wat in die geheim met 'n ander se kalwers ploeg nie. En sou sake nie verloop soos verwag is nie, het hy volle verantwoordelikheid vir die besluit op hom geneem en homself nie probeer verontskuldig deur te kenne te gee dat die idee iemand anders s'n was nie.

Prof. Van Wijk het die raad in Spreuke 4: 6–9 aanvaar en die belofte daar is ook in hom vervul. Salomo skryf:

Maak die wysheid jou metgesel,
dit sal jou beskerm;
as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar;
Die wysheid kom eerste.
Sorg dat jy wysheid bekom,
gee alles wat jy het, om insig te kry! ...
Slaan dit hoog aan,
dan sal dit jou aansien gee.
Dit sal jou 'n man van betekenis maak as jy dit vasgryp.
Dit sal jou lewe versier,
dit sal vir jou 'n sierlike kroon wees.

Nou verwant aan sy wysheid, is sy skerp intellek wat altyd bereid is om van reeds gebaande weë weg te beweeg na die vreemde en onontginde. Hy het sake vir homself uitgemaak en min van wat hy oor universiteitsbestuur weet, het hy in boeke gelees. Hy dink oorspronklik en werk 'n saak logies in al sy konsekwensies uit. Hy sien verbande tussen sake raak, beide wat groothede en besonderhede



Mnr. W.J. Wentges van Siemens oorhandig 'n geskenk aan die Rektor tydens die opening van die POT-telefoonstelsel op 6 Oktober 1976.

betref. Omdat hy 'n perfeksionis is, gaan die kleinste besonderheid hom nie verby nie. Op 'n keer was hy in Kaapstad en daarna in Windhoek toe 'n dringende omsendbrief aan die personeel gestuur moes word. Ek het die omsendbrief opgestel en sy handtekening onderaan laat druk. Met sy terugkeer 'n week later sê hy vir my dat hy opgemerk het dat hy 'n omsendbrief uitgestuur het en dat 'n komma op die derde bladsy ontbreek. Sederdien maak ek seker dat 'n komma nooit ontbreek nie. Sy vermoë om 'n manuskrip te proeflees terwyl hy 'n ingewikkelde verduideliking volg, is 'n voorbeeld van sy skerp verstand.

As mens is prof. Van Wijk 'n toonbeeld van sterkte, kalmte en terughoudendheid. Stil, sonder groot behoefte aan gesels — beslis nie iemand wat sy tyd met kletspraatjies verwyd — maar wanneer hy praat, is sy menings altyd oorwoë en het elke woord wat hy sê betekenis. In sy toesprake, wat hy self skryf, het hy hom bewys as meester van die geslypte woord, soos 'n voorsitter van die Raad van die Universiteit dit op 'n keer uitgedruk het. Hy is ook bedagsaam in sy omgang met mense. Geen brief gaan onbeantwoord nie. Meeste skryf en onderteken hy self, party skryf ek en hy teken hulle, maar dan is daar ook dié wat hy skryf en ek teken. Wanneer enigiemand in sy kantoor stap, staan hy altyd op, groet en skenk sy volle aandag aan wat jy sê. Geen saak is te gering vir hom nie en hy dring daarop aan dat sy kantoordeur vir almal oop staan — soms tot ontsteltenis van sy sekretaresse wanneer mense sonder afspraak ingenooi word kort voor die aanvang van 'n afspraak wat lank tevore reeds bevestig is. Omdat hy in die welsyn van mense belang stel, word niemand wat met hom wil praat, ooit wegge wys nie. Hy is ook altyd bereid om met iemand wat 'n probleem het die tweede myl saam te stap. Hy word ook nooit kwaad nie, soms wel teleurgesteld, veral as hy meen dat 'n personeellid se optrede tot nadeel van die universiteit of 'n student strek. Maar selfs dan is sy eerste reaksie om vas te stel wat gedoen kan word om die fout reg te stel. Eers daarna sal hy wanneer die personeellid nie self tot ander insigte gekom het nie, hom op 'n diplomatieuse manier tereg wys.

Hy is 'n beskeie mens wat homself nooit op die voorgrond stel nie — tewens ongemaklik is wanneer almal se aandag op hom gefokus is. Dit kos stryd om hom voor 'n kamera te kry en toe hy op versoek van 'n skilder 'n paar keer moes sit vir 'n skildery vir die raadsaal, het hy dit onnodig gevind om weer te gaan nadat sy gesig klaar geskilder is. Ek moes toe maar met sy toga aan gaan poseer. Sy ampstoga trek hy net aan vir gradeplegtighede en intreeredes van professore, en hy weier steeds om sy Orde vir Voortreflike Diens by iets anders as 'n amptelike staatsplegtigheid te dra. Van die meeste van die ere-toekennings wat deur verskillende instansies aan hom gemaak is, het ons vir die eerste keer in die koerant gelees of van te hore gekom toe die toekenningsdatum in sy dagboek aangeteken moes word.

Die ampswoning is sonder pretensie gemeubileer en veral die studeerkamer, waar hy feitlik nag-vir-nag tot lank na twaalfuur sit en werk, is eenvoudig en beknopt. Dit is, soos prof. Van Wijk self, 'n toonbeeld van beskeidenheid.

Wanneer 'n mens in prof. Van Wijk se teenwoordigheid kom, is jy dadelik bewus van sy sterk persoonlikheid. Hy dwing eenvoudig respek by almal af — sy



*Die Rektor aan die woord tydens 'n gradeplegtigheid in Paarl op
30 April 1976.*

minderes en sy gelykes. Baie kom soek raad by hom en meeste aanvaar graag die leiding wat van hom uitgaan. Ek het hom leer ken as 'n man wat daarvan bewus is dat sy besluite 'n invloed op ander se lewens kan hê — en dat hy nooit sulke besluite ligtelik mag neem nie. Tussen hom en sy personeel was daar 'n verhouding van wedersydse respek. Hy het eenkeer vir my gesê dat hy 'n gevoel van geborgenheid ervaar wanneer hy tussen die personeel beweeg — en geborgenheid beteken vir hom om sonder bevraagtekening aanvaar te word.

Vir sy vakansie gaan prof. Van Wijk graag na sy strandhuis by Keimond naby Oos-Londen. Daar onderneem hy lang wandelings op die strand en tel hy stukke uitgespoelde dryfhout op. Die hout skuur hy versigtig af om interessante vorms en patrone te vorm. Sy honde, eers Kaiser toe Prins en nou Baron, stap saam. Ek het 'n sterk vermoede dat hy baie probleme wat hom gekonfronteer het, daar vir die honde "vertel" het en in die formulering van die probleem, die oplossing gevind het. (As ons soms maar saam met die Weimaraners kon geweet het in watter rigting hy dink.) Hy lees ook graag — selfs *cowboy*-boeke. Dit natuurlik benewens die jongste in die Letterkunde en die Geskiedenis, wat hy lank doseer het, en die koerante, waar hy nooit nalaat om vas te stel wat die sterre voorspel nie. Wanneer die tyd dit toelaat, gesels hy oor wêreldgebeure en ander plaaslike sake van die dag.

Hy het 'n kostelike sin vir humor. Self vertel hy min grappe, maar as hy vertel, is dit 'n juweel wat jou laat skater. Dan is hy ook lief om te terg. Toe hy uitgenooi is om saam met die senior burgers van Pretoria aan 'n staptog om die Presidentswoning deel te neem, herinner sy sekretaresse hom daaraan dat hy op die bestemde dag reeds oorsee sal wees en vra sy hom of ek nie maar in sy plek moet gaan nie. "Nee," was sy antwoord, "netnou voltooi Lappies nie die roete nie en steek hy Unisa in die skande!" Tydens 'n ander oorsese besoek sluit hy 'n brief aan ons af met die woorde: "Julle moet lekker, en Lappies soet, bly!" Eendag toe die Britse ambassadeur by hom kom eet, bid die Rektor in Afrikaans en draai daarna na die ambassadeur en sê: "You know, Sir David, I can't speak to God in English."

So deur die jare kom 'n mens agter wat prof. Van Wijk se gewoontetjies beteken. Jy weet dat as hy prontuit "nee" sê, is hy gewoonlik bereid om verder oor 'n saak te gesels — dikwels omdat hy besig is om duiwelsadvokaat te speel. Maar fluit hy 'n toonlose deuntjie deur sy tande en sê hy: "Ek sal daarvoor dink" — dan is dit finaal nee en taboe om die saak weer te opper. Dieselfde deuntjie kondig ook die einde van 'n onderhoud aan — dan moet jy rede kry om te loop want daar is nie meer sake om te bespreek nie. Wanneer 'n mens in sy kantoor kom en hy stap op en af agter die komiteetafel dan weet jy hy is gespanne — gewoonlik voor 'n belangrike toespraak of ander openbare optrede — en wil hy nie graag gepla wees nie.

Alle mense het ander mense nodig om tot volle mens te kan ontwikkel. Soos elkeen wat naby prof. Van Wijk gestaan het, is ek hom dankbaar vir die geleentheid wat hy my gegun het om onder sy leiding inhoud aan my taak en daardeur ook verdere sin aan my lewe te gee.



Prof. T. van Wijk saam met mnr. A.W.G. Champion en mnr. J. Strydom tydens die ingebruikneming van die Durbanse Streekkantoor op 8 Oktober 1973.

11

DIE WOORDKUNS VAN THEO VAN WIJK

ELIZE BOTHA

Professor in die Departement Afrikaans

IN DIE PRILLE DAE van die Universiteit van Suid-Arika gedurende die tweede helfte van Vyftig, toe die doserende personeel minder as dertig getel het, in Skinnerstraat 263 wat toe die deurlugtige hoofsetel van die Universiteit was, het ons op 'n dag as dosente in die vierkant van die onaansienlike woonstel-“kompleks”, Edward Mansions, verworwe bygebou vir die hoofsetel, onder 'n eikeboom vergader. Wat kon die geleentheid gewees het? Miskien 'n verjaardag, miskien 'n afskeid. Ons dosente het, so gee my geheue my dit in, graag en dikwels saamgekom. Prof. Samuel Pauw moes die woord voer, en het sy spreekbeurt ingelei met die versugting: “Dames en here, ek wens ek het Theo van Wijk se silwer tong gehad ... !”

Vir sewentien jaar was Theo van Wijk by die Universiteit van Suid-Arika as rektor aan die woord. Onder al die menigvuldige pligte wat tot die amp van Rektor hoort, staan dié een voorop: dat hy by tallose geleenthede as spreker moet optree, en dit in 'n verbysterende verskeidenheid hoedanighede. 'n Mens blaai deur die versameling van sy toesprake, praatjies en redes, gebundel en ongebundel, en let op die uiteenlopendheid van die geleenthede: die opening van 'n kongres oor

satanisme en van 'n simposium oor Halley se komeet; die verwelkoming van nuweling-dosente en van gaste by 'n simposium oor aftrede; die bekendstelling van 'n Afrikaans-Portugese woordeboek en 'n werkswinkel vir die skryf van godsdienstige kinderverhale; 'n saamtrek van Gereformeerde susters en 'n konferensie van verkeersbeampies; 'n afskeid van 'n ambassadeur, die afskeidsfunksie van Unisa-werkers, en die jaarlikse byeenkoms van die Voetslaanklub van Unisa, gradeplegtighede, begin en einde van die akademiese jaar — vir almal het Theo van Wijk 'n woord gehad.

Al hierdie geleenthede het ook nie knussies onder een dak plaasgevind nie. Hoe moes die Rektor nie reis met sy woorde nie! Sonder om eers 'n verklarende navraag te doen, sien jy dit voor jou in die aanduidings van plek en tyd wat by sy toesprake gegee is. Gradeplegtighede, met allerlei bykomende funksies tussenin gepas, wat binne enkele dae plaasvind in Parow, Wellington, Oos-Londen, Durban en Pretoria. Ek kyk na 1986, April en Mei: elf gradeplegtighede, en tussenin twee byeenkomste, op verskillende plekke, van die Kanseliersklub. En op 'n dag in dié April, die berig dat sy vriend en kollega, Hennie Joubert, dood is. Ook daarvoor moes Theo van Wijk woorde vind: woorde wat sy eie hartseer en verlies, én dié van andere stem en vorm sou gee — 'n huldeblyk om uit te saai, 'n roubeklag by die begrafnisdiens. Want dit is juis die soort woorde waartoe 'n rektor geroep word: dié wat by die geleentheid pas, wat tegelykertyd die mening en bedoeling van 'n groot groep mense sal vertolk, en tog die oortuigingskrag van 'n eie siening, 'n eie belewenis sal dra.

Die groot Nederlandse digter Martinus Nijhoff het op 'n keer oortuigend betoog dat geleentheidspoësie ook groot poësie kan word, en wel wanneer 'n digter hom met die geleentheid só vereenselwig dat hy dit verbeeldingryk omskep in 'n opnuut sprekende omstandigheid. Die leser (en hoorder) van Theo van Wijk se talle geleentheidstoesprake het meermale die indruk dat hy dit ook in alledaagse prosa kan laat gebeur. Hy maak jou van die taal self bewus, maar dan die taal as draer van 'n eie, opreg-verowerde insig, selfs wanneer hy vir die onbedagsame leser oënskynlik met blote taalspel besig is. Sê Nijhoff dan nie ook nie (en ek het dit raakgesien juis toe ek op soek was na sy uitspraak oor geleentheidspoësie): "Taal echter is een verstandhouding van hart tot hart, en wie spreekt geeft zijn hart".

Die spreukrykheid van Theo van Wijk se redes is een van die opvallendste kenmerke daarvan, en 'n mens sou sekerlik 'n bloemlesing daaruit kon saamstel. Die spreukmaker is 'n skeppende taalgebruiker wat wysheid én taalgevoeligheid verenig, en dit is daarom so 'n sonderlinge talent. 'n Klein handjievool kan hier as eksemplare geld:

"Die jeug antwoord altyd môre, bewus of onbewus, op die besluit van gister ... "

"Die onderwyser is die skepper van vergesigte en ideale. Hy is bemiddelaar tussen verlede en toekoms, arbeider in die braakland van verwagtinge ... "

"'n Mens moet jou geen illusies maak nie. Ideale is nie teen illusies bestand nie ... "

By 'n afskeidsgeselligheid vir Sir David en Lady Scott, Britse ambassadeurspaar,

op 15 Mei 1979, sê die Rektor: "We shall miss them as friends; and can even an ambassador ask for more than that? Or should he ask for less than that?"

"More than ever before universities are being called to account," verklaar hy by 'n gradeplegtigheid in Durban, 10 Mei 1980, en vervolg: "Equality of opportunity must be matched by equality of performance. If accountability has become the watchword, performance has become the criterion."

Wanneer 'n nuwe gebou (die eertydse "Akademies II", nou die A.J.H. van der Walt-gebou) ingewy word op 29 April 1983, word die emosie van die geleentheid só verwoord: "Die werklikheid is altyd dwingender as die droom. Ons het die werklikheid gevolg, aan die werklikheid probeer voldoen, met die werklikheid probeer tred hou. Totdat die werklikheid droom geword het, en die droom soos vandag hier, weer werklikheid. Om na nuwe drome, en werklikhede, aanleiding te gee ... "

In dieselfde gees praat hy in sy gelukwensing aan die Universiteit van Stellenbosch by die inwyding van hul nuwe biblioteekgebou, 1 Mei 1984: "'n Gebou — hetsy selfs boomhuis of woonhuis, pondok of paleis, krot of kasteel — is altyd 'n droom wat werklikheid word ... "

Hierdie spreukrykheid, selfs in dié enkele voorbeelde, impliseer 'n gees wat die waarheid deur die woord wil vergestalt, en dit soek in die kleinste, alledaagse ervaring van menswees en van menslike verhoudinge, én in die groter wysgerige riglyne wat hy in die uitvoering van sy verantwoordelike leierskap moet hanteer.

Wat laasgenoemde betref, het Theo van Wijk steeds sy spreekbeurte benut om sy toehoorders, wat dikwels sy dosentekorps was, nougeset op die hoogte te bring van die ontwikkeling van die universiteitswese in die algemeen en afstandsonderig in die besonder. Ander het elders in hierdie bundel oor die aard van sy universiteitsfilosofie verslag gedoen. Maar ook by hierdie geleenthede kon sy toehoorders, in die wyse waarop hierdie filosofie verwoord is, ervaar: "... wie spreek, geeft zijn hart." Hy het Unisa "'n universiteit van hoop en verwagting" kon noem. Vir die geykte beeld van 'n universiteit as 'n soort ivoortoring waarin 'n asketiese, wêreldvreemde wetenskapsbeoefening nagestreef word, skep hy 'n teëbeeld: die universiteit as onvervreembare deel van 'n samelewing, 'n omgewing, die universiteit wat deel het aan opvoeding as lewenslange proses, die Universiteit van Suid-Afrika as *mikrokosmos*: "It is all things to all men because it is not regionally confined or sectionally constrained. The only constraint it accepts is that imposed by the demands and norms of scholarship."

So vind hy ook vir die geykte beeld van die eensame Unisa-student 'n teëbeeld, op grond van die besondere gesinsbetrokkenheid wat meermale vir hierdie soort student geld. Sy begrip vir die voetangels en klemme op die weg van Unisa-studente het hy gereeld uitgedruk, veral op gradeplegtighede, in woorde soos hierdie: "They have accepted, they have endured and they have surmounted the rigours and the challenges of independent or part-time study, which has been described as one of the most difficult ways of getting a degree ever invented by the wit of man." Maar sy unieke siening van Unisa as "'n universiteit wat in 'n woonhuis gesetel is" oorstem, versag hierdie "rigours", hierdie hardepad wat sy



'n Keur uit die toesprake wat prof. T. van Wijk gedurende 1972–1976 gelewer het, is gepubliseer onder die titel Die Rektor aan die woord/The Principal speaks. 'n Eksemplaar van hierdie werk is op 16 September 1980 deur die redaksiekomitee aan prof. Van Wijk oorhandig. Op die foto hierbo verskyn prof. E. Pereira, prof. J.L. Steyn, prof. Van Wijk, prof. D.R. Beeton en prof. W.J. de Klerk.

studente mag beleef; want so 'n universiteit "betrek 'n gesin — wat moet stil bly, of raad gee, of troos". Daarmee omskep hy die eenling-student tot geborgene; en deur dié beeld bring hy 'n warm huislikheid in die universiteit se menslike verhoudings, wat hom in staat stel om op 'n keer te kon verklaar: "That is one of the many advantages of being Principal of the University of South Africa: that you feel at home wherever you go, in the largest city and the smallest hamlet, in Mitchell's Plain no less than in Cape Town."

Spreekryk en beeldryk is die woorde van Theo van Wijk; maar daarby onmiskenbaar die woorde van die vakman, die "scholar". Midde-in openbaarder verpligtinge vind hy die tyd om aantekeninge te skryf by 'n intreerede, wat die historikus in hom wakker gemaak het, en dit word saam met dié intreerede as naskrif gepubliseer (Elize Botha, 1983. *Die dosent as leser*). Wanneer hy die verwelkoming waarneem vir die Polisie 75 Simposium op 10 Maart 1988, blyk dit duidelik dat hy Wet 14 van 1912 wat tot die totstandkoming van die S.A. Polisie op 1 April 1913 gelei het, indringend bekyk het. Miskien is een van die uitnemendste voorbeelde hiervan sy rede gelewer by die Taalfees in die Paarl op 7 Oktober 1975, "Die woord as daad", as opstel gepubliseer in die *Tydskrif vir Letterkunde*, November 1976 (p. 75–78), en ook opgeneem in die bundel *Die Rektor aan die woord*, Unisa 1980, p. 180–184. Die klinkende aanhef daarvan: "Die woord is nooit net woord nie. Die woord is altyd ook daad, is altyd daad", lui 'n teks in wat oor taal en geskiedenis, oor Afrikaanse taalgeskiedenis besin en 'n verhelderende vertolking daarvan gee, maar ook vir die leser in ons eie tydsgewrig 'n besondere profetiese gehalte het. "Afrikaans is nie net die taal van die Afrikaner, of die Afrikaanssprekende nie; dit is 'n taal van Afrika Sonder Afrikaans sou Suid-Afrika nog 'n koloniale winsgewes wees. 'n Afrika-taal gee hom reg op Afrika-status" — so prefigureer Theo van Wijk reeds in 1975 die gesprek oor Afrikaans wat sedert 1976 ál intenser gevoer word, sekerlik tot, en verby ons tyd.

Ten diepste is hierdie opstel egter 'n belydenis van Theo van Wijk se eerbied vir die woord, en daarom ook van sy eerbied vir die mens, aan wie die mag van die woord gegee is. En hierdie eerbied vir die woord, hierdie gevoeligheid vir die mag van die woord: is dit nie die waarmerk van die skeppende woordkunstenaar nie?

In die vroeë veertigerjare (en ook, sporadies, later) het daar in *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag* — toe nog Afrikaanse gesinstydskrifte met 'n sterk literêre inslag — van tyd tot tyd gedigte en verhale van Theo van Wijk verskyn. Die jong digter het ook in die tydskrif van Rhodes-Universiteit *The Rhodian* gepubliseer: gedigte, hoofsaaklik, wat die sterk individualistiese inslag en belydende aard, wat ook eie was aan die jeugwerk van W.E.G. en N.P. van Wyk Louw, vertoon. Lees 'n mens dié verhale, val die fyn, gevoelige uitbeelding van menslike verhoudings jou op. Inderdaad gaan dié verhale nie in die eerste plek oor opspraakwekkende gebeurtenisse nie, daar is geen komplekse intriges in nie. Dit gaan om die onderlinge begrip, of afwesigheid van begrip, tussen mense; om die verworping van emosies en stemminge wat in menslike verhoudinge so dikwels van beslissende belang is. Dialoog, gesprekke speel in hierdie verhale 'n belangrike rol, en die natuurlikheid daarvan is opvallend: die leser ervaar dit as die werk van iemand wat noulettend



Prof. Van Wijk aan die woord in 1983.

luister na die manier waarop mense met mekaar praat, wat toon en tongval, nuanse en gevoel, trefseker registreer.

Die bekende joernalis en literêre fynproewer, Fred le Roux was indertyd verhaleredakteur van *Die Huisgenoot*; hy het in 1950 die eerste redakteur van *Sarie Marais* — deesdae net *Sarie* — geword. Daar het mettertyd 'n vriendskap tussen die jong skrywer en sy redakteur ontwikkel; dit kan 'n mens merk uit die briewe van Le Roux wat die publikasie van Theo van Wijk se verhale (ook later, in die vyftigerjare, sekerlik omdat Le Roux nog die hand daarvoor gehou het, in *Sarie*) begelei het: die vroegstes nog gerig aan "Die Pastorie, Franschhoek", die laastes aan "Universiteit van S.A., Transvaliagebou, Sentraalstraat, Pretoria". Van die begin af praat Le Roux van die talent in Theo van Wijk se werk, dat dit "iets beters (is) as wat gewoonlik in tydskrifte opgedis word". Hy is streng in sy kritiek, sê hy, omdat daar soveel belofte is wat verwesenlik moet word; hy beskou die publikasie van die verhale as "'n geleentheid om te oefen"; hy waardeer "die plesierige manier waarop u met ons saamwerk". Van een van die verhale praat Le Roux as "'n ware 'editor's dream' ... ligte leesstof van die beste soort wat enige populêre tydskrif ons sal beny", maar voeg dadelik by dat dit as "afwisseling" van Van Wijk se ander werk beskou moet word. Telkens vermeld Le Roux die jong skrywer se "lewendige dialoog": "Het jy al toneelwerk geskryf?" vra hy in 'n brief van 24 Augustus 1950, en vervolg: "Ek weet van min mense wat 'n dialoog so knap kan hanteer en wat die nuanses van ons spreektaal so goed ken om innerlike gevoelens daarmee aan te dui."

Die belofte in die vroeë skryfwerk van Theo van Wijk het anders as wat Fred le Roux kon voorsien het, in vervulling gegaan: nie in verbeeldingswerk nie, maar in die verbeeldingryke woorde waarmee hy die wel en wee en werksaamheid van die Universiteit van Suid-Afrika oor dekades heen begelei en vertolk het.

12

MAN VAN BEREKENING

A.J. KOEN

Oud-voorsitter van die Raad

IN FEBRUARIE 1972 is prof. Theo van Wijk deur die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika as Rektor aangestel. Hy het prof. Pauw, wat die vorige jaar afgetree het, opgevolg.

Sy aanwysing is voorafgegaan deur heelwat onaangenaamheid en bitterheid. Die meerderheid van die Senaat het die aanstelling van prof. Van Wijk gesteun, terwyl 'n sterk minderheid ten gunste van 'n ander kandidaat was. Die Raad was so sterk verdeeld in hulle keuse, dat daar by twee benoemingsvergaderings 'n staking van stemme was.

Druk is toe op my uitgeoefen om my beslissende stem as Voorsitter uit te bring, dog ek het om tweërlei redes geweier. Op die eerste van die benoemingsvergaderings het die Raad eenparig op geheime stemming per stembriefie besluit. Hierdie besluit het my die beslissende stem ontnem, en as ek dit sou gebruik, kon een van die partye 'n hofbevel teen die uitslag aanvra.

Prof. Rudd, die bekende Britse outoriteit op die gebied van die prosedure van vergaderings en komitees, beskryf die beslissende stem as volg: "The casting vote is a privilege, not a right." Hy beweer verder dat die beslissende stem slegs by hoë



Die Voorsitter van die Raad, dr. A.J. Koen, oorhandig 'n skets van Unisa aan die Rektor tydens die vernoeming van die Theo van Wijkgebou op 1 April 1981.



Dr. A.J. Koen saam met prof. en mev. Van Wijk.

uitsondering by die keuse tussen twee persone gebruik moet word, aangesien dit die voorsitter van enige organisasie se objektiwiteit in gedrang mag bring.

Hierdie kort inleiding, sonder onnodige besonderhede, dien net om aan te toon onder welke moeilike omstandighede prof. Van Wijk sy aanstelling aanvaar het. Dat hy, ten spyte hiervan, binne weke eerder as maande sy rektorskap met soveel toewyding en buitengewone werkvermoë aangepak het, strek tot sy eer. Spoedig kon hy dan ook op die volle vertroue en algehele ondersteuning van die Raad staatmaak. Trouens, raadslede wat teen hom gestem het, het teenoor my beken dat hulle dankbaar was dat prof. Van Wijk as Rektor aangestel is.

Prof. Van Wijk is 'n man met buitengewone intellektuele vermoëns, akademikus by uitstek, soeker na die waarheid, beoefenaar van die wetenskap, voortreflike leermeester, objektief in sy beoordeling van mense en vervul met groot deernis teenoor sy personeel en studente.

Behalwe die vele talente, is hy ook vaardig met die pen en gesproke woord. Die personeel het altyd uitgesien na sy toesprake, want hy het besiel en geboei. Hy het dosente geïnspireer om hulle beste te lewer deur volharding en die verbetering en verfyning van onderrigmetodes. Hy het voortgebou op die werk van sy voorgangers om die tegniek van afstandonderrig te vervolmaak.

Trouens, dit het dermate geskied dat Unisa wêreldwyd beskou word as leier op die gebied. As in aanmerking geneem word dat Unisa studente uit alle bevolkingsgroepe bedien, insluitende talle buitelandse studente, is dit des te meer prysenswaardig. Die gawe om met fyn berekendheid vooruit te beplan, het dit vir prof. Van Wijk moontlik gemaak om, met die hulp van sy personeel, van Unisa 'n baken van lig vir duisende te maak.

As voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Senaat, die Senaat, verskeie staande komitees en *ad hoc*-komitees tree hy met groot bevoegdheid op. Kalm en bedees luister hy geduldig na alle kante van 'n saak en som dan in 'n paar woorde die kern van die probleem op. Ek het nooit ondervind dat hy sy stem verhef nie — selfs nie eens onder tergende omstandighede nie.

Daar is iets geheimsinnig in sy persoonlikheid, omdat sy gesig nooit sy gevoelens openbaar nie. Ek het egter mettertyd agtergekom dat 'n kilheid in sy gelaat en oë soms sy afkeur aandui.

Unisa, met sy studente, dosente en ander personeel vorm 'n mikrokosmos van groter Suid-Afrika. Die dosente, veral, weerspieël die volle spektrum van politieke denke van ver links na ver regs. Dat hy deur sy objektiewe en korrekte optrede daarin kon slaag om hulle, met enkele uitsonderings, tot verdraagsaamheid en spanwerk te inspireer, spreek boekdele vir sy unieke leierskap.

Hierdie stuurmanskap openbaar hy ook ten opsigte van studente uit al ons bevolkingsgroepe. Unisa het 'n geweldige taak om die intellektuele en opvoedkundige peil van ons minder bevoorregte bevolkingsgroepe op te hef. Daardeer is daar egter unieke geleenthede om 'n beter verhouding tussen die groepe te bewerkstellig. Veral ons swart bevolking het groot waardering vir die studieleiding van Unisa.

Prof. Van Wijk beskik oor besondere administratiewe hoedanighede, finansiële



Die Rektor saam met dr. G.J. Davidtsh (links) en dr. A.J. Koen (regs). Dr. Davidtsh het dr. Koen opgevolg as Voorsitter van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika.


insig en werkkrag. 'n Stewige administratiewe onderbou is 'n voorvereiste vir die akademiese werk van 'n universiteit vir afstandonderrig. Daarsonder stort die akademiese werk in duie. Prof. Van Wijk het daarin geslaag om 'n groep uiters bekwame amptenare, die meerderheid akademies onderlê, om hom byeen te bring om van die administrasie 'n modelkomponent van Unisa te maak. Dis opvallend hoe op hoogte hy van alle aspekte van hierdie omvangryke organisasie is, en welke agting en lojaliteit veral die topamptenare teenoor hom koester.

Onder sy bekwame leiding en finansiële insig, gesteun deur argitekte en bekwame administratiewe personeel, het die een na die ander praggebou op Muckleneukrant verrys. Voorwaar 'n ligpaleis wat sy lig laat skyn tot in die nederigste gehuggie waar 'n student studeer.

Graag wil ek melding maak van die ondersteuning wat prof. Van Wijk ontvang het van sy minsame en wellewende eggenote. Akademikus en gemeenskapleider in eie reg, stel sy belang in die mees junior lid van Unisa se personeel.

Vir my was dit 'n aangename en verrykende ervaring om oor soveel jare met prof. Van Wijk saam te werk. Die herlewing van die herinnerings van die vriendskap, samewerking en erkentlikheid wat ek oor soveel jare by Unisa ondervind het, verskaf my vandag nog groot vreugde.

Theo van Wijk, ek huldig u as akademiese leier wat u lewe wy aan die intellektuele opheffing van alle bevolkingsgroepe van ons land.



Die Rektor oorhandig 'n eksemplaar van Spes in Arduis: 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika aan Staatspresident J.J. Fouché terwyl dr. A.J. Koen toekyk (20 Junie 1974).

13


PERSOONLIKE HERINNERINGE AAN THEO VAN WIJK

J.H. VAN DER MERWE
Voormalige Vise-rector

WAT HIER VOLG, is enkele sketsmatige indrukke oor 'n lang tydperk. Sommige van die gebeurtenisse wat ek hier vermeld, het so lank gelede plaasgevind dat meeste van die persone wat daarby betrokke was dit seker al vergeet het. Op my het dit egter so 'n indruk gemaak dat ek dit vandag nog onthou.

Theo van Wijk het in 1948 sy verskyning by die Afdeling Eksterne Studie gemaak as lektor in Geskiedenis. Die Departement Geskiedenis was een van die gelukkige departemente wat vroeg al 'n tweede personeellid gekry het. Meeste van die ander twaalf of meer departemente was nie so gelukkig nie en is deur slegs een persoon beman. 'n Mens was dan sommer jou eie departemenshoof en eintlik was jy die hele departement. Ek onthou dat ek ook 25c per bladsy ekstra kon verdien deur my eie studiegidse te vertaal.

Die nuwe lektor in Geskiedenis was 'n stil en beskeie mens wat homself nie op die voorgrond gedwing het nie. Die eerste keer wat ek hom 'n toesprake hoor maak het, was na sy huwelik met Cilna Labuschagne. Kort na hulle terugkeer van 'n kort wittebrood het ons, dit is die doserende personeel, hulle by die oggendtee



Drie voormalige Vise-rektore (proff. Rädcl, Steyn en Van der Merwe) saam met die Bestuurskomitee op 2 Maart 1981.

*Agter: Adv. J.J. Labuschagne (sekretaris), en mnre. M.H. Stockhoff, D.W. Steyn en A.P. Schutte.
Voor: Proff. B.S. van As, F.E. Rädcl, T. van Wijk, H.S. Steyn, J.H. van der Merwe en C.F. Crouse.*

'n huweliksgevenk aangebied. Alle dosente was teenwoordig — seker nie meer as twintig nie. Die bruidegom moes natuurlik 'n bedanking uitspreek en ons is toe al getref deur sy bykans volmaakte taalbeheersing. Veral sy vloeiende styl, met volsinne en geen “ge-oem” of “ge-aa” nie, was opmerklik. 'n Mens sou kon dink dat hy die kort toespraak goed voorberei het. Ek het egter later gesien dat hy feitlik sonder voorbereiding net sulke vloeiende voordragte kon lewer. Prof. Pauw het hom eendag na 'n gradeplegtigheid gevra om die gegraduateerde geluk te wens. Hy het hom vir ongeveer tien minute aan die geselskap onttrek en opgestaan en 'n vloeiende toespraak in Afrikaans en in Engels gelewer. Taalkundig was daardie toespraak net so goed versorg soos die weldeurdagte redes wat ons deesdae gewoon is om van hom as Rektor te hoor.

Soos die jare aangestap het, het ook Theo van Wijk se aansien gestyg. Hy het meermale vir lang rukke waargeneem as hoof van die Departement Geskiedenis. Later is hy ook gekies as dekaan van die Fakulteit Lettere, en hier het hy groot aanhang verwerf as 'n simpatieke, maar standvastige leier. Die dekaanskap is gevolg deur sy verkiesing as een van die Senaatsverteenwoordigers op die Universiteitsraad, en dit was dus geen verrassing toe prof. Pauw hom gevra het om as Rektor waar te neem tydens prof. Pauw se afwesigheid weens siekte.

Met prof. Pauw se aftrede einde 1971 het 'n paar maande aangebreek wat Theo seker nie lig sal vergeet nie. In November is hy deur die Senaat aangewys as hul kandidaat vir die rektorskap, maar op die Raad het prof. Pauw 'n ander kandidaat gesteun. Die stemming was gelykop en aangesien die Voorsitter, dr. A.J. Koen, nie 'n beslissende stem wou gee nie, is besluit om vroeg in 1972 weer te vergader. Weer eens was daar 'n gelykop uitslag, maar by 'n tweede stemming na die teepouse is prof. Van Wijk as nuwe Rektor aangewys.

Agter die meningsverskil in die Raad was egter nie sulke slinkse motiewe as wat die koerante, veral die Engelstalige koerante, voorgegee het nie. Op die voorblaai van sommige koerante is berig dat dit 'n poging van prof. Pauw en die Afrikaner-Broederbond was om beheer oor Unisa te verkry. My persoonlike indruk was dat dit bloot 'n meningsverskil was tussen prof. Pauw en die Senaat. Prof. Pauw wou prof. S.I. Malan as sy opvolger hê, terwyl die Senaat oorweldigend ten gunste van prof. Van Wijk was.

Terwyl die koerante daardie somervakansie gespekuleer en gegis het oor Unisa, was Theo van Wijk nog swygsamer as gewoonlik. Die rektorskap was 'n amp waarna hy, volgens sy eie woorde aan 'n familielid, geensins gaspireer het nie.

Gelukkig was al die drukte vroeg in 1972 verby en kon die nuwe Rektor sy taak aanvaar. Een van die eerste dinge wat gebeur het, was dat die hele administrasie en organisasie van die Universiteit op 'n vaster voet geplaas is en meer vaartbelynd gemaak is. Hierin het een van die eerste twee Vise-rektore, wyle prof. Fritz Rädél, ook 'n aansienlike rol gespeel.

Ek het vanaf 1976 tot einde 1980 die voorreg gehad om prof. Van Wijk van naderby in aksie te sien as Rektor. Die oorheersende indruk wat 'n mens gekry het, was sy algehele toewyding aan sy taak. Soos hy dit self uitgedruk het, was hy vier-en-twintig uur op diens. Inderdaad het sy werksdag van vroeg soggens tot laat




Die Bestuurskomitee in 1988: Mnr. M.H. Stockhoff, mnr. D.W. Steyn, prof. F. van den Bogaerde, prof. T. van Wijk, adv. J.J. Labuschagne, prof. J.C.G.J. van Vuuren en dr. A.P. Melck.

saans gestrek. Elke middag is 'n groot pak lêers na sy huis geneem vir afhandeling in die aand!

Dit het gebeur dat mense hom verwyt het dat hy soms stadig was om 'n beslissing te bereik. Dit was egter die gevolg van sy deeglikheid. Nooit sou hy op 'n vergadering van die Bestuurskomitee 'n saak goedkeur voordat hy oortuig was dat dit die beste besluit sou wees. As daar enigsins onsekerheid by hom was, sou hy altyd vra dat die punt oorstaan vir die volgende vergadering. 'n Mede-Vise-rector het eenmaal in 'n ligter luim aan my gesê: "Jy en ek sal die werk seker vinniger as Theo kan afhandel, maar dan sal ons beslis meer foute maak." Theo se slagspreuk was eintlik "geen foute"!

By die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) het prof. Van Wijk ook op sy stil manier agting afgedwing en op verskeie subkomitees gedien. Toe hy in Januarie 1981 voorsitter van die KUH geword het, het 'n mens onwillekeurig teruggedink aan die vroeë vyftigerjare. Toe is daar in universiteitskringe gedebatteer oor die vraag of die Afdeling vir Eksterne Studie (later die Universiteit van Suid-Afrika) hoegenaamd in die KUH sitting mag hê, en indien wel, wie dan die Afdeling Eksterne Studie daar moet verteenwoordig: die Direkteur (later Rektor) of die voorsitter van die Senaat ('n professor aan 'n ander universiteit!).

Die loopbaan van Theo van Wijk en die geskiedenis van Unisa toon werklik 'n groot ooreenkoms!



Prof. T. van Wijk saam met prof. H. Bingle, Rektor van die Potchefstroomse Universiteit, en prof. F.E. Rädcl, een van Unisa se Vise-rektore.

14

THEO VAN WIJK — THE MAN AND THE UNIVERSITY PRINCIPAL

S.A. STRAUSS

Professor in the Department of Criminal and Procedural Law

I FIRST MET THEO VAN WIJK shortly after I had joined the Faculty of Law of the University of South Africa in January 1960.

At that time the lecturing staff of the University of South Africa was a fraction of its present size. Only a year before, in 1959, when the new library building — now known as the Samuel Pauw Building — was taken into use, it accommodated the entire lecturing and library staff, with office space to spare after the addition of a new wing.

In those days our numbers were so small that lecturers and administrative staff came to know each other personally, and were often on first-name terms. Soon after my arrival I made the acquaintance of this likeable senior lecturer from the Department of History, Theo van Wijk. From the outset it was clear to me that he was highly esteemed by all members of staff. Though a man of few words, what he did say carried great weight. In his dealings with his colleagues he was open-minded, serene, always available — someone with whom one could establish an instant rapport.

Something that struck me about him was that in the lively discussions common among academics, he almost invariably listened to the other party's point of view before expressing his own. I would be inclined to describe his general attitude towards people, his approach to those with whom he comes into contact, as one of somewhat reserved modesty yet cordial goodwill.

Even during the sixties Theo van Wijk was already taking a leading part in the academic management of the University. Under the principalship of Professor Samuel Pauw those were years of tremendous growth and progress, which made heavy demands on both lecturing and administrative staff. Within the Department of History, Van Wijk did pioneering work. Eventually he succeeded to the office of Dean of the Faculty of Arts, in which capacity he evinced sterling qualities of leadership. He was highly regarded by Senate.

He was not a man for long speeches, but in his calm, imperturbable manner could make his point succinctly. Neither was he inclined to emotional impulsiveness. During the heated debates of the sixties on the question of whether the University should move to Johannesburg in order to establish an Afrikaans university in that city, he stated his case with composure. Van Wijk was a speaker who always enhanced the tone of a discussion, gave people food for thought and, when feelings ran high, introduced a tranquil note.

Once it had been decided that the University of South Africa would remain in Pretoria, Professor Pauw launched the grand project of providing worthy premises for the burgeoning institution. Millions of rands had to be collected in order to realise and establish the proposed campus and complex of buildings on Muckleneuk Ridge. The lecturing staff had to do their bit and in this respect too Van Wijk played a leading role.

In 1969 Senate elected Van Wijk as one of its representatives to the University Council, an office he held until he assumed the principalship in 1972. In the course of 1969 he served as acting Principal for a while and acquitted himself of this task with dignity.

The appointment of a university principal can be a fairly dramatic business. The nomination of Theo van Wijk as the new Principal of the University of South Africa, after Professor Pauw had announced his intention of vacating the chair in 1971, was not without drama. When it became known that the principalship was to fall vacant, it was quite clear that Van Wijk enjoyed considerable support among the lecturing staff. At the Senate meeting where this body had to indicate its choice, Van Wijk duly led the field, closely followed by Professor Willem Joubert, long-standing Dean of the Faculty of Law.

Council had greater difficulty in reaching a decision. "Politics" — not necessarily of the party-political variety — can feature in official nominations, and initially Council declined to accept the Senate's first choice. This unfortunately caused some strain. Joubert was the one who, in his capacity as member of Council, took up the case in Council, arguing strongly that the sensible course would be to appoint the person who had been Senate's first choice. Fortunately, and wisely, Council eventually decided to do so.

With Theo van Wijk in the Principal's chair, the years ahead held great promise for the University. His term of office was to last from 1 April 1972 to 31 December 1988. A principal is appointed for a period of five years, and in the years that followed, Council, on the recommendation of Senate, repeatedly reappointed Van Wijk. At the end of 1985 Council decided to request him to continue as Principal for a further period of three years, whereafter his term of office would come to an end.

The changes introduced in University management during the Van Wijk era were many and momentous. One of Van Wijk's first moves was to request Council to nominate two Vice-Principals to assist him. They were Professors H.S. Steyn and F.E. (Fritz) Rädell.

One could dwell at length on Van Wijk's style of management. As a member of council over the years I was privileged to see him in action at close quarters, and frequently worked with him on committees and in various University matters.

University lecturers not only enjoy freedom of thought but have almost complete freedom in the conduct of their academic disciplines, provided they honour their commitments to their subject, their students and their colleagues. The vocation, responsibilities and working conditions of lecturers are of a kind that promotes originality and individuality and works against constrained uniformity. It is not always easy, however, to get a bunch of individualists to cooperate as a team. In addition academics tend to keep aloof from, and are sometimes positively antagonistic towards, the administrative systems within which they inevitably have to function. And any body of academics is bound to have its share of *enfants terribles*. In such a situation, unless there is strong, positive leadership, things can go badly awry and relations may be bedevilled.

Having had some experience of other universities, I would venture the opinion that Unisa is one of the happiest academic communities in South Africa. Here I am not referring to the large body of lecturers alone, but to the administrative staff as well. Our university administration, which performs a mammoth and unique task, is widely recognised as one of the finest in South Africa. In addition there is an excellent relationship between the lecturing staff and the administration.

More than anybody else, Theo van Wijk can take the credit for this state of affairs. He was pre-eminently responsible for managing the University in such a way as to cultivate a spirit of cooperation. His unruffled courtesy and constant readiness to listen to all possible points of view did much to promote sober reflection and mature decision-making. And he took infinite pains to consult those who could be affected by his decisions or those of the University management.

No matter how heated the atmosphere might become, over the years I have never known him to react emotionally or lose his temper. When feelings ran high it was his tactful, mild manner that restored the calm and induced a willingness to consider another point of view.

Over the years Senate grew into a formidably large and, in a sense, impersonal body. As chairman of Senate, Theo van Wijk conducted proceedings in masterly fashion, always in full command of the situation. Every member, from the most



The Principal and Mrs van Wijk with Judge and Mrs Hiemstra. Judge V.G. Hiemstra was Chancellor of the University of South Africa from 1977 to 1987.

senior to the newest, was free to speak his or her mind. Van Wijk, however, never dominated Senate from the chair: he exercised control without imposing authority. A fine sense of humour frequently enabled him to relieve the solemnity of the proceedings or break the tension with a good-natured quip.

The Principal is not the chairman of Council, but plays a prominent role at its meetings, furnishing information about university matters and directing discussions. At this task too Van Wijk excelled. Much of Council's business concerns sensitive issues affecting the University's role in society. The Councillors are people from divergent backgrounds, representing a wide range of interests; above all, they do not hesitate to voice criticism. Here too relations can easily become strained in the absence of sound leadership. Without detracting from the important role played by Council chairmen such as Dr A.J. Koen and Dr G. Davidtz, it cannot be denied that Van Wijk provided such leadership in his key capacity as chief executive officer of the University. Despite his preference for reconciling conflicting viewpoints wherever possible, he could take a firm stance when necessary. If I were to sum up his style of management in a nutshell, I should say that it was a matter of *suaviter in modo, fortiter in re*.

Theo van Wijk has sometimes been criticised for his circumspect decision-making. Excessive circumspection can of course lead to indecisiveness and lack of direction. I have, however, told such critics on occasion that, even though it might take a little longer, I would rather have a circumspect decision-maker any day than a hothead who rushes in where angels fear to tread, bloodies a few noses in the process and then has to try and smooth things over and settle ruffled feathers after the event. It is precisely Van Wijk's cautious and tactful handling of tricky issues which — in a giant educational organisation serving a hundred thousand students from different population groups, nations and cultures — has contributed so much to good relations among staff and students, and high standards of service.

One of the most painful tasks of a Principal is having to exercise discipline within the organisation. On several occasions I was asked by Van Wijk to assist him in disciplinary inquiries. Even where these concerned employees at a very humble level, he was not prepared to leave the inquiry to others. Despite an extremely heavy schedule he personally headed disciplinary inquiries, some of which could take up many hours and even days. Here too he exercised great patience and courtesy, allowing all a chance to have their say. Sometimes it was necessary to make unpleasant, tough decisions. But when it came to dispensing justice, it was always tempered with mercy.

I still need to say something about Theo van Wijk, the public figure. As Principal of a major university he was often in the limelight. An eloquent but unaffected speaker, able to deliver a short and cogent message, he was always a credit to the University. Part of his task was to receive and entertain prominent visitors from abroad. In this he was regularly assisted by his wife, Mrs Cilna van Wijk, that gem among women. I wonder whether there are many South Africans who have made better friends for this country than this remarkable couple.



Professor and Mrs van Wijk.

Earlier I remarked that when Theo van Wijk assumed the office of Principal the years ahead held great promise for the University. That promise has been fulfilled in every respect. Looking back over the years since 1972, it has indeed been a golden era — a period during which the University flourished and progressed. The labours of Theo van Wijk and the many who helped to develop the University under his leadership have been richly rewarded. For me, as for many others, they were years that I would not exchange for anything. We look back on this period with happy memories and great appreciation.

Now that Theo and Cilna van Wijk are approaching the end of their long and fruitful association with the University, I should like to add my voice to the many in wishing the Principal and his wife everything of the best for the years that lie ahead.



The Principal and Mrs van Wijk with Chief and Mrs Buthelezi at a graduation ceremony.

15

THEO VAN WIJK — 'N KORT WOORD VAN WAARDERING

J.C.G.J. VAN VUUREN
Vise-rector

WAAR DIT MY VOORREG IS om professor Theo van Wijk as Rektor van Unisa op te volg, vereenselwig ek my heelhartig met 'n publikasie wat bedoel is om 'n oorsig oor sy lewe en werk te gee en hulde te bring aan 'n persoon wat 'n verbintenis van meer as veertig jaar met hierdie Universiteit gehad het.

Ek voldoen graag aan die versoek van die redaksie om 'n kort woord van waardering te skryf. En waar dit hier veral gaan om prof. Van Wijk se bydrae tot die wordingsgeskiedenis van Unisa en dié van die universiteitswese in die algemeen, kan ek nie anders nie as om dit te doen aan die hand van 'n *commendatio* wat voorgelê is ter motivering vir die toekenning van die graad Doctor Educationis (*honoris causa*).

Toe Theo van Wijk in 1972 diens aanvaar het as Rektor en Vise-kanselier het sy besondere styl en vergesigte spoedig kenbaar geword. Baie van die probleme waarmee sy voorgangers moes worstel, het teen hierdie tyd tot die geskiedenis behoort.



Die Vise-rektor (Beplanning), prof. C.F. Crouse, oorhandig 'n geraamde eredoktorsgraad-sertifikaat aan prof. Van Wijk (September 1981).

Die nuwe era sou 'n verbeeldingryke besinning oor fundamentele vrae wees en die uitkoms van hierdie besinning was 'n nuwe samestelling van die universiteitsbestuur en die totstandkoming van verskeie advieskomitees.

Under his guidance more and more attention has been given to the formulation of clear educational objectives and the improvement of the quality of the University's specific type of teaching. On one occasion he expressed his views as follows: "I ask no more than that the lecturers will apply to their teaching the same dedication and enthusiasm, if possible the same expertise, that they apply to their research. We must realize that teaching is an art, with its own principles and rules, no less than research, and no less rigorous. If we cannot accept research of the hit-and-miss kind, why teaching?"

He decided that in 1974 the focus would be on the University's teaching methods, and from that time investigation into and seminars on educational concepts and techniques have continually taken place, the emphasis throughout being on evolving ever more effective study material, and the needs and problems of students working in comparative or total isolation. These activities have led, amongst other things, to the founding of regional offices and branch libraries.

Hoewel hy dikwels die feit beklemtoon het dat die Universiteit wesenlik 'n unieke instelling is en nie sonder meer met 'n besigheidsinstelling vergelyk kan word nie, was hy nogtans oortuig dat 'n groot universiteit soos Unisa deeglik kennis moet neem van beproefde besigheidsbeginsels en -tegnieke.

Sy leiding aan dosente was duidelik en ondubbelsinnig: "Wie wetenskap bedryf, moet die reëls van die wetenskap eerbiedig. Wie die waarheid dien, kan geen kompromis met die onwaarheid maak nie. Wie van die akademie 'n beroep wil maak, moet daarvan 'n roeping maak. En 'n roeping word deur oorgawe en toewyding gekenmerk, nie gemeet aan diensure per dag en dae per week nie."

Professor van Wijk's contribution to the development of higher education has gone beyond the University of South Africa, a fact which was given emphasis by his nomination by the Committee of University Principals as a member of the Universities' Advisory Council.

In recognition of his contribution to tertiary education the University decided to honour him in a very special way by conferring the degree of Doctor of Education (*honoris causa*) on him.

Die verbintenis met hom word gelukkig nie summier beëindig nie. Die Raad van die Universiteit het prof. Van Wijk aangewys as Kanselier van die Universiteit wanneer hy aan die einde van die jaar sy amp as Rektor neerlê. Hoewel hierdie nuwe verbintenis meer simbolies van aard sal wees, is dit 'n gepaste en welverdiende kroon wat geplaas word op jarelange toewyding en diens.



Prof. en mev. Van Wijk met hul kinders by geleentheid van die toekenning van die Orde vir Voortreflike Diens (Klas Silwer) aan prof. Van Wijk in Oktober 1987. Op die foto verskyn van links na regs: Ian (seun), Una (skoondogter), Gerhardt Kloos van Amstel (skoonseun), Marlé (dogter), Frans (seun) en Lulu (skoondogter).

DEEL
PART 2

TOESPRAKE
SPEECHES
1978 – 1988

I ONDERRIGONTWIKKELING

Opening, Unisa, 14.2.1978

DIT IS 'N VOORREG, en 'n voorreg wat 'n mens opnuut tot dankbaarheid stem, om die personeel aan die begin van 'n nuwe jaar te verwelkom. Waar ek my uit die aard van die saak veral tot die akademiese personeel sal rig, begin ek graag met 'n woord aan ons administratiewe en vakkundige personeel en by name aan nuwelinge. Nuwe administratiewe en vakkundige personeel sluit in 'n mindere mate as die akademiese op gesette tye by ons aan. Aanstelling word deurlopend gedoen, want noukeurige posbeskrywing skakel die moontlikheid van langdurige vakatures uit. Sommige van u wat onlangs by ons aangesluit het, is hopelik reeds ingeburger en gelukkig. Ek vertrou dat dié wat hulle pas aangemeld het, spoedig hulle voete, en bevrediging in hulle dagtaak sal vind.

Ek kan u verseker dat die belangrikheid van die administrasie — en daarby sluit ek diensinstitute en die biblioteekdiens onder andere in — nie geringskat word nie en van die werking daarvan word voortdurend kennis geneem. Die taak van die administrasie — en by die administrasie skakel die Rektor vanweë sy tweeledige hoedanigheid ook in — is 'n drieledige: om uitvoering te gee aan die besluite van

Raad en Senaat, om 'n unieke onderrigtaak te laat vlot, en om studente te bedien. Vir die meeste studente is kennismaking met die administrasie hulle eerste kennismaking met die Universiteit, vir sommige ook die enigste. Ek hoop dit is soms nie die laaste omdat die eerste kennismaking hulle afgeskrik het nie. Die koue houding van amptenare kan 'n student se motivering en geesdrif vir sy studie net so maklik demp as die gevoellose optrede van 'n dosent. Die beeld van die Universiteit word ook deur sy administratiewe en vakkundige amptenare uitgedra en daar moet gevra word dat dit die beeld van 'n vriendelike, hulpvaardige en simpatieke Universiteit is.

Ek is bly dat dit skaars nog nodig is om dié beroep te doen. Daar is voldoende getuienis van die waardering wat studente het vir die optrede van ons amptenare. Nog onlangs het 'n student geskryf:

As has been the case throughout this year, the efficient and helpful service and assistance I have received from all the various departments, and particularly the administrative division has been very much appreciated, and I can only express regret that this efficiency is not characteristic of our country as a whole, for if this were the case, its potential would be unlimited ...

'n Ander student was meer spesifiek:

I want to thank you very specially for all the trouble you went to on Wednesday in making the special arrangements for my exams. I realise your time is very precious as you have to cater for 46 000 students. In spite of this you treat each student as a person, and I am quite sure this takes patience, understanding and much self-sacrifice on the part of each member on the staff.

Dankbetuigings soos hierdie kan vermenigvuldig word.

Ek wil ons administratiewe en vakkundige personeel graag bedank vir 'n groot bydrae tot beeldbouing. En aan ons nuwelinge wil ek sê dat die Universiteit normaalweg bereid is om, met die nodige teregwysing, 'n fout te kondoneer, maar dat dit vir die Rektor moeiliker is om onhoflikheid of onvriendelikheid oor die hoof te sien.

Aan ons akademiese, doserende personeel 'n ewe hartlike woord van welkom. En weer veral aan dié wat pas by ons aangesluit het om deel te hê aan 'n uitdagende, byna skrikwekkende taak: om onderrig-oor-'n-afstand aan, na verwagting, 50 000 verwyderde studente te verskaf — want dit lyk asof ons vanjaar deur dié klankgrens gaan breek. Ek weet nie of u besef wat die omvang en die implikasies van dié taak is nie. U kom uit baie en uiteenlopende beroepsvelde, ten dele uit die tradisionele onderwys, maar selfs dié van u met onderwysopleiding en -ervaring sal gou ontdek dat van die tradisionele onderrigmetodes hier weinig sprake is, dat afstandsonderrig dimensies het, in die teorie sowel as die praktyk, wat ons nog maar onseker en skoorvoetend benader en wat implikasies ten kwade sowel as ten goede het wat ons selfs na 30 jaar nog nie ten volle gepeil het nie. Miskien het die tyd gekom om die dieplood te laat sak — of die dieptebom.

Maar later meer hieroor. Ek is bly om ook daagliks te verneem van die waardering van studente vir die simpatieke hulp en leiding wat hulle van dosente ontvang. Van dosente word ook simpatie en vriendelikheid verwag. Maar dit is nie

genoeg nie. Hulpvaardigheid moet hier die vorm aanneem van die kundige, oorwoë, beredeneerde en prinsipieel gegronde aanbieding van leerstof aan studente vanuit die mees uiteenlopende kulturele, etniese, sosiale en opvoedkundige agtergronde.

Ek hoop dat u u met toewyding en toenemende verdieping en insig aan dié taak sal wy. En ek vertrou dat u ook gelukkig in hierdie veeleisende maar dankbare taak sal wees.

A new year is traditionally the occasion for New Year resolutions. That these are seldom kept, does not detract from the pleasure which their making affords.

Making resolutions which will not be kept is a luxury in which a University cannot indulge. A new year is more fittingly an occasion for critical self-appraisal, to determine whether the ends for which the University was set up have been achieved and, if not, to reflect on what can be done to achieve those ends. Ends and means are what the reflection will be concentrated on — and of these I shall be speaking presently.

It is not only those charged to direct the affairs of a university who are called upon to reflect upon its operation. All members of a university are in duty bound to ask themselves whether, and in what way, they are contributing to what a university is expected to do.

Including the Principal.

The role of the Principal of a university (or the President as he is, more or less appropriately, termed in the United States of America) has, in the Western world, changed almost unrecognizably during the past decade or two. The change has stemmed from both internal and external pressures, from the militant student protests of the sixties and financial depression in higher education that began in the early seventies. Both have eroded the power and authority of the Principal: student protest, often abetted by staff or faculty, because it led to the demand, in many cases acceded to, for participation in policy making, which tended to turn Principals into weak figureheads; and financial stringency, by reviving the perennial conflict between economic exigencies and academic values. "Publish or perish", the American recipe for survival, has been replaced by "plan or perish". Forced to make the most effective use of limited or dwindling resources, university presidents have roused the ire of academics who refuse to accept the need for a rationalization of course contents and teaching practices, which they regard as sacrosanct and of no concern to anybody but themselves.

Most American university presidents seem to have accepted a diminished role for themselves and their office. This is reflected in a joke which we are told has been making the rounds of American campuses. A group of presidents, it is said, have established their own A.A. (Administrators Anonymous), so that a colleague who at any time feels compelled to make a difficult decision, can call another president to drink with him until the feeling passes away.

Heart-searching has not been confined to American university presidents. Your own Principal, too, has been reflecting on his role and function in the University. Thinking about these things and reading what others in his position, or predica-

ment, have been saying, he has been impressed, and heartened, by the concluding paragraph of an article called "Coping with the Role of College or University President":

A college or university president has many roles and has been called many things, planner and manager, lobbyist and politician, myth maker and myth breaker, leader and follower, mediator and negotiator, apologist and advocate, and a host of other names — some of which are unprintable. At one time or another, a president must be all these things, including, on occasion, some of the unmentionables. Yet, these functions should be subsidiary to the central role as an educational leader. Today, society is increasingly concerned with the quality of life. The constant concern of every president must be the quality of life and learning on the campus. A president should repeatedly remind all those on campus and in the community that a college or university is first and foremost an educational institution devoted to quality and excellence in teaching, research, artistic endeavour, and community service. Every office, board, committee, group, or individual on campus is there for the sole purpose of contributing directly to these goals. A president must seek to create an atmosphere on campus in which the faculty, students, staff and administration, despite personal differences and group interests, feel a shared excitement in their common pursuit of excellence.

Your Principal has even in the short space since his return from vacation, been mediating and negotiating; he has, without being apologetic, tried to defend an academic enterprise against external pressures and criticism. He has pointed with pride to the excellence of "research, artistic endeavour and community service". But he has always known that these are peripheral to the main function of a university, and that is its teaching.

Universities are increasingly being called to account. We must not be under any illusions as to the universal disillusionment with institutions of higher education. Universities are no longer in an unassailable and privileged position. Accountability has taken the place of privilege. To put it bluntly: just as no investor will be prepared to gamble on a concern which does not show dividends, state and society cannot be expected to invest heavily in higher education if institutions of higher education do not show returns, and returns not in the shape of research achievements or participation in public affairs, but in the success of teaching activities. If it is easy to defend research and community activities, it is becoming increasingly difficult to explain drop-out and failure rates.

And so, reflecting on the role of a university principal, I have realized anew that he must be, first and foremost, an educational leader, committed to the furtherance and the improvement of the teaching activities of a teaching institution.

To be an educational leader does not imply that one must be an educationist; it does mean that one must be prepared to learn, as, I am sure, you all, appointed as scholars or scientists but called upon to teach, are willing to learn and to apply the art and the skills of teaching — and of teaching in a very particular sense, in fact, in what was once considered to be an impossible sense. When the University of South Africa began to teach its so-called external students at a distance, many academic eyebrows were raised. We have proved the need for teaching at a distance; we have not yet fully proved its efficacy.

In the years of affluence universities were inclined to equate growth with

equality. More students meant more money, more facilities, more programmes, more activities. "More" became a synonym for "better". Even today this illusion persists. Universities, and departments, pride themselves on increases in student numbers, and conveniently forget to disclose failure rates.

The halcyon days are past. Performance has become the watchword. A factory is not judged by its size, but by its output in relation to its size. For universities, too, size is no longer synonymous with excellence; and the days are gone forever when even the public at large tended to evaluate universities by the magnificence of their lay-outs or the size of their enrolments. We shall have to ask whether we shall not have to cut down on numbers in order to enhance quality.

I know that there is resistance, if not revulsion, among academics, or academic aversion, to the application of management techniques to a university. And therefore I have learnt that the educational leadership expected of a Principal is still-born if he does not have the full participation and concurrence of his academic staff.

To some extent a Principal must operate within the confines of a statutory structure and in consultation with recognised representative bodies. He should, however, be free to solicit the opinions of other groups engaged in the common endeavour. He should try to obtain full participation in planning and decision making if he is convinced — as I am — that unless the talents of all groups and all persons are brought to bear on problems, the plans and decisions will neither be well made nor fully accepted — may in fact never be made at all.

Full acceptance cannot be expected. Participation will not always produce agreement or even consensus. But true participation is perhaps participation in the making of unpopular decisions. True participation rests on the willingness of all members of an institution "to face hard facts and real situations and on the courageous determination to participate in making tough as well as easy decisions". Since its inception the University has often been called upon to make tough and courageous decisions.

The University has survived and become what it is today because it has never lacked courage or creativity. The need for courage and creativity has never been higher or more urgent than it is today.

During your Principal's first term of office members of the academic staff, Deans and Heads of Departments, were asked to participate in, and at times simply to accept, the rationalization and improvement of management and administrative systems and procedures. The response has been most gratifying, and on that score the University cannot today be faulted.

It can be faulted in respect of its teaching methods and procedures. And so this year the call will be for participation in improving the teaching function of the University. The call will be made to every individual teacher, to reflect upon the aims and the effectiveness of his or her teaching. It will be made upon every Head of Department, upon Deans and Faculties. But above all it will be a call for collective effort to achieve the objects for which the University has been estab-

lished: to teach students at a distance, and to teach them as effectively and as successfully as possible.

I accept that in the process some ingrained attitudes will have to be questioned if not broken down. For one thing, university lecturers seem to be inclined to think in terms of what students should know, less in terms of how students can be taught to know what they are expected to know. For another, there seems to be among lecturers some inbred resistance to peer evaluation in respect of their teaching. I am, by the way, still rather doubtful about the validity of student evaluation, but it does seem strange that peer evaluation is still suspect. It has been said that the true hallmark of professionals lies in the willingness to have their work evaluated by colleagues. Academics have no objection to fellow-scholars scrutinizing their research work, but, having made teaching their profession, they have a strange aversion to fellow-teachers looking at their teaching proficiency.

To make our teaching effective, we shall have to rid ourselves of the habit of using the conventional classroom as the model, or the criterion, for evaluating distance teaching. That the conventional classroom is still regarded as the norm probably derives from the belief, or the assumption, supported by centuries of pedagogical theory, that physical contiguity is the essence, if not the *sine qua non*, of any and every teaching-learning situation.

We shall achieve nothing if we do not break ourselves of this habit, if we do not develop and apply a theory of distance teaching and a model for teaching at a distance or, perhaps more appropriately, for learning at a distance.

For the object of all teaching is to facilitate learning.

Ek hoop dit is duidelik waarop ek afgestuur het: die aankondiging van 'n Onderrigontwikkelingsjaar. Ek wil dit nie, soos enkele jare gelede, 'n onderrigjaar noem nie, want by enige en elke universiteit is elke jaar 'n onderrigjaar. Die reaksie op die afgekondigde onderrigjaar was egter bemoedigend. Dit het aanleiding gegee tot gisting, tot bevraagtekening, selfs tot onvergenoegdheid wat in baie studiedepartemente uitgeloop het op vernuwing en op interessante, by tye opwindende proefnemings waarvan met waardering kennis geneem is. Die Onderrigkomitee het indringend aandag gegee aan veral tegniese aspekte van ons onderrig. Die Buro vir Universiteitsnavorsing het, deels onder leiding van die Rektorat, deurlopend belangrike ondersoeke geloods na aspekte van ons onderrig. Die Buro was ook verskeie departemente behulpsaam in eie navorsing. Biblioteekdienste, Onderrigtegnologie, Rekenaarstelsels en ander het met insiggewende gegewens en aanbevelings na vore gekom. Studente het die afstandsonderrigproblematiek vir verhandelinge ondersoek. Maar intussen het die Akademiese Beplanningskomitee 'n ontydige dood gesterf en het baie inisiatiewe in die sand verloop, of tussen 'n verskeidenheid van komitees rondgeskipper.

Wat het oorgebly? Dikwels 'n gefrustreerde of verflouende geesdrif en 'n terugsakking in bekende, aanvaarde maar onbeproeft onderrigmetodes. En moontlik 'n teleurstelling wat aan wantroue grens in die "educational leadership" waarop gehoop is.

Sommige van ons het miskien in die geestestoestand verval wat beskryf is deur the ontwerper van 'n nuwe model vir voltydse onderrig:

You begin with discontent. You have shuffled your pack of cards so many times that every hand is familiar. You have replaced lectures with demonstrations, demonstrations with discussions, discussions with laboratory sessions, laboratory sessions with demonstrations, and demonstrations with lectures. You have added and subtracted, combined recordings, and closed-circuit television; you have changed your textbook every year or used something in its stead. You have even tried teaching machines. You have worked with all types and all frequencies of examinations. You have done just about everything but nothing seems to be much better than it was before, at least not for long, and you're about ready to throw in the sponge. You dream of becoming an Associate Dean, or wish you had nothing to do but research.

Die Rektooraat hoop om vertroue in sy leiding te herstel, om nuwe strukture daar te stel, om 'n daadwerklike poging aan te voor om die onderrig aan verwyderde studente so doeltreffend moontlik te maak. En daarvoor word 'n beroep op alle deelhebbers om samewerking en deelname gedoen. En die deelhebbers is nie tot dekane of departementshoofde beperk nie; ook die deelydse nasiener van werkopdragte moet betrek word.

Dat dit die Rektooraat erns is, blyk uit 'n onlangse vraeboog wat beoog om sieninge in verband met 'n onderrigmodel in te win, en waarop die reaksie bemoedigend is. Dit is egter maar die baie dun punt van 'n wig wat in die geekte, soms versterkte, onderrigmetodiek ingeslaan sal word. Die onderrigmetode wat, met enkele en aantreklike maar nie altyd verantwoorde aanvullings, die afgelope 30 jaar in swang was, sal bevraagteken word; die gewaande akademiese vryheid ten opsigte van onderrig sal moontlik aangetas word; daar sal gestreef word na 'n nuwe en vernuwend model met die nodige soepelheid vir vakrigtings of -metodologieë waar dit prinsipiëel verantwoord kan word.

Dit is hiervoor dat met vrymoedigheid 'n beroep op samewerking maar ook op inisiatief gedoen word. Ek weet dat die beeld en die aansien van die Universiteit ons almal na aan die hart lê. 'n Prinsipiëel deurdagte en konsekwent deurgevoerde onderrigmetode kan die Universiteit van Suid-Afrika slegs ten goede strek.

Die Universiteit van Suid-Afrika sal nie die enigste universiteit wees wat aan sy onderrigtaak aandag gee nie. Aan feitlik alle residensiële universiteite het institute of afdelings of leerstoele vir tersiêre didaktiek of, meer spesifiek, vir universiteitsonderrig ontstaan en word opleidingskursusse vir dosente aangebied. Van hulle kan die Universiteit van Suid-Afrika nie veel leer nie. Sy metode van onderrig moet net so eiesoortig soos sy aard wees. En hy beskik oor die kundigheid en die vindingrykheid om 'n onderrigmetode te ontwerp wat sy aard en sy taak sal pas. Die wetenskaplike gehalte van wat ons aanbied word vandag nie meer in twyfel getrek nie, die bevatlikheid daarvan vir ons studente — en spesifiek vir ons studente — moet ons self bevraagteken. Om die hand in eie boesem te steek is soms 'n pynlike ervaring, veral as daar 'n dolk in die hand is, maar dit kan ook 'n sanerende uitwerking hê.

Wat ons wil onderneem is só omvattend en mag só ingrypend wees dat dit nie in 'n jaar of selfs 'n paar jaar afgehandel sal kan word nie. Trouens,

onderrigontwikkeling, enige ontwikkeling, kan nooit afgesluit word nie. Dit moet 'n kontinue proses wees, soos dit gestel is, " 'n voortdurende proses van verandering wat doelbewus geïmplementeer word met die oog op die bereiking van bepaalde doelwitte".

Die vraag het ontstaan hoe ons te werk moet gaan. Moet ons ons eers net weer op die hoogte stel van wat gedoen word: statistieke saamstel, inligting inwin, besprekings voer, gedagtes wissel, standpunte versamel, en dan op grond daarvan leemtes aanvul of selfs 'n nuwe stelsel ontwerp? Of moet ons probeer om 'n teoreties gefundeerde model op grond van aanvaarde leerkundige en sielkundige teorieë daar te stel en toe te pas? Die een kan myns insiens gedoen word sonder om die ander na te laat, en die twee benaderings is aanvullend. Terwyl alle moontlike gegewens versamel word, kan met die modelbou voortgegaan word, kan dit selfs proefondervindelik geïmplementeer word om sodoende 'n verdere gegewe tot ons versameling gegewenhede by te voeg, maar 'n gegewe wat reeds die kiem van vernuwing mag bevat.

U sal besef dat om te volstaan met 'n grondige, selfs kritiese, ondersoek na ons huidige onderrigstelsel sou beteken dat die elemente daarvan nog slegs die bestaande as verwysingsraamwerk sal en kan hê. Die doel en gebruik van studiebriewe byvoorbeeld kan anders wees indien hulle elemente in 'n ander soort stelsel word. Werkopdragte mag 'n ander betekenis of strekking kry. Selfs eksaminering 'n ander doel. Daarom kan modelbou nie agterweë bly nie.

Maar ons sal wel ook duidelikheid moet verkry oor wat ons besig is om te doen.

Ons sal dus en vanselfsprekend begin met doelwitte, en allereers met die doelwitte van die inrigting. Ons sal moet besin oor die wese van die moderne universiteit en die doel van sy onderrig, byvoorbeeld hoe abstrak of hoe konkreet, bruikbaar of uiteindelik beroepsgerig dit moet wees; alle kennis is per slot van rekening bruikbaar maar sonder om noodwendig beroepsgerig te wees.

Die wese van 'n universiteit bepaal die doel van sy onderrig, om byvoorbeeld kennis oor te dra, begrip te kweek of taakvaardighede aan te kweek, en so meer. Op sy beurt bepaal die doel van die onderrig die aard daarvan; vanselfsprekend sal kennis en begrip van 'n gedig anders gekweek word as die vermoë om ingewikkelde boekhoustelsels te versorg. Tog sal gevra moet word of die onderrigmetodes wesenlik hoef te verskil.

Oor die wese van 'n universiteit kan nie *in vacuo* besin en besluit word nie. Dit word in groot mate vandag bepaal deur die behoeftes van die studente en die eise van die gemeenskap. Vandaar die verskil wat bv. oorsee toenemend tussen sogenaamd suiwer akademiese en tegnologiese universiteite gemaak word.

En hier tree die eiesoortige aard van die Universiteit van Suid-Afrika sterk na vore en die uiteenlopende behoeftes van sy studente, uit alle bevolkingsgroepe en alle lae van die bevolking, behoeftes wat strek van geestelike verryking tot indiensopleiding.

Daarom sal ons taak vanjaar tweeledig maar wedersyds aanvullend wees.

Ons sal eerstens na ons onderrigmetode moet kyk, na die wyse waarop ons onderrig oor 'n afstand aan verwyderde studente verskaf, afgesien van wie hulle is

of waarvoor of waarom hulle studeer. Of moet ons vra hoe ons onderrig oor 'n afstand aan 'n verwyderde student verskaf?

Die belangrikste maar ook bemoedigendste rede waarom 'n onderrigontwikkelingsjaar nodig geword het is die toenemende onvergenoegdheid, selfs onbehae, wat die afgelope tyd onder dosente te bespeur is met wat hulle doen en wat daardeur bereik word. "You begin with discontent." Dit het uitgeloop op bv. die aanwending van ander media as die geskrewe woord, op wysigings in die aanbieding van die geskrewe woord, op werkboeke en studieboeke, op meervoudige keusevrae, en op veel meer soos bv. die sinvoller aanwending van buite-nasienhulp, maar ook op departementele navorsingsprojekte en op individuele besinning oor die onderrigproblematiek soos blyk uit artikels in ITER of departementele publikasies en uit voorleggings aan die Rektooraat of aan komitees — en waarby ek aansluit in die enkele gedagtes wat ek hier voorlê. Op hulle beurt sluit die bespiegelings aan, en toon ooreenkoms met, wat moontlik die interessantste en gewildste innovasie is wat die afgelope dekade in die hoër onderwys oorsee voorgestel en ten dele in werking gestel is, te wete die sogenaamde PSI of Personalized System of Instruction, wat òf spontaan ontstaan het òf in aangepaste navolging van die sogenaamde Keller Plan. In die onderrigvernuwing, wat departemente by ons onderneem het, is daar elemente van dié model, maar in afsondering en nie as onderdele van 'n prinsipiële gefundeerde en gestruktureerde geheel nie. En volgens 'n persberig het 'n lid van die Komitee van Universiteitshoofde na aanleiding van die aandag wat die Komitee vanjaar aan die onderrigprobleem sal gee, betoog dat veral stelsels wat in die buiteland ontwikkel is om geïndividualiseerde onderwys moontlik te maak, ondersoek of beproef moet word.

Aan die interuniversitêre gesprek wat in die vooruitsig gestel word, sal die Universiteit van Suid-Afrika deelneem, maar hy sal ook sy eie, interne gesprek aan die gang moet sit. Want die eerste vraag wat in eie kring gestel sal moet word is of 'n "Personalized System", of geïndividualiseerde onderwys, werklik van toepassing gemaak kan word, selfs oorweeg kan word, vir 50 000 fisies verwyderde studente.

Dié vraag sou 'n paslike uitgangspunt vir departementele besprekings wees. Dit is, interessant genoeg, onlangs by 'n komitee van die Onderrigkomitee te berde gebring. Is ons, is gevra, besig met massa-onderrig of met persoonlike onderrig? Daar is volstaan met die gevoel dat ons besig is met onderrig aan 'n massa studente wat die individuele student moet en kan bereik en betrek. Daar sal verder besin moet word hoe dit gedoen kan word.

Die tweede en miskien nog belangriker vraag is of ons onderrig verskaf en of ons studente tot selfstudie moet prikkel of motiveer. Ons studente is uit die aard selfstandige studente, daarop aangewese om alleen en op hulle eie te studeer. Dit skyn vanselfsprekend dat die dosent die vermoë tot selfstudie by die student moet kweek. Maar dit stel hoë eise aan die dosering. Dit is nie genoeg om 'n netjiese, wetenskaplik onberispelike uiteensetting van 'n tema of 'n probleem te verstrek nie. Dit mag vakkollega's bevredig, maar is dit pedagogies verantwoord om

oningewyde studente daaraan bloot te stel? Die betoog moet onderbreek word deur vrae te stel, begrip te toets, selftoetsing moontlik te maak.

Hierdie is baie eenvoudige voorbeelde van wat gedoen kan word om wat soms studievaardigheid genoem word aan te kweek. Om dit te bereik is nie so eenvoudig nie.

Tereg word beweer dat enige leermeester-leerling verhouding, dit wil sê die onderrigsituasie, deur onderriggesprek eerder as 'n onderrigmonoloog gekenmerk moet word. In ons situasie is kommentaar op werkopdragte, enkele en selfs baie briewe en telefoonoproepe, sporadiese of selfs gereelde besprekingsklasse nie 'n voldoende oplossing nie. Hierdie is moontlik 'n derde besprekingspunt, maar vir my lyk dit eerder na 'n onontwykbare gegewe: dat die studiegids die primêre onderrigmedium bly, en dit moet die onderriggesprek aan die gang sit, volhou en enduit voer. Ander hulpmiddele en alternatiewe media kan seer seker met vrug aangewend word, maar moet altyd as aanvullend en nie as plaasvervangend nie gesien word. Trouens, dit is gestel dat in ons geval die wisselwerking tussen dosent en student vervang word deur die wisselwerking tussen studiegids en student.

Vanuit 'n standpunt oor grondliggende aspekte soos hierdie kan oorgegaan word tot die implementering daarvan in 'n onderrigmodel, of, as model vir ons te strak klink, onderrigmetode.

Moet elke departement, of desnoods elke dosent, 'n eie model of metode ontwerp? Ek het reeds aanvaar dat verskille tussen die aard van dissiplines en die doel van die onderrig ook in die onderrigmetodiek beslag mag vind. Ek het ook gevra hoe belangrik of hoe deurslaggewend dié verskille is. Afgesien van die waarde van kruisbevrugting wil ek verder betwyfel of enige doseerdepartement oor die veelsydige kundigheid beskik om 'n onderrigstelsel te ontwerp wat volledig in selfs sy eie behoeftes sal voorsien. Daarom word 'n spanpoging, 'n Universiteitspoging in die vooruitsig gestel. Die Open University het van die staanspoor van die veronderstelling uitgegaan dat onderrig nie 'n departementele aangeleentheid is nie. In die woorde van sy Vise-kanselier:

I firmly believe that departments are necessary units in a university. The department is the spiritual home of the members of a discipline; the head of department is the focal point of research in that discipline ... (The department can also be the administrative unit) ... But the department, efficient as it is as a base for university research, is not a good base for university teaching ... From the very beginning the Planning Committee was anxious to ensure that responsibility for the nature, the content and the teaching of each course offered by the University should be vested in the University as a whole. It should not be left to the whim of the individual department or the individual member of staff ... I had long believed that departmental control of teaching is a root cause of much that is wrong with educational programmes in conventional universities. It permits individual academics to produce courses designed primarily for the scholars of the future and militates against the provision of courses more suited to those whose careers lie outside the pursuit of the discipline concerned.

Dit is bekend hoe die leerstof vir elke kursus deur 'n sogenaamde "Course Team", waarvan die verantwoordelike dosent 'n lid is, ontwerp en opgestel word ooreenkomstig riglyne wat deur die akademiese liggame neergelê is. Het ons in dié verband 'n agterstand om in te haal?

Die tyd ontbreek om bv. op die PSI-stelsels in te gaan. Literatuur daarvoor ontbreek egter nie en geleenthede om dit te bespreek sal hopelik geskep kan word. Die behavioristiese inslag daarvan mag dit vir sommige verdag maak, maar die logistiek daarvan bevat elemente en berus op begrippe wat met vrug en met die oog op toepassing ondersoek kan word. Daar is bv. die poging tot stapsgewyse bemeestering van die leerstof, en die moontlikheid dat die individuele student, na gelang van omstandighede en intellektuele vermoë self die pas of voortgang van sy studie kan bepaal.

Ek wil dus volstaan met die vooruitsig dat die nodige meganismes daargestel sal word om onderrigbeplanning en -ontwikkeling te onderneem en dat op die samewerking van alle personelede beroep gedoen sal word.

In 'n onlangse artikel "Strategy for Training the Trainers" het James Porter geskryf:

Higher education must be the only multi-million pound industry where the workers have no specific training for their central task ... Some take the view that the university or college largely exists to enable the staff to get on with their own research and, in return, they accept that they have to teach at least a few courses. Of course, they do prefer to be teaching about their own research, which they may often do in a way which fails to connect with the students' more primitive knowledge of the general field in which they are engaged. Their approach to teaching other aspects of their discipline may often be less than enthusiastic ... Teaching techniques, interrelationship between theory and application, encouragement of independent learning, use of resources, even the basic skills in using various teaching aids are regarded as peripheral to their major interest in pursuing their own individual interests and scholarship. There are, of course, many other higher education teachers who have a deep interest in teaching students, but even for them there may be a failure to identify the major objectives, and relatively few training opportunities exist ...

Without an acceptance of the need to be effective and accountable, as well as openly self-critical, teachers in higher education may well find themselves at the receiving end of a much sharper debate than the one which is currently blowing through the schools. If the inevitable critique of higher education in the 1980's is to be met by a sustained and informed defence, time is already short for the groundwork of that defence to be established.

Porter bepleit dan induksieprogramme vir nuwe personeel, wat nou by ons 'n aanvang neem, wys op "the direct responsibility of the head of department or faculty chairman to see not only that there is appropriate induction but that good opportunities exist for staff development", onder andere in die erkenning van doseerbekwaamheid en die voorsiening van navorsingsgeleenthede; maar ook op die behoefte aan 'n eenheid, afdeling, buro of instituut "which is particularly concerned with an ongoing evaluation of teaching and learning".

Ons sal die strukture daarstel, maar dié kan slegs doeltreffend funksioneer indien die volle samewerking van die doserende personeel verkry en behou word. En, wil ek herhaal, indien ons aanvaar dat ons in die onderwysberoep staan en ons beroepsbeoefening 'n saak van erns en van eer word.

Dit val terloops op hoe ons Honneursstudente toenemend met navorsingsmetodes bekend gemaak word, in geval hulle eendag navorsing wil doen. Geen dosent sal hom aan navorsing waag as hy nie met navorsingsbeginsels en -tegnieke vertrou is nie. En daarom moet dit ons hinder dat sommige van ons

hulle skynbaar verstout om onderrig te gee sonder dat hulle hulle vergewis het van die didaktiese beginsels wat die leerproses op enige vlak ten grondslag lê. Dit is ironies, maar vir my tog strydig met die wetenskaplike gewete, dat navorsing as 'n professionele aangeleentheid beskou word, onderrig skynbaar as iets wat aan die, weliswaar welmenende, amateur oorgelaat kan word. Is die onderliggende gedagte dalk dat navorsingsresultate deur mede-wetenskaplikes beoordeel word, maar dat die student (as hy dan wil leer) self moet toesien dat hy wat aan hom aangebied word, en hoe dit ook al aangebied word, baas raak? Kan ons dan kla as studente die leerstof sonder begrip woordeliks probeer weergee?

Maar kan ons sommige van ons bestaande onderriggewoontes nog regverdig in 'n tyd wat roep om verhoogde produktiwiteit, wat slegs op verhoogde kundigheid kan berus? Die subsidies aan universiteite bevat 'n ruim salariskomponent, in ons geval om 'n intensivering van ons onderrig moontlik te maak. Maar intensivering van die onderrig beteken nie eenvoudig om meer dosente aan te stel of om allerlei hulpmiddels — hoe nuttig ook al — aan te wend nie. Dit beteken om ons primêre medium van onderrig, die gedrukte studiegids, na die beste van ons vermoë uit te bou en te slyp tot 'n doeltreffende doseer- en dus leerinstrument. Ons is nie almal opvoedkundiges nie, maar ons moet bereid wees om leiding te aanvaar maar ook om by te dra tot die ontwikkeling van 'n onderrigmodel wat op erkende en bewese opvoedkundige of leerbeginsels gebaseer is.

Ek het gesê dat ons taak 'n tweeledige is.

Wat eerstens nodig is, is 'n kritiese ontleding en evaluering van ons huidige onderrigmetode, met die oog op 'n moontlike verbetering, selfs algehele hervorming daarvan. Daarby sal ons van die aanname uitgaan dat ons onderrig studentgerig moet wees, die student tot selfstudie moet lei. Maar juis dáárom moet dit gepaard gaan met 'n ondersoek na ons studentebevolking. Ons moet weet hoe 'n student leer, hoe óns studente leer, hoe ons hulle moet leer om te leer. Maar ons moet ook weet wat en wie ons studente is, ons moet hulle omstandighede ken, hulle behoeftes en hulle vermoëns. Onderrig kan nooit los gemaak word van die studente op wie die onderriggerig is nie, van die voorstudie of voorkennis, van die intellektuele peil of die intellektuele vermoë, van die sosio-ekonomiese maar ook kultuuragtergrond van die student nie. Dit is 'n aksioom in die kommunikasieteorie dat die boodskap deur die bestemming daarvan bepaal word, net soos 'n bemarkingstrategie die aard en die behoeftes van die verbruiker in ag moet neem.

Hierin lê een van die grootste uitdagings waarvoor die Universiteit te staan gekom het en wat hy nog nooit werklik onder die oë gesien het nie. Anders as die ander universiteite wat 'n redelik homogeen studentekorps van skoolverlaters met min of meer dieselfde sosiale en opvoedkundige agtergrond bedien, moet ons voorsiening maak vir die hele wye spektrum van ouderdoms-, etniese, kulturele, taal-, sosiale en opvoedkundige verskille.

Ek het al by geleentheid gevra of die eerste kursus in Ekonomie op dieselfde wyse aan 'n maatskappy-direkteur in Houghton en 'n skoolverlater in Soweto aangebied kan word. En, indien wel, met dieselfde uitslag?

Het ons al ooit probeer om dié verskille in ons onderrig in aanmerking te neem, en daarvoor voorsiening te maak? Al moet die leerstof dieselfde en standaard onaangetas bly, moet nie op verskillende maniere opgetree word om die skoolverlater uit Soweto en die maatskappy-direkteur in Houghton in staat te stel om die leerstof te bemeester en aan die standaard te voldoen nie? Moet ons dink in die rigting om 'n bepaalde dosent bv. toe te wys om sy of haar aandag uitsluitlik en ten volle aan 'n bepaalde groep of kategorie studente te wy? Moet ons met ander woorde in die rigting van gedifferensieerde onderrig beweeg? Of moet ons na 'n onderrigmodel soek wat dié verskille kan akkommodeer? Op wie is ons onderrig op die oomblik gerig?

Ons sal ons studente moet leer ken, nie alleen hulle ouderdoms-, etniese, sosiale en ander verskille nie, maar ook die graad van potensiaal vir universiteitstudie, waarby ons onderrigmetodiek aangepas moet word. Weet ons watter persentasie van ons studente volle matrikulasievrystelling het (en hoeveel in die eerste of die tweede klas), hoeveel voorwaardelike vrystelling en hoeveel die sogenaamde "oupa"-vrystelling op grond van ouderdom? Graadpotensiaal is 'n relatiewe begrip, maar hoedanig word hierdie verskille in graadverwerwing weerspieël?

Maar meer nog: ons sal meer te wete moet kom van ons druipele en van ons uitsakkers. Is ons bewus van die hoë persentasie eerste inskrywings wat laaste inskrywings is? Daar sal baie redes hiervoor wees, maar dié moet nagevors word. Watter persentasie van ons studente verkry eksamentoelating, en watter persentasie van dié meld hulle vir die eksamen aan? Die druipele is nie ongunstig nie, die uitsakkingsprobleem dwing tot indringende navorsing.

U sal kennis dra van 'n ondersoek wat die Komitee van Universiteitshoofde na die druipele of uitsakking onder eerstejaars aan residensiële universiteite onderneem en wat redelik wye publisiteit geniet. Dié ondersoek het interessante, deels opspraakwekkende bevindinge gelewer. Unisa is vanweë sy andersoortigheid nie by hierdie ondersoek betrek nie, maar van hom sal verwag word om soortgelyke inligting te verskaf, en hy sal nie in die anonimiteit van 'n residensiële universiteit kan deel, of daaragter kan skuil nie.

Toe Kruger in Mei 1883 tot Staatspresident verkies is, het hy besluit om vir hom op een van die erwe 'n groter huis te laat bou. Dit is tydens sy afwesigheid in Europa, waarheen hy 'n deputasie gelei het (van Augustus 1883 tot 25 Julie 1884 — sy derde besoek) opgerig. Na sy terugkeer kon hy intrek en in Augustus 1884 het hy in sy "nuwe ampswoning" 'n eetmaal gegee vir lede van die Volksraad, regters, hoofde van die staatsdepartemente en predikante. *De Volkstem* het berig dat daar 60 persone teenwoordig was en dat die verrigtinge van halfagt tot halfelf die aand geduur het.

Dit is interessant om daarop te let dat dit Kruger se eie huis was en nie staatseiendom of werklik ampswoning in die moderne sin van die woord nie. Daar was wel ná die Jameson-inval in 1895 'n plan om vir die staatspresident 'n tweeverdieping-ampswoning te bou. Hierdie praghuis, waarvan daar 'n skets agterop die program verskyn, het egter, soos baie ander planne van die Republiek, agterweë gebly. Dit was dalk goed so, want die Krugerhuis met 'n stille waardigheid en 'n sekere statigheid, was miskien nader aan sy twee geliefde inwoners as die beplande nuwe woning.

Daar is onsekerheid of Kruger self die boukoste van hierdie huis gedra het. Daar bestaan trouens 'n sterk moontlikheid dat die bekende nyweraar, konsessionaris, grondbesitter en vrederegter, Alois Hugo Nellmapius, die huis aan Kruger geskenk het. Die bouwerk is skynbaar wel deur Nellmapius aan- en deurgevoer. Hy het die argitek Tom Claridge uit die Vrystaat laat kom om die huis te ontwerp en die bouplanne te teken. Die bou-aannemers was twee Engelssprekende Pretorianers, Charles Clarke en Fred Herbert. Die stene wat gebruik is, is gebak in Clarke se steengroef op die terrein waar die spoorweggoedereloods in Visagiestraat tans geleë is. 'n Seun van Clarke, en latere L.V., het vertel dat sy vader die messelklei met melk aangemaak het. Hulle het sement in die plek van die beproefde gebrande kalk as bindmiddel gebruik. Sement was toe nog nie so goed bekend nie, en hulle het gemeen dat melk die sement beter as water sou bind. Elke dag is alle beskikbare melk van Clarke se huis op die hoek van Potgieter- en Schoemanstraat na die bouery in Kerkstraat gedra.

In talle beskrywings sedertdien word beweer dat die Krugerhuis in die Colesbergstyl, of Graaff-Reinetstyl, of, samevattend, die Karoostyl gebou is. Dit is in baie opsigte 'n korrekte beskrywing, want die huis is soortgelyk aan wonings wat vandag nog in talle Karoodorpe aangetref word. Dit is 'n styl wat sekerlik sy wortels na die Victoriaanse terugvoer — hoe ironies ook al — want daar is voorbeelde met baie dieselfde karaktertrekke in Bolandse dorpe soos Caledon, Wellington en Paarl en in deftige Kaapse voorstede soos Claremont, Wynberg en Nuweland. Die styl het met die laat 19e eeuse Engelse invloede noordwaarts versprei, en dit is nie toevallig dat die argitek van Krugerhuis 'n Engelssprekende was nie.

Daar is ander menings oor die styl van die huis. Moontlik is Petra van Zyl reg as sy dit as 'n mengsel van style beskryf. Sy beskryf die kroonlysgewels, die lys om die voordeur en die gepleisterde lyswerk as laat-Renaissance, en die voor- en agterstoepe as Oosters. Gerhard van der Waal wys weer op neo-Gotieke motiewe: die simmetriese basis met die twee identiese pawiljoene aan weerskante en die ingang in die middel. Die spitsboog van die ventilasiehortjie en die strak lyne van die gewels herinner ook aan die Gotiek. Wat die interieur betref, was die atmosfeer volgens D. Picton Seymour tipies van die latere deel van die 19e eeu met al die kenmerke van daardie tydperk: muurpapier met blompatrone, nagemaaakte marmer-verfwerk op die mure van die portaal, egte marmerkaggels, kunsmatig-geverfde houtwerk, ondeursigtige en gekleurde glas met patrone daarop in die boligte en die deurpanele.

Of òf die President òf sy burgers veel erg aan 'n argitektoniese ontleding van die boustyl sou gehad het, is te betwyfel. Vir hulle was dit ampshuis en woonhuis, en 'n huis waaraan die President en sy eggenote 'n besondere karakter gegee het.

Die President se dag het blykbaar baie geroetineerd verloop. Hy het vroeg gaan slaap, en nooit later as vyf uur opgestaan nie. Die dag het met godsdiensoefening begin, wat almal in die huis, insluitende die gaste, moes bywoon. Die huishoudster en die koetsier moes ook teenwoordig wees. Selfs die twee wagt moes op die stoep by die oop deur gaan staan en luister. Vermoedelik het hulle daarna die Vierkleur gaan hys, wat hulle die vorige aand teen sonder gestryk het.

Want teen sesuur het die bonkige figuur van die President op die voorstoep verskyn om die eerste besoekers te ontvang. Ná die agtuur-ontbyt was hy weer vir besoekers beskikbaar. Van nege- tot twaalfuur was hy op kantoor, maar ná die middagete het hy weer besoekers ontvang. Van twee- tot ongeveer vyf uur was hy weer op kantoor, daarna en tot sonder weer vir besoekers tuis. En altyd was koffie byderhand. Op sy verjaarsdag in 1896 is meer as 'n duisend koppies koffie geskink.

Hoogwaardigheidsbeksleërs is normaalweg in die ontvangkamer, die "President se kamer", ontvang, maar die huis van Kruger was oop vir sy familie en vriende, inderdaad vir almal, groot en klein, belangrik en minder belangrik, wat oom Paul 'n handdruk wou kom gee.

Talle interessante foto's toon duidelik watter rol die voorstoep in die daaglikse lewe van Kruger gespeel het. Op die stoep het hy met sy vriende en raadgevers sit

en gesels, of was hy omring deur sy persoonlike personeel, of het hy as President vir foto's geposeer. Op een foto gesels hy met 'n gas terwyl 'n tuinjong in die tuin werk en twee Zarps die wag hou; op 'n ander spreek hy die Amerikaanse Vrywilligerkorps voor sy stoep toe. Op 10 Oktober 1896 is hy by 'n tafel met 'n ruikertjie tussen die twee marmerleeus wat die mynmagnaat Barney Barnato op daardie dag aan hom geskenk het, afgeneem.

Dit alles, en nog veel meer, het op die eenvoudige maar geskiedkundige stoep plaasgevind, die stoep wat so 'n kenmerkende deel van die styl en die karakter van die huis was. "Hierdie stoep", het wyle minister Piet Grobler, wat menigmaal daar uit die Engelse koerante vir die President voorgelees het of getolk het wanneer daar vreemde besoekers was, in 1936 gesê, "geplavei met sy blou leiklippe uit 'n naburige koppie, is vir ons Suid-Afrikaners heilige grond omdat dit ons herinner aan een van die grootste figure in die geskiedenis van die Afrikanervolk."

Kenmerkend saam met die stoep was die tuinmuur voor op die straat met sy gekruisde patroon van houtwerk wat in die sierwerk op die stoep en onder die stoepdak herhaal is. Hierdie tipiese tuinmuurtjie is ná die Britse besetting van Pretoria in 1900 met 'n deftige dekoratiewe gietystertraliewerk vervang. Die tuinmuurtjie het weer sy oorspronklike ontwerp teruggekry; maar toe Kerkstraat geteer is, het die oop watervoor en die bloekombome, wat so tipies van daardie tyd was, in die slag gebly. Om die atmosfeer wat die huis in Kruger se tyd gehad het, volledig te herstel, kan die bome maklik weer agter die muurtjie aangeplant word waar hulle destyds gestaan het, en die oop watervoor kan saam met die oorspronklike gruisoppervlakte herskep word as deel van die prysenswaardige gedagte om 'n Krugerplein tussen die Krugerhuis en die Gereformeerde Kerk te skep. Die Krugerhuis, wat geskiedkundig en ook argitektonies een van die kosbaarste skatte van Pretoria van die vorige eeu is, sal eers dan tot sy volle reg kom.

Op 30 Mei 1900 was die stoep verlate en die huis stil. Die vorige dag het die gryse President op sy ballingskap vertrek. Sy eggenote wat weens ouderdom en siekte hom nie kon vergesel nie, het in Pretoria agtergebly en is daar op 20 Julie 1901 oorlede.

Na haar dood is die huis deur die *South African Constabulary*, die militêre polisie, oorgeneem en as woonkwartiere gebruik. Nadat die polisie die huis teen 1903 ontruim het, is dit as 'n losieshuis verhuur wat onder die naam *The Presidency* bekend gestaan het. In April 1904 het F.C. Eloff, skoonseun van Kruger, die huis uit die boedel gekoop. Eloff was toe nog in Switserland by die President, wat kort daarna op 14 Julie 1904 oorlede is. Sy stoflike oorskot is na Pretoria gebring en op 16 Desember 1904 ter aarde bestel. 'n Diens is in die opelug op die plein tussen die huis en die kerk gehou. Die huis, so het iemand geskryf, "waarvoor men helaas zóó weinig eerbied heeft gehad dat zij voor herberg gebruikt wordt, zij is evenwel thans zwart en paars behangen, dat echter weer door een groote Engelsche vlag ontsierd wordt".

Na die begrafnis het daar stemme opgegaan teen die gebruik van Krugerhuis as 'n losieshuis. Aan die besware is gehoor gegee. Nog in 1904 het die weduwee

Johanna van Broekhuizen, moeder van die latere bekende dr. H.D. van Broekhuizen, en haar twee dogters die huis betrek. Sy was begaan oor die groot getal Afrikanervroue wat tydens kindergeboorte gesterf het, en het haar beywer vir die opleiding van Afrikanermeisies in die verpleeg- en verloskundede. Die Bond van Afrikaanse Moeders het in 1919 onder haar voorsitterskap tot stand gekom, en in 1920 het die bekende Moedersbond die Krugerhuis as eerste tuiste vir 'n kraaminrigting gehuur.

Die beweging om die Krugerhuis in 'n bewaarplek vir Krugeraandenkings te omskep wat verspreid gelê het onder familieledede en oorsee, en reeds gedeeltelik deur die Transvaalse Museum in bewaring geneem is, het teen 1923 begin. In 1925 het die huis staatseiendom geword toe die Unieregering dit vir £3600 uit die Eloffboedel gekoop het. Die Moedersbond kon egter eers teen 1932 daaruit na Beatrixstraat verhuis, en toe eers kon dit as bewaarplek vir Krugeraandenkings ingerig en in sy oorspronklike staat herstel word. £900 is aan herstelwerk bestee. In Oktober 1933 het die regering die gerestoureerde woning onder die sorg van die Transvaalse Museum geplaas. Op 10 Oktober 1934, vandag presies 50 jaar gelede, het Albert Kuit, Kommissaris van Spoorweë en kultuurhistorikus, Krugerhuis as museum geopen.

In April 1936 het die Historiese Monumentkommissie Krugerhuis tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar, en in 1964 is die Krugerhuismuseum onder die sorg van die pas gestigte Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum geplaas wat net soos die Transvaalse Museum daarna gestreef het om Krugerania in te win en die Krugerhuis so na moontlik aan die oorspronklike in te rig. Hulle en baie ander het daartoe bygedra om van die Krugerhuis nie alleen volksbesit te maak nie, maar ook om dit tot 'n historiese vertoonstuk uit te bou.

Hiermee het ek aan die einde gekom van die taak wat aan my opgedra is: om u kortliks mee te deel waarom ons vandag vir 'n tweeledige herdenkingsgeleentheid hier byeen is, maar veral om u bekend te stel met 'n huis wat, onwetend, 'n stuk geskiedenis vasgevat het en versinnebeeld.

Ek sluit hierdie in hoofsaak feitelike relaas af deur die slotparagraaf uit die brosjure oor die Krugerhuis wat deur wyle dr. De Kock opgestel is (en wat alles wat ek gesê het, bevat en nog veel meer) aan te haal:

Vanaf sy balkon in die villa aan die meer van Genève het hy (Kruger in ballingskap) die ewige sneeuspitse van die Alpe rondom hom sien troon. Op die spieëlgladde water het bootsmanne geseil en met die hand gewuif na die ou man daarbo oor wie die hele Europa eens gepraat het. Rondom hom was sy vriende en nasate, ook die kleintjies wat tot enkele dae voor sy dood aan Oupa en Groot-oupa se knie kom staan het en sy eie taal gepraat het.

Wat sou voor sy geestesoog verbygegaan het terwyl hy so oor die water van die Lacus Lemannus gekyk het waarvan die Romeine al tweeduisend jaar tevore geskrywe het? Sou hy water en sneeubedekte spitse gesien het, of sy eie Transvaal — elke berg, koppie en vlakte waar sy voetspore gelê het, elke huis waar hy gewoon het op die lange weg tot hier waar die skemering nou gedaal het — wie sal sê?

Of sou hy waar hy op die balkon voor sy kamerdeur gesit het, veral gedink het aan die stoep van die huis in Kerkstraatwes?

8

THE LAST TERM

Opening, Unisa, 10.2.1986

I LIKE TO THINK that 30 years ago a Principal's chair was a comfortable one (not the hot seat it is today). In those days universities were held in high esteem and largely left to their own devices, bountifully supplied with what they required and even with what they did not need, and the Principal's main problem was probably the at times acrimonious but generally harmless debates among academics about some esoteric or abstruse subject.

All this has changed. If universities were always able to claim that their fundamental purpose of creating and transmitting knowledge through teaching and research required a substantial degree of independence, they are increasingly being subjected to pressures of all kinds, and to critical scrutiny from many quarters.

I quote at some length from *Universities: the Management Challenge* by Geoffrey Lockwood and John Davies: "... the functions of universities ... make them subject to legitimate public interest in their affairs and how they conduct them. They consume public funds and employ human and other resources; they produce educated manpower; they are ultimately servants of society in their production of

knowledge, however abstruse” — and in all of these state and society have a direct interest: how is the taxpayer’s money expended; how are the human and other resources applied; what kind of manpower and of knowledge is being produced? The “external pressures and exhortations are numerous. Universities need: to economize; to adapt to the needs of current society; to train their teachers; to make their teaching and research more relevant to the requirements of the economy; to improve the standard of behaviour of their members; to be more democratic in their government; to serve the local community; to concentrate upon the development of science and technology; to maintain an awareness of their role as the protectors of the national cultural heritage; to encourage creativity; to have a closer relationship with industry; to educate people to live in the world of the twenty-first century; to lessen their influence on pre-university education; ... to be more positive in providing opportunities for the mature, the disadvantaged, etc.”

Who, of sound mind (it may well be asked) would choose to head a university and expose himself to all these external pressures and demands, which ultimately stem from basic national forces, such as financial hardship, demographic trends, changing social, political and technological features, and for that very reason invite the scrutiny, if not control, of a plethora of external bodies, ranging from Parliament to public opinion, “which in varying ways and to varying extents impose, interpret or mitigate (the) pressures of the external world ...” .

Die druk kom egter nie net van buite nie. ’n Uitdyende akademiese omgewing genereer sy eie en eiesoortige spanninge wat spruit uit die aanspraak op akademiese vryheid en die uiteenlopendheid, selfs teenstrydigheid, van standpunte en sieninge. In ons geval stel andersoortigheid ook eiesoortige administratiewe en onderrigprobleme, vir die oplossing waarvan deskundigheid deur vindingrykheid aangevul moet word, ywer deur ’n besondere graad van toewyding en betrokkenheid.

Tog, en ten spyte van die eise wat dit stel, is dit ’n voorreg om nog vir enkele jare afnemende leiding te probeer neem.

Wat die laaste jaar sou gewees het; het die laaste termyn geword. Die laaste jaar sou afsluiting gewees het, die laaste termyn word afronding, wanneer geleidelik onttrek en oorhandig kan word. Die afloop word ook ’n aanloop, en die bydrae van die hele personeel tot sowel afloop as aanloop soveel belangriker: om deur positiewe betrokkenheid die oorgang te vergemaklik, die oorgang van sluitsteen na hoeksteen, van af- na oopsluiting. Die agenda vir ’n toekomstige bedeling moet oop wees, maar almal moet tot die opstelling daarvan bydra. En ’n agenda is altyd toekomsgerig, die verlede bloot ’n verwysingsraam, nie ’n matrys nie.

Much has been said about the management of a university (and I may reflect on it at some future stage — reflect, not prescribe). But it has always been, and must remain, corporate and participatory management. That is of its essence. Even the most junior member of the university must know that he is participating, that he or she can contribute to decision-making. And that is where commitment comes in, active commitment, not a passive acceptance of what has been decided upon in

the higher and unapproachable echelons of power. And if the administrative and academic structures do not provide for full participation, they will have to be rethought.

What is the role of the Principal or head in this corporate enterprise?

Speaking at the installation of a University President at the Los Angeles campus of the University of California some years ago, Sir Eric Ashby, who had himself been Vice-Chancellor of Cambridge, said that durability is a prime component for a university president. To be head of a university is a hazardous occupation, if not as hazardous as it was centuries ago. Between the years 1505 and 1601 five chancellors of Cambridge were executed, not primarily for academic reasons, but, Ashby suggests, because, both inside and beyond Cambridge, they had too much power.

A Vice-Chancellorship is today less hazardous than it was in the Middle Ages but, as Hutchins wrote years ago, it is a greater strain upon the character than the intellect. "That's why durability is the prime component."

What power or authority does a Principal or President have today? Somebody has said that he only has the power of persuasion. Universities are described as communities of scholars, which of course does not say anything about their organization. Burton Clark has called them institutions for the management of knowledge. To quote Ashby again: "Unlike workers in industry, each worker creates his own product. Unlike strategy in the armed forces, those in command do not set one goal by orders from the top. The essential work of the university goes on at the frontiers of knowledge. That's where the experts are, eagerly pushing the frontiers outwards. In the middle of all this excitement, in the eye of the vortex, sits the (Principal). He was at one time at the frontiers himself, but now he can no longer work here. The most junior (staff) member is better qualified than (he is), when it comes to oncogenic protein sequences, or interstellar scintillation, or tribal law in New Guinea, or medieval Greek. It may be (as has been suggested) that the medievalist can get on perfectly well without a biochemist on the campus. The paradoxical thing is that neither of them could get along without the president — though some may think they could. (I am still quoting Ashby.) For he represents the force of cohesion, compensating the centrifugal forces along the frontiers, preventing the great institution from flying apart." And, of course, he must try to convince scholars that their community, no less than any other, must be administered, even if it cannot be ruled.

And in administering one must realize that you are presiding over people, not over concepts such as "department" or "faculty". "The prime problem of administration is to assure the thousands of members of the university that they are regarded as individual people, each unique, each doing his or her own thing."

Ashby concluded his address with an appeal to staff and students: They could rely on the president to regard each of them as a person, not a code on a computer. "So I ask you to promise something, too, at this installation. It is hard to realize that university presidents ... are even remotely human: so great are their responsibilities. Let me assure you: they are human. So in the years ahead, when you talk

about the President of this University (as you often will) remember that he ... (is) struggling with difficult decisions and is (a person), like everyone else."

Ek het verwys na druk en spanninge, van buite en van binne, waaraan 'n universiteit onderhewig is. In ons geval word dit verhewig en op die spits gevoer deur 'n ongekende en onvoorsiene styging in studentegetalle. Verlede jaar het inskrywings met bykans 20% toegeneem; vandag staan registrasie reeds op 80 295 (gelukkig was daar al 921 kansellaries) wat 'n verdere groei van nagenoeg 15% verteenwoordig. Dit is nie onwaarskynlik nie dat die finale telling 85 000 sal haal of oorskry. Geen inrigting of instelling kan groei van dié omvang absorbeer of hanteer of bedien as daar nie met vrymoedigheid op buitengewone inspanning, toewyding en opoffering 'n beroep gedoen kan word nie. Die studente wat in twee jaar bygekom het, sou reeds op hulle eie 'n middelslag-universiteit uitmaak. Toegegee dat die vestiging van 'n universiteit nie ter sprake is nie, maar feit bly dat 85 000 studente deur 'n personeel en 'n infrastruktuur bedien moet word wat, deels vanweë die vertraagde voorsiening wat staatsubsidiëring vir groei maak, met redelike gemak 65 000 kan hanteer. Wat in 1985 van die personeel gevra is, sal in verhoogde mate in 1986 gevra word.

Die redes vir die buitengewone toename in studentegetalle kan nog nie ten volle verklaar word nie.

Ek wil dit graag toeskryf, nie net aan behoefte nie maar ook aan aansien en erkenning wat deur die gehalte van onderrig en diens verwerf is. Ons kan nie toelaat, kos wat dit wil, dat die gehalte of die aansien skade ly nie.

Anders as by 'n residensiële universiteit is die groei in studentegetalle nie altyd sigbaar nie. Dié wat in die geleentheid was, of gestel is, om die afgelope tyd die registrasieproses te ervaar of waar te neem, het onder die indruk, of die druk, daarvan gekom. (En ek wil graag weer my waardering uitspreek vir die vriendelikheid en blymoedigheid waarmee administratiewe amptenare malende studentemassas bedien en gehelp het.)

Indien slegs die helfte van die groeikoers van die afgelope twee jaar vir 'n verdere twee jaar sou voortduur, sal ons die laaste termyn met 100 000 studente afsluit, meer as drie keer meer as waarmee die eerste termyn begin is. Om dit te kan bolwerk, sal ons onder meer aandag moet gee aan personeelvoorsiening maar ook aan algemene produktiwiteitsverhoging (wat in administratiewe gelede reeds meer as 30% is: maar hoe meet 'n mens dit in akademiese werkverrigting — of is dit bloot gewetensaak?); aandag aan 'n moontlike inkorting van studentegetalle, deur toetrede te beperk of uitrede aan te help: aan die uitbouing van fisiese fasiliteite en infrastrukture by sowel die hoofkampus as die streekkantore (ons was verplig om nou reeds die beplanning van 'n volgende gebou hier aan te voor, terwyl die nuwe biblioteekgebou nog in aanbou is, en die eie gebou in Durban nog in die beplanningstadium); aandag aan onderrigstrategieë wat sal verhinder dat gehalte deur grootte versmoor word, kwaliteit deur kwantiteit; en aan die aanwending van elektroniese hulpmiddele by sowel onderrig as ondersteunende dienste (ons ondersoek die moontlike aanwending van laserdrukkers wat 'n studiegids van 200 bladsye binne 'n minuut kan

produseer terwyl die student daarvoor wag). Ons sal die volgende drie jaar radikaal, selfs rewolusionêr, moet dink en beplan. Die jare 1986–1988 moet die wegwyser na 2000 wees. Ons wil nie monumente oprig nie, maar mylpale. In die ratkas van die tyd, het 'n kollega onlangs gesê, is daar geen trurat nie.

En in alles wat ons doen, sal ons nog universiteit wil bly. En sal ons by name nie agter die aanspraak op andersoortigheid kan skuil nie.

As ons terselfdertyd daarop aanspraak maak dat ons volwaardig lid van die universiteitsgemeenskap is, het ons deel aan die lotgevalle en die beproewinge van die universiteitswese in sy geheel.

Ons sal probeer om die druk van studentetoestroming die hoof te bied. As akademiese, hoër onderwysinstelling moet ons ons eger nie blind staar op die probleme van skaalvergroting nie. Dosente kan tereg verwag dat aan hulle kantore, biblioteek-, rekenaar- en ander navorsingsfasiliteite voorsien sal word. Ons sal die ruimte probeer skep, ten spyte van finansiële knellings: kantooruimte, verlofruimte, navorsingsruimte, akademiese leefruimte. Maar die ruimte moet gevul word. Die toekoms van 'n universiteit, en van die universiteitswese, sal uiteindelik bepaal word deur die wyse waarop die verpligting ten opsigte van die verbreding en die verbreding van kennis nagekom word. Ons sal ook gemeet en beoordeel word aan die doeltreffendheid van ons onderrig en die gehalte van ons navorsing.

Universiteite staan vandag wêreldwyd in die drukgang van verandering. Meer as ooit tevore word aanpassing en vernuwing geëis. Hulle moet hulle verweer teen aanslae en aansprake wat hulle aard en wese in die gedrang bring. Daar moet weer meer prinsipiële en minder pragmatiese ooreenkomste oor die wese en taak van die universiteit besin word, 'n besinning waaraan ons as lid van die universiteitsgemeenskap moet deelneem en waartoe ons vanuit ons besondere standplaas en gesigsveld 'n bydrae kan lewer. Die druk waaronder die universiteitsgemeenskap vandag verkeer, dwing tot rekenskap en verantwoording, wat slegs gedoen kan word indien daar in eie geleedere duidelikheid is oor waar en waarvoor 'n universiteit staan. Dit is slegs as hulle vir hulleself duidelikheid het oor hulle taak dat universiteite rigting en sin kan gee aan die vernuwing wat 'n veranderende wêreld van hulle eis.

Teen die jaar 1950, is gesê, kon die universiteit nog heel toepaslik beskryf word as "a small community of intellectually talented people separated from the larger society and united internally by a respect for knowledge and a love of learning that is involved in a search for truth and the perpetuation of high culture and civilized living" (M.G. Ross, *The University*, 140). Dié idilliese siening van 'n universiteit was eger reeds 'n nostalgiese, ingehaal deur aanpassings wat aan die eise van veranderende omstandighede gemaak moes word.

As maatskaplike instelling was die universiteit nog altyd gevoelig vir maatskaplike verandering, veral wanneer dit nuwe verwagtinge en eise aan die hoër onderwys gestel het. Waarop die universiteit bedag moet wees, is dat voldoening aan die verwagtinge nie sy wese, selfs sy bestaan, in gevaar stel nie. 'n Onlangse koerantartikel het die opskrif: *Is Universiteitstudie nog die moeite werd?*

Die vraag wentel om die nut of waarde van universiteitstudie, met die oog op

die oënskynlike ooraanbod van gegradueerdes en die ontoepaslikheid van die kennis waarmee hulle die universiteit verlaat. Suid-Afrika het meer behoefte aan tegnisi en tegnoloë as aan ten duurste opgeleide werksoekers met nuttelose B-grade — die strekking van die betoog.

Tydens 'n internasionale kongres in 1984 het Tolley beweer dat “the marks of an institution in transition have now emerged. I think we can define them as being typified by a search for responsiveness, for flexibility and for openness. By responsiveness I means securing an institution that has a closer orientation to the market, a search for relevance and a concern for involvement in the community. By flexibility I mean a wider element of choice for the student, opportunities, and a greater concern with student-centred learning. By openness I mean much more liberal policies for access and for a broader base of selection.”

Miskien kan ons die hele problematiek rondom universiteitwees in die vierde kwart van die twintigste eeu saamvat in drie eenvoudige vrae: *waarvoor, hoe en (vir) wie* moet die universiteit oplei?

Die sterker wordende en al duideliker geartikuleerde aandrang op onmiddellik toepasbare, praktykgerigte, beroepsopleiding (die *waarvoor* van ons vraag) is moontlik die mees opvallende aanslag op die tradisionele siening van die universiteit en sy taak, en 'n eis wat tot die spanning tussen beroepsafrigting en algemene vorming aanleiding gegee het. Dit spruit in hoofsaak voort uit die kennisontploffing en die tegnologiese omwenteling, maar ook uit mannekragtekorte.

Dit is interessant dat die eis veral van sakeleiers kom, wat vermoedelik self 'n akademiese skoling deurgemaak het sonder dat hulle daardeur skade gely het; wat die vermoede laat ontstaan dat beroepsparate opleiding vir die laere kaders in die betrokke beroepe verlang word, nie soseer vir die toekomstige leiers nie. En dit is juis vir leierskap dat die universiteit moet oplei. Dit is van die leiers dat kritiese denke en gesonde waarde-oordele naas beroepskundigheid en -vaardigheid verwag word, en wat nie net in die beroepsituasie nodig is nie. Wanneer van “relevansie” gepraat word, moet dit ook betrekking hê op maatskaplike betrokkenheid en verantwoordelikheid.

Universiteite het natuurlik altyd hoëvlak-mannekrag voorsien, en sal dit steeds moet doen, maar die opleiding het altyd 'n sterk algemeen vormende komponent of substratum bevat — juis waarteen dikwels beswaar gemaak word. Moontlik het universiteite self gefouteer. Toe hulle die enigste suiwer tersiêre onderwys-inrigtings was, was hulle geneig om hulle vlerke wyd te span en graadopleiding begin verskaf vir beroepe en bedrywe by wie dit nie in die eerste plek om die akademiese inhoud of gehalte van die opleiding gegaan het nie, eerder om die bruikbaarheid daarvan, en om die status wat graadverlening aan die beroep of bedryf sou verleen (vergetende dat 'n universiteitsgraad nie status gee nie, dit slegs erken).

Hierdie probleem is die afgelope jare deur die KUH en die AUT aangespreek, en daar is in die breë ooreengekom oor graad- en kwalifikasiestrukture aan Suid-Afrikaanse universiteite waardeur die balans tussen algemene vorming en

beroepsopleiding herstel kan word. Tans word die verhouding tussen professionele rade en universiteite onder die loep geneem.

Aan 'n universiteit moet dit om sinvolle eerder as toepaslike beroepsopleiding gaan. Wetenskaplike vorming, die skoling in wetenskaplike denke, moet as taak van die universiteit gesien word. Dan vervaag die onderskeid en verslap die spanning tussen algemeenvormende en beroepsvoorbereidende aanbiedinge. Elke aanbieding aan 'n universiteit behoort op wetenskaplike vorming afgestem te wees. Dan is beroepsopleiding ook algemeenvormend en berei algemene vorming vir beroepsbeoefening voor. "Narrow specialization cannot demand the sacrifice of broadly applicable skills. Technical competence, however urgent the need, cannot supplant a broadly based intelligence."

Dit is bemoeidigend dat onderrig, die *hoe* van die opleiding, aandag aan alle universiteite geniet, al word die nut en waarde van onderrigontwikkeling en -vernuwing nie altyd na waarde geskat nie. Hoë uitvalsifers wek vanselfsprekend kommer by die owerheid omdat staatsbesteding en koste-effektiwiteit ter sprake kom. Vandaar dat sukseskoerse 'n integrale plek in die subsidiëring van universiteite inneem, en gevra word of gebrekkige onderrig 'n rol in swak prestasie speel. So eenvoudig is dit nie, maar dit is moeilik om nie-professionele onderrigmetodes in 'n onderwysprofessie goed te praat.

Dit is onnodig om te herinner dat afstandsonderrig heel besondere eise stel, al is dit net vanweë die groot verskeidenheid in die ontvangers van die onderrig, en moontlik van hulle leerprosesse. Ek wil nie weer daarvoor uitwei nie, maar net sê dat die onderrig ons volgehoue aandag sal geniet.

Toenemend sal, by name in afstandsonderrig, na die verbysterende ontwikkelings in elektroniese kommunikasiemiddele gekyk moet word. Selfs van residensiële universiteite word gesê: "Much of the learning will be done at home with the aid of the new technologies." In a recent publication of Higher Education International, Bates, a reader in the Institute of Educational Technology at the Open University, wrote about the importance of the new technologies in conventional but particularly in distance teaching. "Indeed, whereas distance education is now seen as a fringe activity, I believe that it will become central to teaching at a higher education level." Examples from the technology already available are computer conferencing, cable television and video-cassettes, computer-based audio-graphic systems, interactive video-discs.

It will take time before these new technologies will be operative and widely available in South Africa, but we shall have to take heed of these developments and experiment with a view to future implementation. Bates does however sound a note of warning: "Computer-assisted learning will become important but will not be a panacea. The range of teaching functions for which CAL is appropriate is limited and, while this will increase with the development of course-ware based on principles derived from artificial intelligence, there are problems likely to limit its applications." And it is interesting that he says that while these "high-tech" developments offer great promise, "low-tech" developments are also important.

“The most important teaching innovation at the Open University has been the audio-cassette.”

Wanneer die *hoe* van die onderrig ter sprake kom, is die *vir wie* bepalend. Die gedaanteverwisseling wat universiteite wêreldwyd ondergaan het, is in groot mate toe te skryf aan die demokratisering van die hoër onderwys, die oorgang van “elite” na “mass higher education” (oorsee word gepraat van ‘n volgende doelwit: “universal higher education”) wat meebring het dat die studentekorps radikaal verander het van ‘n intellektueel hoogs geselekteerde groep na ‘n groep waarby persone met mindere akademiese aanleg en belangstelling ingesluit is. Die aanbieding van nuwe studierigtings met ‘n minder fundamentele inslag het bygedra, subsidiëring op grond van studentegetalle, en die verslapping van toelatingsvereistes. Namate die ivoortoringbeeld van die universiteit plek gemaak het vir die erkenning van die bydrae van hoër onderwys tot nasionale ontwikkeling is die begrip van hoër onderwys vir ‘n klein bevoorregte minderheid omvorm tot ‘n reg vir die oorgrote meerderheid. Voorsiening is gemaak deur sogenaamde “oop” universiteite en deur die opheffing van beperkings op toelating; hier te lande deur allerlei vrystellingsmeganismes.

In Suid-Afrika het dit daarop uitgeloop dat ‘n heelwat groter segment van ‘n bepaalde blanke ouderdomsgroep universiteitstoelating verwerf as in die Westerse demokrasieë, met die uitsondering van Swede en die VSA (en in die VSA maak remediërende kursusse ‘n aansienlike deel van aanbiedinge by sommige universiteite en baie kolleges uit). Tydens my besoek verlede jaar is ek getref deur die strengheid waarmee toegang tot universiteitstudie in Chili beheer word.

Dit ly geen twyfel nie dat ‘n hoë uitvalsifer aan universiteite minstens ten dele aan te vrye toelating toegeskryf moet word, en dat ‘n kanalisering na ander tersiêre inrigtings nodig geword het. Of dit haalbaar sal wees voordat stroomverdeling op skoolvlak ingevoer word, is te betwyfel, maar intussen sal die toelatingsvereistes opgeknop moet word.

Aan ‘n hersiening van die vereistes gee die KUH en die GMR reeds enkele jare aandag, en die beoogde omskepping van die GMR in ‘n komitee van die KUH sal die universiteite in staat stel om gesamentlik direkte beheer oor toelating uit te oefen. By oorweging van ‘n beperking op toegang tot die universiteit (nie fisiese toegangsbeheer nie!) sal egter weer deeglik oor die kriteria besin moet word. Die aantying word gemaak dat die huidige toelatingsprosedure op uitskakeling eerder as keuring gemik is; en “long before the point of admission, a child’s ability may be stunted or hidden by having too little to eat, by poor teaching and overcrowded classrooms, and by little incentive from family and surroundings”.

Voorasnog kan ‘n universiteit, benewens die formele of “amptelike” toelatingsvereistes, nog verdere, eie kriteria stel. Daaraan sal ons ook aandag moet gee, asook aan wat verwag moet word vir die voortsetting van studie of toelating tot verdere studie.

I conclude: The challenge facing universities today, ours no less than others, is to reconcile a commitment to scholarship with social responsibility. What has always passed for “general education” and been regarded as the essence of

university teaching, does not seem to be of much relevance to job-seeking graduates and their future employers. The development of an "educated" or "intelligent" citizenry, it has been said, may seem to be a romantic indulgence for which those who demand social relevance have little appreciation. But it is not underestimating the significance of professional competence when we insist that a university cannot allow it to be the whole of its educational purpose.

At issue is also the nature or character of the academic profession. Accountability and the insistence on cost-effectiveness touch on the willingness of able scholars to give as much attention to their teaching as to their research interests or ambitions, to realize that the transmission of knowledge is as important as its pursuit or promotion. Particularly in view of the fact that their clientele, the student population, has increased and diversified, and that the demand for equality of opportunity has superseded the insistence on quality.

And we shall have to look anew at access to university study, to look at it closely and circumspectly. It has become one of the sensitive issues of our day because it has social and political as well as educational implications.

All this will have to be done by universities themselves, lest others do it for them. And there are potentials for intervention which, if they materialize, carry substantial threats for the autonomy of higher education institutions, however good the intent may be.

Steven Muller concluded an article on the present crisis in higher education in the USA by saying: "The future of America's higher learning will be determined not in Washington, nor in the capitals of our states, nor in the public information media, but on the campuses. If we cannot help ourselves, no *deus ex machina* will preserve us. If we can help ourselves, others will help us also. The task we confront is set out by T.S. Eliot in *East Coker*:

There is only the fight to recover what has been lost
And found and lost again and again; and now, under conditions
That seem unpropitious. But perhaps neither gain nor loss.
For us, there is only the trying. The rest is not our business.

Miskien is dit die taak wat in die laaste termyn weer op ons wag.

9

AN ILLUSTRATED HISTORY OF SOUTH AFRICA

Launching Ceremony, Melrose House, 24.4.86

THE APPEARANCE OF ANOTHER History of South Africa is of more than passing interest to an historian, even to an ex-historian. If it purports to be a new history, as the Afrikaans title suggests (why, by the way, not the English?) it must justify its claim to be new. Illustrations, however copious, are not adequate justification — though I must say how impressed I have been by both the selection of illustrations and the quality of reproduction.

Is this a “new” history of South Africa, and if so, what makes it new or different? It is, I think, new because it includes and reflects new perspectives on the history of South Africa which up to now have been confined largely to the at times, unfortunately, rather exclusive coterie of professional historians. Visitors from overseas regularly ask me to recommend a history of South Africa. For obvious reasons I usually refer them to 500 YEARS. But the history of this southern tip of the African continent is older than five hundred years. Bringing this to our attention is probably the most important contribution of a scholarly history written for general readership. It reflects a perspective on the past which is of significance, not only of interest, for the present and, indeed, the future. Claiming

to be part of Africa we have been inclined to neglect that part of our history (which we preferred to call pre-history) which is primordially African.

Toe ek nog geskiedenis, of die geskiedeniswetenskap, beoefen het, het ek op 'n keer gepraat oor *Die Toekoms as Geskiedenis*. Ons is geneig om in die verlede 'n verklaring vir die hede te vind. In werklikheid is dit die hede (die toekoms van die verlede) wat na aanleiding van eie insigte en behoeftes die verlede verklaar of vertolk. Die Franse Rewolusie mag vir ons iets heel anders wees as hoe tyd- en deelgenote dit beleef of beskou het. Ons sien ook vandag die geskiedenis van ons eie land deur ander oë, vanuit 'n ander verwysingsraamwerk, as selfs 'n geslag gelede. Soms ook met ander oogklappe aan, want aan die geskiedskrywing en die beoefening en aanwending van die geskiedenis lê soms partikuliere of seksionele sieninge of motiewe ten grondslag. Die geskiedenis is kwesbaar juis omdat dit geskryf en beoefen word.

Die perspektiewe op die verlede kom nie slegs voort uit die behoeftes van die hede nie. Toekomsverwagtinge speel ook 'n rol. Trouens, dit kan gesê word dat alle geskiedenis beoefen word vanuit 'n toekomspektief en 'n toekomsverwagting. Alle geskiedskrywing is 'n siening van die verlede wat die behoeftes van die hede en die verwagtinge vir die toekoms weerspieël. Anders gestel: alle geskiedenis word uit 'n verwysingsraamwerk geskryf wat hedegeoriënteerd is, maar ook toekomsgerig. Dit vertel ons trouens net so veel van die hede waarin dit geskryf word as van die verlede wat dit beskryf.

Daar mag gevoel word dat die beoefening van die geskiedenis dan beperkend is. Dit kan ook verrykend en verruimend wees. Die volheid van die verlede en van die verlede-gebeure gee aan elke hede nuwe en toepaslike vertolkingsmoontlikhede.

Die tydsgewig waarin ons lewe het nuwe vertolkingsbehoefte en -moontlikhede na vore gebring. Maar ook nuwe verwagtinge: oor wat ons uit die geskiedenis kan leer, en wat die verlede vir ons te sê het. Maar weer: die verlede sê net wat ons vra.

Verruiming van ons blik op die verlede is die kenmerk van die jongste Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, en waardeur in 'n hede-behoefte voorsien wil word. Hieraan gee die "nuwe" *Geskiedenis in Woord en Beeld* erkenning en uiting. Wat voorheen as voorgeskiedenis beskou is, word geskiedenis, word wordings-geskiedenis. Waar ons altyd geneig was om ons oorspronge in die Grieks-Romeinse oudheid te soek, aanvaar ons vandag dat vir 'n groot deel van ons volkereverskeidenheid die oorspronge in Afrika lê, en medebepalend vir hede en toekoms is. Daar word vandag baie oor versoening gepraat. Die geskiedenis lewer bewys van verskeidenheid. Begrip daarvoor is die voorwaarde vir versoening.

Ek meen dat Gencor hierin 'n belangrike bydrae gelewer het, dié soort bydrae wat die akademie van die privaatsektor kan verwag: steun om navorsingsinsigte en -bevindinge bekend en beskikbaar te stel, en ten behoeve van begrip en verhoudinge beskikbaar te stel. Die geskiedenis is ongelukkig in die verlede soms aangewend om te verdeel en te verwyder, waar dit gebruik is om seksionele of

partikuliere oogmerke te bevorder. Sy taak is eerder om bymekaar te bring en te versoen.

Mag ek byvoeg dat in die steun uit die privaatsektor die geskiedskrywing gewoonlik 'n stiefkind was. Ek is bly vir die begrip dat die geskiedenis ook 'n betekenisvolle bydrae te lewer het.

Wat my in hierdie publikasie die meeste opgeval het, was eerstens die volledigheid van die verlede-beeld wat weergegee word. Tweedens, die leesbaarheid wat nie aan die wetenskaplikheid van die bydraes afbreuk doen nie. Derdens, die aantreklikheid en die toepaslikheid van die illustrasies. Maar vierdens, die oorspronklikheid van kantaantekeninge wat deur toepaslike detail die verhaal toelig en ophelder.

Die redakteurs, die skrywers, die uitgewers en die borge moet gelukkigwens word met die verskyning van 'n boek wat 'n nuwe en vernuwende klank in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing indra.

10

THE CHANGING FACE OF THE UNIVERSITY

Graduation address, University of the North, 18.7.1986

M^R CHANCELLOR, MR RECTOR

Thank you for the introduction, and for the invitation to address this congregation. It is an honour but also a pleasure — a pleasure to renew acquaintance with a university with which mine was very closely linked in its early years.

It is a pleasure also to be present at the award of an honorary degree to a friend and colleague. The University is to be congratulated on its choice of a candidate for the award, and the recipient on well-merited recognition.

May I congratulate also all those obtaining degrees and diplomas today. They are joining a very select circle. In any society there is only a small minority who are able to engage successfully in higher education. What they will be taking with them is not only a certificate attesting to a certain level of knowledge and competence, but also a badge of academic merit, to be worn with pride not arrogance, and with the full knowledge that it has equipped them the better to serve their fellow-men.

Though there are common features, today's universities are a far cry, both in time and in spirit, from the earliest institutions of higher learning which arose spontaneously in Western Europe in the Middle Ages and from which they derive their name and their primacy in the field of education. For one thing, those early universities were the only seats of higher learning, the earliest of them devoted largely to a single, vocation-oriented discipline. Today's universities are comprehensive, multi-disciplinary and multi-functional institutions; but even so they can no longer encompass the whole of higher education. If higher education is defined to mean all post-secondary or tertiary education and to include all training, both formal and non-formal, academic and utilitarian, after the school-leaving age, universities in fact provide a very minor part. I prefer to follow the Western tradition of higher education as applying only to universities, technikons and colleges, i.e. to institutions which have traditionally provided the kind and level of academic and vocational schooling which has set them apart from all other kinds of post-secondary training. Even then such a wide range of activities is included, that it is difficult to formulate general statements on the purposes of higher education as a whole. Yet there is need for a clear understanding of the nature and objectives of institutions of higher education (and of how their nature is reflected in their objectives) if they are to maintain the pre-eminence they have always enjoyed. "Universities, polytechnics (or technikons) must have a sense of mission if they are to survive the challenges of the next two decades," it has been said.¹ But even within higher education universities have a special place, their own particular mission. The challenges universities will be facing will come from within the field of higher education as well as from outside, and to survive they too must have a clear perception of their particular and very special mission.

Dit is waarvoor universiteitsbestuur in Suid-Afrika ook te staan gekom het.

All this seems to point to more professionalism in university management.

There are, of course, those who think that a university should (and could) be run like a business corporation.

From 1971 to 1973 the Academy for Educational Development in the USA conducted an investigation into the possibility of applying business management skills to higher education. A very impressive array of representatives from both the private and the public sector, as well as from higher education, concluded almost unanimously that business and university were so different as to preclude any useful exchange of management skills. The purposes and objectives of a business enterprise are clearly different from those of a university. As is the work-force. In contrast to the operatives in a business enterprise, the personnel in a university are composed of highly individualistic professional specialists.

A report on higher education which appeared in as late as 1975 pointed to the differences between business and university management, and concluded: “Instead of a spurious quest for similarities, business and university enterprises need a realistic understanding and respect for their different social purposes, their different social contributions, and their different management processes.”

Much has changed since 1975. The report did in fact suggest that one force then at work could bring about a substantial transformation in the management of universities, a transformation that could make university management more akin to business management, viz. collective staff bargaining.

It is difficult to see how collective bargaining can be combined or reconciled with

the participatory governance and shared management which has traditionally been a distinctive feature of universities.

There are, however, other pressures and challenges to which we have referred which, it is thought, may compel university management to resemble more closely the authority and responsibility of business management. This I would doubt. In fact it is interesting that it has been suggested that high-tech development will nudge business management towards the university model.

And I believe that in spite, or because of, increasingly more onerous demands on its managers, the governance of a university will always, by its very nature, have to be democratic and participatory.

It has also been said that academic freedom has important consequences for the governance of a university. Staff members enjoy great authority in deciding what to teach and what to research, an authority further protected by the guarantee of tenure. "These safeguards provide the legal framework that defines the university as a community of scholars rather than a hierarchical entity such as a corporation or government agency" (2, 36). And "no sensible administration would wish to organize the university in any other manner, since the kind of unity achieved by centralized direction could only be purchased at a heavy cost to the process of continuous debate and creative inquiry so important to intellectual progress".

Ek hoop om aanstaande jaar aan te sluit by hierdie paar opmerkings oor universiteitsbestuur. Trouens, die Dekanekomitee het, ook na aanleiding van 'n verslag oor seminare wat deur die KUH gereël is, versoek dat besinning oor universiteitsbestuur in die algemeen en oor die bestuur van 'n universiteit vir afstandsonderrig in die besonder, hoog op die agenda vir aanstaande jaar geplaas word. (Dit was vertroostend om te verneem dat die aanbeveling dat na alternatiewe strategiese bestuursmodelle gekyk word, nie impliseer dat beplanning en bestuur huidige as ontoereikend beskou moet word nie, maar eerder gesien moet word in die samehang van 'n toekomstscenario van verreikende verandering en nuwe uitdagings.) Ek wil egter hoop, na aanleiding van wat ek reeds gesê het, dat nie bevind sal word dat die universiteit soos 'n sakeonderneming bedryf moet word nie. Daar is toepaslike en aanpasbare bestuursbeginsels maar die doelwitte en kulture is uiteenlopend.

I do not think we have yet decided where authority resides in the university, apart from our discovery that it is not an attribute of the Principalship.

No-one can doubt the complexity of universities, of their composition, operation and goals — described by Robbins as instruction in skills, promoting the general powers of the mind, and the transmission of a common culture. Universities are complex also in their culture, complex too in the variety of external relationships that have to be catered for or coped with. Management has been made even more difficult by cuts in public funding which have left universities operating in an uncertain and unclear environment.

None of this makes the role of management easy to grasp or easy to exercise. But complexity, says Jarrat, "must not be used as an alibi against sound management. On the contrary, sound management should be the tool that guides one through

the complexities to achieve one's objectives" (3, 743). A university is a community of scholars, of many minds and special interests. Financial constraints have seriously foreshortened planning horizons and have forced university authorities to re-assess priorities and in fact to review their role and mission. Effective management is not an attack on academic freedom, though it may be on vested academic interest. "Indeed," I quote from Jarrat (3) again, "I would argue that one of the biggest risks to academic freedom lies in universities being incapable of marshalling their own resources to meet their defined objectives". If they cannot, external regulation and control becomes inevitable.

If we reflect on university management or governance — and this is germane to authority and freedom — we shall find that the university has, not without justification, been labelled as an "organized anarchy", or as an amorphous cumbersome organization in which powers are so dispersed as to make change slow and often ineffective. "The autonomy, the pluralistic nature and the gradualism of universities," say Lockwood and Davies (4, 2), "limit [if they do not inhibit] managerial power." They refer to "an untidy diffusion of responsibility and a proliferation of centres of initiative and decision-making" (4, 30). They point to the internal fragmentation: the existence of a high degree of autonomy of internal units based upon professionalism, specialization, tradition and the nature of activity.

All of this will be part of next year's debate.

It is interesting in the meantime that the academic department is seen as the primary locus of authority.

Clark has said that "the factory floor in higher education is cluttered with bundles of knowledge that are attended by professionals What academics most have in common is that they work with and upon knowledge. What they have least in common is common knowledge, since they are at the cutting edge of specialization in high knowledge" (9, 20). He calls them "fragmenting professionals". "Their separate tasks have separate technologies; the supporting thought styles are different, as are methods and tools." (9, 21).

Let us put it this way: Authority in a university resides both in a subject discipline and in the institution. There may be tensions between disciplinary and institutional imperatives. This should however not occur unless the disciplinary imperatives have ideological overtones.

Hierdie tweeledige of dubbele lojaliteit is 'n kenmerk van die akademikus: Teenoor die vakdissipline en die universiteit. Die lojaliteite behoort nie onversoenbaar te wees nie want die wese en struktuur van die universiteit bied die geleentheid vir die vrye beoefening van die dissipline. 'n Probleem ontstaan wanneer 'n derde lojaliteit bykom, teenoor 'n saak of 'n ideologie van buite die universiteit, en die vryheid van die dissipline, selfs die gesag van die universiteit, aangewend word om dit te bevorder. Dit is dan dat die gesag van die dissipline of van die universiteit moet intree. Om die vryheid te beskerm moet die misbruik van die vryheid aan bande gelê word.

I have spoken about authority within the university and its devolution. The

ultimate authority, of course, is that of the State. There is probably nobody working in or for the university who would not like to minimize, preferably to eliminate, the exercise of State authority. How that could be effected or justified is another matter.

We have made a distinction between the autonomy of institutions and the freedom of teachers. The growing surveillance, if not intervention, of government in the affairs of higher education institutions is generally regarded as an intrusion into the autonomy of universities in particular who, in the heady days of public confidence and virtually unlimited resources, were allowed to go very much their own way. Things have changed during the past decade or two. Recession, cuts in government spending, manpower planning and a less favourable public image have contributed to closer and more detailed interest by the State and its agencies in the management and operation of universities.

Bok, who was President of Harvard University, cites numerous instances of how Washington has intervened by creating rules and attaching them as conditions to the receipt of federal funds (2,37). Not one of what he considers to be the four essential freedoms of the university — to determine for itself on academic grounds who may teach, what may be taught, how it should be taught, and to whom — has escaped unscathed (2,38). “The more the university depends on the funds involved, the greater the compulsion to adhere to the government’s requirements. When Congress threatens to remove *all* federal grants from institutions refusing to comply with its conditions, no major university can withstand the pressure.” (2, 39).

We know how in Great Britain selective cuts in government funding have led to departments being closed down, to thousands of redundancies in academic staff and to the shift from arts to science and technology.

South Africa has not come to that pass yet. The autonomy of universities is recognized and cuts in subsidy have been done fairly equally across the board.

Universities cannot expect to be immune from government scrutiny and surveillance. Universities play such an important part as society’s principal source of new knowledge and advanced education that governments are inclined, or expected, to intervene to make sure that they serve the country well (2, 39).

The claim is legitimate. The functions of universities call for public interest in their affairs and how they conduct them. “They consume public funds and employ human and other resources; they produce educated manpower; they are ultimately servants to society in their production of knowledge, however abstruse. Throughout their histories the universities have had to strike and maintain in their constitutional arrangements and their day-to-day management a balance between the two demands, for independence on the one hand and public accountability on the other. In particular, it is the key task of university managers to relate their internal structures, processes, practices and plans to the demands of both the academic community and the world outside the campus.” (4, 2).

Universities could only claim to be immune from public accountability if they could retire into their ivory towers and pretend that they have neither to take nor

to give account. If they should try to do so, they would simply be deluding themselves. If their funding comes mainly from government, which has to apportion at times limited resources, they cannot be expected to be left entirely to their own devices.

I do not think that universities in South Africa have cause for complaint or for alarm about the extent or nature of government interest, which has been supportive and directive rather than prescriptive.

Owerheidsbelangstelling wat uit owerheidsbelang by die hoër onderwys spruit, het nie beperkend op universiteite ingewerk of hulle outonomie in die gedrang gebring nie. Daar is in Suid-Afrika van owerheidsweë begrip en erkenning vir die plek en rol van die universiteite in die hoër onderwysbestel. Daar word gesamentlik besin oor rol- en taakverdeling in die hoër onderwys. Die belangrikheid van navorsing word erken deur die aanmoediging daarvan. Die aandag aan slaagsyfers is 'n aansporing tot meer doeltreffende onderrigmetodes. Om verslag te doen, soos van universiteite verwag word, is nie om verantwoording te doen nie, en het geblyk 'n nuttige bestuursinstrument vir universiteite te wees.

Owerheidsgesag is nie 'n bedreiging per se van akademiese vryheid nie, eerder 'n beskerming daarvan tensy die vryheid vir ander doeleindes as die soeke na kennis aangewend word. Akademiese vryheid is die vryheid van die akademie en vir akademiese doeleindes. Uiteindelik sal akademiese vryheid deur die verantwoordelike aanwending daarvan erken en eerbiedig word.

Hoe dikwels het ministers, of donateurs, lede van die publiek, alumni en selfs studente nie die Rektor gevra: Wat gaan by jou universiteit aan nie? Ek het verdediging oor die boeg van akademiese vryheid gegooi. Ek wonder of ons altyd besef wat die implikasies en trefwydte van optrede en uitsprake is, en juis omdat ons aan Unisa verbonde is. Ek wil maar hoop dat ons steeds daarop bedag sal wees om nie die verbintenis te gebruik om omstrede nie-akademiese belange te bevorder nie. Om dit onder die dekmantel van akademiese vryheid te doen, is om die universiteit se taak en roeping en sy outonomie in gevaar te stel. Dan moet die gesag ten behoeve van die vryheid intree; hopelik die gesag van die wetenskap, maar indien dit nie voldoende is nie, die gesag van die universiteit en uiteindelik die gesag van die owerheid.

VERWYSINGS

- 1 Anon. "An O.D. Expert in the Cat Bird's Seat". *Journal of Higher Education*, vol. 44, 1973.
- 2 Bok, D. *Beyond the Ivory Tower*. Harvard University Press, 1982.
- 3 Jarrat, A. "The Management of Universities". *The Royal Society of Arts Journal*. No. 5363, vol. CXXXIV, Oct. 1986.
- 4 Lockwood, G., Davies, J. *Universities: The Management Challenge*, Windsor, Nfer Nelson, 1985.
- 5 Markl, H. "Freedom, Responsibility and the Pursuit of Scientific Knowledge". *Siemens Review*, 2/87.
- 6 Mayhew, L.B., & Glenn, J.R. "College and University President: Roles in Transition". *Liberal Education*, Oct., 1975.
- 7 Millet, J.D. "Higher Education Management versus Business Management". *Education Record*, Fall, 1975.
- 8 Ness, F.W. *An Uncertain Glory*. San Francisco, Jossey-Bass, 1971.
- 9 Shattock, M. (ed.) *The Structure and Governance of Higher Education*. Guildford, University of Surrey, 1983.
- 10 Van der Walt, B.J. *et al. Venster op die Universiteit*. Potchefstroom, PU vir CHO., 1987.
- 11 Van Wijk, T. *Die Rektor aan die woord*. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1980.
- 12 Williams, G., & Blackstone, T. *Response to Adversity*. Guildford, University of Surrey, 1983.

15

'N LAASTE JAAR

Opening, Unisa, 2.2.1988

VAN DIE BEGIN VAN 'N LAASTE JAAR is elke dag 'n laaste dag, elke keer 'n laaste keer. Ek het reeds 'n paar weke gelede vir die laaste maal nuwe dosente by die Universiteit verwelkom. Hierdie is ook 'n laaste geleentheid, die laaste van sewentien. Bly daar iets oor om te sê? Of sê 'n mens maar weer wat reeds gesê is, maar wat namens en uit en aan die Universiteit gesê moet word?

Toe teen die einde van 1985 oor die rektorskap ná 1986, die einde van die nog huidige Rektor se verlengde ampstermyn, besluit moes word, het die Senaat 'n verkiesing aangevra. Die Raad en die Rektor het dit aanvaar, en daardeur, wil dit voorkom, is 'n gebruik gevestig: dat net soos ná drie jaar 'n departmentshoofskap aan 'n meningspeiling onderwerp word, 'n dekaanskap na twee jaar aan 'n verkiesing, die Senaat inspraak sal wil hê in die moontlike heraanwysing van 'n Rektor en van Vise-rektore, nie net in die oorspronklike aanwysing nie. Oor die vraag of dit wenslik is, sal daar meningsverskil wees, oor die onderskeie rolle van Raad en Senaat in die aanwysing van die Universiteitsbestuur. Dit hang saam met die siening van die aard van universiteitsbestuur, ten opsigte waarvan ondersoek ingestel word.

Wat die bevindinge en aanbevelings van die ondersoek sal wees, weet ons nie. Wat ek wel uit ervaring weet, is dat wie aan 'n universiteit 'n uitvoerende bestuurspos beklee, verseker moet wees van die steun van die personeel, en by name van die Senaat as hoogste akademiese bestuursliggaam. Dit is die wese — en die eis — van universiteitsbestuur. Hieroor later iets meer. Voorlopig net dit: 'n universiteit word nie bestuur nie, 'n universiteit word bedryf, word bedryf deur die deelname van almal wat aan die onderneming verbonde is en daaraan deel het. *A university isn't ruled; it is run.* En aan al die deelnemers, of deelhebbers, moet die geleentheid en die ruimte gebied word om 'n bydrae te lewer, aan sowel administratiewe en vakkundige personeel as aan die doserende. Oor afstandsonderrig is baie gepraat en geskryf; té min oor die administrasie van afstandsonderrig en die deskundigheid wat dit verg. Ek het aan die verkiesing aan die einde van 1985 deelgeneem. Iemand het my afgeraai om my beskikbaar te stel. Ek het, is betoog, die kruin van aanvaarding of vertrouwe bereik; wat in die volgende paar jaar sou gebeur, sou die aftakeling van fisiese en intellektuele vermoëns wees en die gevolglike afname in gewildheid en vertrouwe.

Ek is bly dat ek dié droefgeestige prognose verontagsaam het en my wel beskikbaar gestel het. Ek kon staatmaak op voortgesette ondersteuning en samewerking en die afgelope twee jaar was van die mees aangename en nie die mins vrugbare van die hele ampstermyn. En daar was hoogtepunte wat ek nie graag sou ontbeer het nie.

Soos met die afsluiting verlede jaar. Ek was so oorstelp deur 'n onverwagte en spontane gebaar van toegeneentheid dat ek nie geweet het hoe om te reageer nie. Selfs vandag kan ek maar net dankie sê. Dit was seker die mooiste wat my in die baie jare by die Universiteit te beurt geval het. En ek sê dit nie met die hoop dat dit herhaal sal word nie. Die mooiste word nie herhaal nie — tensy sy 'n man se vrou is.

'n Laaste jaar is onvermydelik: 'n laaste studiejaar, 'n laaste beroepsjaar, 'n laaste lewensjaar; en oor laasgenoemde beskik 'n mens normaalweg nie.

Normaalweg word ook verwag dat 'n laaste jaar 'n hartseerjaar sal wees omdat dit afsluiting en afskeid is. Ek het die vooruitsig dat hierdie jaar nog ryk en sinvol, selfs vernuwend, sal wees. Want daar moet nie gedink word dat die jaar 'n stilstandjaar sal wees nie, waarin die uittredende Rektor maar die water oor die akker laat loop, en die aangewese Rektor uit konsiderasie (of deernis) nie reeds te drasties wil ingryp nie. In werklikheid sal daar noue oorleg gepleeg word om die dinamiek wat die Universiteit nog altyd gekenmerk het, te laat voortgaan. En die aangewese Rektor het inderdaad reeds met betekenisvolle inisiatiewe na vore gekom waaraan hopelik nog vanjaar uitvoering gegee sal kan word.

Want 'n laaste jaar is ook die aanloop tot 'n eerste jaar, nie afsluiting nie, maar deurgang en voorbereiding en beplanning. Met die oog daarop is vier ondersoeke aangevra wat belangrik, selfs mede-bepalend, vir die toekomstige ontwikkeling kan wees. Hopelik sal van die bevindinge en aanbevelings onder die toekomstige leiding beslag kan kry.

U dra kennis van die ondersoek wat die Vise-rektor (Navorsing) na navorsing

aan die Universiteit onderneem met die oog daarop om, seker nie oornag nie, maar oor 'n tydperk, 'n navorsingsklimaat of -kultuur te laat gedy. Dit is nie nodig om daaraan te herinner watter belangrike role navorsing naas, maar ook ten behoeve van onderrig aan 'n universiteit speel nie, en dat dit deur die aard en diepte van die navorsing wat gedoen word is dat universiteite hulle van ander tersiêre onderwysinrigtings onderskei. 'n Mens kry trouens soms die indruk dat aan die ander inrigtings persoonlike navorsing onderneem word met die oog op die verbetering van kwalifikasies en dus van bevorderingsmoontlikhede, dat daar nie werklik die lewens- of minstens beroepslange navorsingsdrang of -drif is nie wat die ware akademikus kenmerk en wat lei tot die verbreding en verdieping van kennis en insigte.

Die makro-onderzoek wat die Komitee van Universiteitshoofde na die universiteitswese in Suid-Afrika onderneem het, het onder andere ook aandag aan navorsing gegee. Wat die ondersoek terloops betref, moet ons ons nie laat mislei deur die ietwat sensasionele weergawes wat in sommige dagblaai verskyn het nie. Die komitee van die Komitee van Universiteitshoofde het nie slegs oor befondsing en salarisse verslag gedoen nie, maar oor die breë spektrum van universiteite se werksaamhede na aanleiding van hulle wese en grondtaak. Daar is verskeie aspekte wat verder ondersoek en na universiteite vir kommentaar verwys sal word. Trouens, daar word gehoop dat ons die hele verslag sal kan behandel en bespreek.

Wat die koerantberigte oor die finansiële nood of drukgang waarin universiteite hulle bevind betref, moet ons sê dat dit kommer wek. U is bewus van die besnoeiings van die afgelope jare, dat trouens die volle subsidie volgens die formule wat deur die KUH aanvaar is, nog nooit die universiteite toegeval het nie. Wat opnuut kommer wek, is dat, hoewel daar reeds 'n maand van ons boekjaar 1988 verby is, universiteite ten spyte van herhaalde en dringende vertoë deur die KUH, nog nie weet wat hulle vanjaar aan staatsubsidie sal toekom nie. U sal besef hoe onmoontlik beplanning selfs op die kortste termyn geword het, en dat ons besteding moet beperk of terughou totdat ons meer duidelikheid het oor wat ons tot ons beskikking sal hê.

Om tot die verslag terug te keer: In 'n eerste inleidende en insiggewende hoofstuk oor die plek en rol van die universiteit word op vyf polêre spanningsverhoudinge gewys wat aan universiteite bestaan, en waaroor ons trouens al meermale gedagtes gewissel het: tussen die handhawing van die tradisionele identiteit van die universiteit en die eis van tydgenootlike relevansie; tussen die universele gees en gerigtheid wat kenmerkend is van die akademiese aktiwiteite van die universiteit en die onvermydelike partikuliserende uitwerking van die kragte waaraan die universiteit as sosiale instelling onderworpe is; tussen die aanspraak op institusionele outonomie en die werklikheid van 'n verskeidenheid beperkinge waaraan die universiteit onderworpe is; tussen die elitistiese uitgangspunt van 'n kwaliteitsinstelling en die egalitaristiese uitgangspunt van 'n massa-gerigte instelling; en vyfdens tussen die status van die universiteit as 'n

korporasie of 'n regsenteit en die karakter van die universiteit as 'n gemeenskap van geleerdes en studente.

With regard to the first, traditional identity versus or as opposed to contemporary relevance, the report describes the university as the institutionalization of academic thought and hence of the pursuit of knowledge. And this implies that "the university should accommodate the claim of relevance in such a manner that the social, cultural and economic needs of its environment are effectively and appropriately addressed, without surrendering the primary teaching goals of academic expertise and intellectual creativity to the training objectives of ready skills for the discharge of specific tasks and of algorithmic problem-solving techniques.

"By the same token the genuine academic research goal, the development of science and scholarship, should neither be subordinated to, nor replaced by the more pragmatic research goal of finding solutions to practical problems or problems of short-term, national or sectional significance."

The chapter of the report dealing specifically with research refers to the unique character of the university environment as a result of its threefold responsibility in creating, preserving and transmitting (new) knowledge; and stresses the symbiotic relationship between teaching and research. "In a country such as South Africa in particular, which is undergoing large-scale socio-economic, political and technological change, one cannot over-emphasize the role of basic research across the entire spectrum of academic disciplines. It is only by sustained independent and creative investigation that the necessary knowledge and insight can be acquired for physical survival in a technological world and for the spiritual and social adaptations and moral decisions which apart from physical survival, are essential for ensuring a meaningful human existence."

It is something of a cliché to say that research is the life-blood of the university. We have to see to it that the arteries are not clogged by inertia or lack of interest or misguided perceptions as to the nature and task of an institution for higher learning, but also for higher teaching and higher research.

'n Tweede ondersoek word op my versoek onder leiding van die Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe onderneem. Die aanleiding was tweeledig: 'n vermoede dat die mikrorekenaars waarin die Universiteit miljoene rande belê het (en as 'n belegging vir die doeltreffender uitvoering van sy unieke taak gesien het) en waarvan daar bykans 600 op sy hoofkampus en die verwyderde kampuusse (as Samuel Pauw en De Doorns as sodanig bekend wil wees) nie optimaal benut word nie, en die belangstelling in die moontlikhede van rekenaarsteun in, spesifiek (want dit geld nie konvensionele onderrigparameters nie) afstandsonderrig. Dit was ook bemoedigend dat op sowel makro- as mikrovlak ondersoeke na rekenaaraanwending aangevoer is; daar was egter duidelik 'n behoefte aan die koördinering van verspreide inisiatiewe.

Onder andere om dié rede het dit gou duidelik geword dat die beperkte en beperkende opdrag aan professor Schutte en sy komitee uitgebrei moes word. Daar moes *de novo* oor die gebruik van alle elektroniese hulpmiddels besin word.

Beleid en strategie wat slegs op 'n deelfunksie gerig is, sal die huidige versplintering en verspreiding van toepassing en navorsing vererger. Die ondersoek neem nou 'n indrukwekkende omvang aan, en is aan 'n onderkomitee gestel as "die prosedures wat gevolg behoort te word en die kontrolestappe wat ingebou behoort te word in 'n suiwer elektroniese omgewing om Unisa se hoë standaarde te handhaaf en te beskerm".

In 'n samevatting van hoe hy sy taak sien, het professor Schutte in September verlede jaar die omsigtigheid benadruk waarmee na die optimering van rekenaargebruik gekyk moet word: optimering met inagneming van tradisionele en beproefde strukture, prosedures en werkswyses, maar na aanleiding van 'n dieptestudie op alle aspekte van die elektroniese tegnologie wat vir Unisa van belang kan wees (nie noodwendig sal wees nie) voordat eers aan 'n oorkoepelende strategie of plan van aksie gedink kan word. (Moontlik is dit goed dat ek die laaste jaar betree voordat die elektronika my oorweldig of oorbodig maak.)

Daar is met waardering kennis geneem van die samewerking wat professor Schutte uit alle oorde ontvang het. Die ondersoek is al ver gevorder, maar indien daar nog departemente of persone is wat met hulle eie ondersoeke besig is en dit nog nie onder sy aandag gebring het nie, sal inskakeling met die oog op koördinering verwelkom word.

There is, I think, no need to emphasize the need for research into the application of technological aids to the teaching, research and administrative functions of the university. If I can adapt a statement from the CUP report I quoted earlier: It is only by creative investigation that the necessary knowledge and insight can be acquired for, if not the survival, then at least the improvement of all facets of a distance teaching university, and for the adaptations, and the possibly moral but certainly academic decisions which are essential for ensuring its dynamic, innovative and adaptive character.

Dit, die behoud en voortgang van die dinamiese, innoverende en aanpasbare aard van die Universiteit van Suid-Afrika, was ook aanleiding tot 'n derde ondersoek wat aangevra is.

Daar is met waardering kennis geneem van belangstelling en die bywoning deur dosente van gespreksgeleenthede oor studiegidse wat deur die Buro vir Onder- en Ontwikkeling verlede jaar gereël is. Die Vise-rector (Opleiding) is gevolglik gevra om nog vanjaar 'n indringende ondersoek na ons studiegidse aan te voor.

Ten spyte van die moontlike aanwending van tegnologiese hulpmiddels, bly die geskrewe of gedrukte woord die primêre en in baie gevalle die enigste onderrig- en kommunikasiemedium. Ons is maar te bewus van die beperkinge daarvan, maar ek moet weer sê dat ek nie oortuig is dat ons die moontlikhede daarvan ten volle ontgin het nie. Wanneer 'n mens kyk na die studiemateriaal van ander inrigtings vir afstandsonderrig, moet jy wonder of ons, die baanbrekers, nie besig is om agter te raak nie.

Hier sal in werklikheid etlike ondersoeke moet wees: nie net na die inhoud van studiegidse nie, maar ook na aanbieding, uitleg, voorkoms en dies meer. En by

almal sal didaktiese beginsels 'n rol moet speel. Koste-implikasies is vanselfsprekend en veral in die huidige nypende tekort aan geld, belangrik, maar mag nie deurslaggewend wees nie. As die R500 000 wat ons tans aan besoeke aan soms klein groepe studente bestee kan bydra tot die verbetering van studiemateriaal wat na alle studente gaan, sal vir my die besluit nie moeilik wees nie.

Have we done enough, or any, research into learning needs and learning styles? A basic premise for effective instruction is, surely, congruence between styles of learning and teaching strategies. A chapter of the CUP report is devoted to learning needs which must be provided for at the tertiary level. Reference is made to the nature of learning problems caused by an inadequate environment, and to the changing composition of the student cohort which will lay claim to post-secondary education in future. In 1979 there were 162 000 whites in post-secondary education and 78 000 from the other population groups. A conservative projection puts the numbers in the year 2000 at 158 000 and 1 200 000 respectively. For that reason, too, other forms of study than full-time will have to be considered.

'n Ondersoek na onderrigmetodes wat aanpas by leerstyle, en na ons studiemateriaal het dan ook belangrik geword vanweë die aandag wat die KUH, vir die eerste keer in sy lang geskiedenis, aan afstandonderrig gegee het. Trouens, daar was 'n lang verslag van een van die onderkomitees oor die rol van afstandonderwys teenoor kontakonderwys in die universiteitswese in die RSA. Vanweë die hoë koste en die demokratisering van hoër onderwys het dit nodig geword om aanpassings of na alternatiewe onderwysstelsels te kyk, waarvan afstandonderwys die voor-die-hand-liggende is. Dit was met ander woorde skynbaar veral finansiële oorwegings wat tot die belangstelling in afstandonderwys gelei het. Die werkkomitee het naamlik bevind dat groot afstandonderwysuniversiteite 'n besondere kostestruktuur het: dit word gekenmerk deur hoë vaste koste per kursus, veral indien van die moderne tegnologiese media ook gebruik word; daarenteen het dit 'n relatief lae veranderlike koste per student, wat meebring dat dié afstandonderwys-universiteite by groot kursusunskrywings gewoonlik meer koste-effektief opereer as kontakonderwysuniversiteite. Moontlik is versuim om vas te stel wanneer die skaalbesparing intree. Die werkkomitee het egter blykbaar met instemming Keegan se oordeel oor afstandonderwysuniversiteite aangehaal, te wete "that they provide the most advanced stage yet in the evolution of the concept of a university ... These universities present the most radical challenge yet to the idea of a university". Die werkkomitee het dit egter nie as 'n uitdaging of 'n bedreiging gesien nie, maar as aanvulling.

Wat bevestigte moet word, is dat in die verslag van die werkkomitee hoofsaaklik na buitelandse bronne verwys word en dus met klaarblyklike oningeligtheid na 'n sogenaamde verskraling van die onderrig-leer-situasie in afstandonderwys. Ook 'n stelling soos die volgende: "By die gebrek aan kommunikasiegeleenthede, neig die gestruktureerde onderrigpakket om die student 'n enger leerervaring te gee. Waar die afstandstudent 'n groter vryheid van

studiepas het, het hy minder geredelik geleentheid om sy studieveld wyer te verken op grond van die onmiddellike toeganklikheid van addisionele bronne en interaksie moontlikhede." Ewe bedenklik die volgende: "Studente in 'n kontakonderwys-situasie vind voortdurende terugvoering oor hul akademiese stand deur hul eie begrip te meet aan dié van medestudente en kommentaar van dosente. Die konvensionele terugvoering ontbreek by afstandonderwysstudente." Of dan die onderskeiding wat gemaak word: "Wanneer die komponent van persoonlike begeleiding laag is, word daarna verwys as afstandsonderrig, en wanneer die lading persoonlike begeleiding hoog is, as kontakonderrig."

Wat wel aanvaar kan word, en reeds bewys is, is dat "demografiese faktore, stygende onderrig- en losiesgelde, snelle tegnologiese ontwikkeling wat heropleiding noodsaaklik maak, veranderde leerbehoefte, dienspligopleiding, toenemende verstedeliking en onrus op universiteitskampusse ... waarskynlik in Suid-Afrika, soos in Brittanje, Duitsland en die VSA nie alleen sal meebring dat die studentesamestelling van residensiële universiteite sal verander nie, maar ook sal lei tot 'n toename in afstandonderrigstudente".

Van belang is die aanbeveling van die hoofkomitee: Dat afstand- en kontakonderrig as twee stelsels op dieselfde kontinuum gesien behoort te word en dat universiteite in die geleentheid gestel word om toenemend te eksperimenteer deur òf in 'n meerdere mate te beweeg in die rigting van kontakonderrig, òf dan in die rigting van afstandonderrig.

Uitvoering van hierdie, en nog ingrypende aanbevelings van die werkkomitee, mag belangrike implikasies vir Unisa inhou.

'n Ander omstrede stelling van die werkkomitee oor afstandonderwys is dat "die doseer-, studeer- en bestuurstake verskil by afstandonderwys veral op grond van die verwydering tussen dosent en student en die neiging dat groot afstandonderwysinstellings baie kenmerke van grootskaalse nywerheids-ondernemings toon".

Dit is gepas dat die Vise-rector (Opleiding) as aangewese Rektor ook leiding sal neem in die ondersoek na die bestuur van die universiteit waarna ek reeds verlede jaar verwys het. Dit mag vreemd aandoen dat so 'n omvattende ondersoek na die universiteitswese soos dié van die KUH nie aandag aan universiteitsbestuur gegee het nie. Implisiet kom dit wel na vore in die vyfde polêre spanningsverhouding, dié tussen status en karakter. Die aard van die bestuur sal afhang van waar die klem val maar in elk geval moet dié tweeslagtigheid steeds by die vestiging en aanpassing van bestuurstrukture en funksies in aanmerking geneem word.

The investigation by a rather formidable committee of the Committee of University Principals and numerous work committees into macro-aspects of the university was undertaken because universities were agreed that if only in the context of the sharp reduction in university resources as a result of cuts in government subvention, the structure and the future of higher education has become a major concern for the future of universities. In addition there are demographic trends and changing manpower requirements, new research requirements emerging from industrial and technological developments, the de-

mand for continuing and life-long education, the effects of mass communication media and, perhaps above all, the social and political processes of change and the effects these changes have on the determination of national priorities and on the allocation of public funds. The concern of the universities in these developments, the CUP said, should not be regarded as merely a desire for self-protection or a distrust of external intervention, rather as an attempt to reconcile the insistence on autonomy with the acceptance of accountability.

I said that it may seem strange that in this wide-ranging study and research no attention was explicitly given to management problems or administrative procedures. It may be that these were not seen to be a "macro-aspect" or that the character and needs of individual universities are too diverse for common practices or processes to be contemplated.

Yet there can be little doubt that changes in the external environment have a direct bearing on the way universities are run or should be run. The management of change is in effect what is expected of university authorities today. Lockwood and Davies speak of the challenge of management in a period of increased pressure from outside and of vulnerable or contracting resources. The management of change will require close attention to three key areas: quality, cost-effectiveness and relevance. The many pressures and challenges have to be met by the management of an institution characterized, as I pointed out last year, by internal fragmentation, by an untidy diffusion of responsibility and a proliferation of centres of initiative and decision-making. British universities, on which South African universities are modelled, are said to be managed by committees. It was Baldrige who suggested, rather condescendingly, that one of the distinguishing features of universities as organizations is that they have what he calls "fluid participation", with amateur decision-makers who wander in and out of the decision process. What emerges from a study of the nature of the university as an organization, Lockwood and Davies conclude, is a picture of limited manageability.

One is inclined to wonder how the unmanageable universities have been able to manage and to perform as they have done. I think it is exactly because authority is so diffused that centres of excellence could develop within the university and radiate their influence throughout the university and beyond. It has also been suggested that in the years of plenty universities could muddle through but that as organizations they are changing under the impact of financial austerity and the need to adapt to the market, which means that the old days of organized anarchy are probably over, and that greater rationality will have to characterize the operation of colleges and universities in future.

This is the challenge we shall be addressing this year: to enquire whether managerial structures and administrative processes are adequate to the challenges with which universities are confronted. Of concern to academics is the tendency to centralize authority in a period of retraction. Academics have an ingrained distrust of administrators, particularly of those who seem eager to govern them. Their ideal administrator is one who reluctantly assumes the position out of obligation

to the university and who eagerly anticipates returning to teaching and research. It is a concern I share. If Vice-Chancellors, Vice-Principals and Registrars were to attempt a top-down corporate approach to contraction decisions, internal conflicts will develop, together with an erosion of trust and confidence. I personally am in favour of the traditional, democratic and participatory, bottom-up approach to university management, but in the end its effectiveness will depend on the quality and management skills of deans and heads of department and the collective sagacity of committees. Faculty, that is staff development has become a keynote in the response of universities to the challenges of the new age. "Universities," says Diner, "must have leadership that can respond to new demands. But their most valuable asset, indeed their very soul, is a competent and committed faculty (staff) that has meaningful control over their own and the institution's destiny. That is why the response must be twofold or two-tiered: the development of management capabilities in basic units within the institution (departments, faculties, schools, colleges and campuses) and the development of a centralized co-ordinating capacity for determining institutional objectives and priorities."

In the American context a survey has revealed that 80% of all academic decisions occur at departmental level, and it has been argued that the head of an academic department has increasingly become recognized as a major determinant of institutional success. There is ample reason, we are told, to believe that one of the surest methods for improving the quality of a college or university is to improve the quality of its heads of department.

I expressed reservations last year about the application or applicability of business management skills to higher education. An exponent in so-called organizational development who had written several books on the subject and been a consultant to various kinds of important organizations countrywide, became President of the University of Cincinnati. Some time after assuming he was asked by OD experts what implications Theory X — Theory Y had for him now that he was President. He said he thought it was irrelevant. Some of the concepts of OD, he added, could however be applied: trust, participation, consensus resulting from confrontation, feedback and openness.

But all that, surely, has always been part and parcel of university governance. Perhaps we should speak of leadership, not of management. University principals are leaders, not managers, and universities are not organized according to a "hierarchy of power", but rather as a "community of power", in which the principal is mediator, not governor, mediator between public authority and the academic community, and between the diverse elements and purposes within the academic community itself.

Ek volstaan. Aan sommige van ons word 'n interessante eerste jaar by Unisa toegewens; en enkele van ons 'n sinryke laaste jaar; aan een en almal van ons 'n genotvolle en vrugbare onderrig- en navorsingsjaar.